



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Regulation Gazette

No.10362

Regulasiekoerant

Vol. 596

**Pretoria, 9 February
Februarie 2015**

No. 38457

*N.B. The Government Printing Works will
not be held responsible for the quality of
"Hard Copies" or "Electronic Files"
submitted for publication purposes*



9771682584003



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

IMPORTANT NOTICE

The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.

Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.

CONTENTS • INHOUD

No.

Page
No. Gazette
No.**GOEWERMENSKENNISGEWING****Vervoer, Departement van***Goewermentskennisgewing*

R. 80 Handelskeepvaartwet (57/1951): Handelskeepvaartregulasies (Veilige Bemanning, Opleiding en Diplomerings), 2003	3	38457
---	---	-------

GOEWERMENSKENNISGEWING

DEPARTMENT OF VERVOER

No. R. 80

9 Februarie 2015

HANDELSKEEPVAARTWET, 1951 (WET NO. 57 VAN 1951)**HANDELSKEEPVAARTREGULASIES (VEILIGE BEMANNING,
OPLEIDING EN DIPLOMERING), 2013**

Ek, Dipuo Peters, Minister van Vervoer, vaardig hierby ingevolge artikel 356 van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), die Handelskeepvaartregulasies (Veilige Bemanning, Opleiding en Diplomerings), 2013, uit soos in die Bylae beoog.

Mev. Dipuo Peters, LP

MINISTER VAN VERVOER

Bylae

Indeling van regulasies**Deel 1 ALGEMEEN**

1. Woordomskrywing
2. Inleiding en klasse sertifikate
3. Geldigheid en hergeldigverklaring van sertifikate
4. Gelykwaardigheid van sertifikate
5. Registrateur en Adjunkregistrateur van Seevaarders
6. Hoofeksaminator en Senior Eksaminators
7. Gehalteversekering
8. Kwalifikasiekomitee
9. Leerplankomitee
- 9A. Instituut van Professionele Suid-Afrikaanse Mariniers

DEEL 2 ASSESSERING

10. Aansoek vir assessering
11. Verklaring en bewys van kwalifiserende diens
12. Omkopery
13. Sertifikate wat verlê, verloor of vernietig is
14. Onbevredigende gedrag
15. Assesseringsbevoegdheid
16. Moderering van skriftelike eksamenvraestelle
17. Vlak 3-assessering
18. Beheersing van Engels

DEEL 3 SERTIFISERINGVEREISTES**Afdeling 1 – Dekoffisiersertifikate**

19. Skipper (<200 BT hawebedryf)
20. Gesagvoerder (<200 BT kusvaart)
21. Gesagvoerder (<200 BT)
22. Stuurman (<500 BT kusvaart)
23. Stuurman (<500 BT)
24. Gesagvoerder (<1 600 BT hawebedryf)
25. Gesagvoerder (hawebedryf)
26. Gesagvoerder (<500 BT kusvaart)
27. Gesagvoerder (<500 BT)
28. Dekoffisier (onbeperk)
29. Hoofstuurman (<3 000 BT)
30. Gesagvoerder (<3 000 BT)
31. Hoofstuurman
32. Gesagvoerder
33. Bedryfsbeperkings op mynbedrywighe en niehandelsvaartuie
34. Gesagvoerder (spesiale graad)

Afdeling 2 Visvang – Dekoffisiersertifikate

35. Dekoffisier visvang (<24 m)
36. Dekoffisier visvang (\geq 24 m)
37. Skipper visvang (<24 m beperkte waters)
38. Skipper visvang (<24 m onbeperkte waters)
39. Skipper visvang (\geq 24 m beperkte waters)
40. Skipper visvang (\geq 24 m onbeperkte waters)

Afdeling 2A Radiokommunikasie- en Radio-operateursertifikate

- 40A. GMNVS-radio-operateurs
- 40B. Radio-operateurs

Afdeling 3 Ingenieuroffisiersertifikate

41. Hoofingenieur (<750 kW hawebedryf)
42. Hoofingenieur (< 1 500 kW hawebedryf)

43. Hoofingenieuroffisier (hawebedryf)
 44. Seemasjinis Graad 2
 45. Seemasjinis Graad 1
 46. Seemasjinis Hoër Graad
 47. Ingenieuroffisier
 48. Tweede ingenieur (<3 000 kW)
 49. Hoofingenieur (<3 000 kW)
 50. Tweede ingenieur
 51. Hoofingenieur
 52. Elektrotegniese offisier
 53. Seediensvereistes vir stoom en gekombineer (stoom en motor)-bekwaamheidsertifikate
 54. Hoofingenieuroffisier (spesiale graad)
- Afdeling 4 Visvangingenieursertifikate
55. Tweede ingenieur (visvang)
 56. Hoofingenieur (<3 000 kW visvang)
 57. Hoofingenieur (visvang)
- Afdeling 5 Seemansertifikate en bevoegdheidsertifikate
58. Gewone dekseeman
 59. Bekwame dekseeman (hawebedryf)
 60. Bekwame dekseeman (visvang)
 61. Bekwame dekseeman
 62. Gewone masjienkamerseeman
 63. Bekwame masjienkamerseeman (hawebedryf)
 64. Bekwame masjienkamerseeman
 65. Elektrotegniese seeman
 66. Utiliteitseeman (hawebedryf)
 67. Voorsee-opleiding
 68. Persoonlike oorlewingstegnieke
 69. Basiese opleiding
 70. Vaardigheid in oorlewingsvaartuie en reddingsbote
 71. Vaardigheid in vinnige reddingsbote
 72. Skeepsekuriteitsbeampte
 73. Bekwame kok
- Afdeling 6 Personeel op tenkskepe en passasierskepe
74. Spesiale vereistes vir personeel op olie- en chemiese tenkskepe
 75. Spesiale vereistes vir personeel op gastenkskepe
 76. Spesiale vereistes vir personeel op passasierskepe
- Afdeling 7 Kwalifiserende diens en Beperkings
77. Wanvoorstelling van kwalifiserende diens
 78. Bewys van kwalifiserende diens

- 79. Kwalifiserende diens as seeman
- 80. Geldigheid van kwalifiserende diens
- 81. Berekening van kwalifiserende diens
- 82. Seediens verrig op skepe wat nie gereeld uitvaar nie of in mynbedrywighede bedryf word
- 83. Bewys van diens op vreemde skepe
- 84. Verwydering van mynbedrywighedebepanking

DEEL 4 OPLEIDING

- 85. Maritieme opleidingsverskaffers
- 86. Opleidingsprogramme en -kursusse
- 87. Versnelde opleidingsprogramme
- 88. Opleidingsrekordboek
- 89. Pligte van gesagvoerders en persone wat indiensopleiding gee

DEEL 5 BEMANNINGSVEREISTES

- 90. Toepassing
- 91. Verantwoordelikhede van eienaars en gesagvoerders
- 92. Waghoutandaarde
- 93. Werkure: algemene plig van eienaars, gesagvoerders en andere
- 94. Alkohol- en dwelmmisbruik
- 95. Bepaling van minimum getal persone in diens op Suid-Afrikaanse skepe
- 96. Indiensneming van persone met vreemde sertifikate
- 97. Indiensneming van persone met vreemdesertifikate op vissersvaartuie
- 98. Erkenning van vreemde sertifikate

DEEL 6 ALGEMENE BEMANNINGSVLAKKE

- 99. Indiensneming van gediplomeerde dekkoffisiere op ander skepe as vissersvaartuie
- 100. Indiensneming van gediplomeerde dekkoffisiere op vissersvaartuie
- 101. Indiensneming van gediplomeerde ingenieuroffisiere op ander skepe as vissersvaartuie
- 102. Indiensneming van gediplomeerde ingenieuroffisiere op vissersvaartuie
- 103. Indiensneming van gediplomeerde radio-operateurs
- 104. Indiensneming van gediplomeerde seelui op ander skepe as vissersvaartuie
- 105. Indiensneming van gediplomeerde seelui op vissersvaartuie

DEEL 7 INDIENSNEMING VAN SEELUI OOREENKOMSTIG BEROEPSVEILIGHEIDS-, SEKURITEITS- EN MEDIESE VEREISTES

- 106. Indiensneming van gekwalifiseerde personeel op tenkskepe
- 107. Indiensneming van gekwalifiseerde personeel met sekuriteitsopleiding
- 108. Indiensneming van gekwalifiseerde personeel op passasierskepe
- 109. Indiensneming van gekwalifiseerde elektrotegniese offisiere en seelui
- 110. Indiensneming van gekwalifiseerde mediese personeel
- 111. Indiensneming van gekwalifiseerde brandbestrydingspersoneel

112. Indiensneming van gekwalifiseerde personeel op skepe toegerus met oorlewingsvaartuie of reddingsbote

113. Indiensneming van gekwalifiseerde personeel op skepe toegerus met 'n vinnige reddingsboot

DEEL 8 AANVULLEND

114. Vrystelling

115. Gelykwaardigheid van sertifikate en endossemente

116. Veiligebemanningsdokument

117. Hou van dokumente

118. Misdrywe, strawwe en verwere

DEEL 9 HERROEPING VAN REGULASIES EN VOORBEHOUDSBEPALINGS, OORGANGSREËLINGS, EN TITEL EN INWERKINGTREDING

119. Herroeping van regulasies

120. Oorgangsreëlins

121. Titel en inwerkingtreding

AANHANGSEL 1

WAGHOUBEGINSELS EN REËLINGS VIR ANDER SKEPE AS VISSERSVAARTUIE

Deel 1 Beplanning van seereis

1 Algemeen

2 Beplanning voor elke seereis

3 Verifiëring en vertoning van beplande roete

4 Afwyking van beplande roete

Deel 2 Waghoubeginsels in die algemeen

Deel 3 Waghouding ter see

Afdeling 1 Beginsels wat van toepassing is op waghou in die algemeen

1 Algemeen

2 Beskerming van mariene omgewing

Afdeling 2 Beginsels waarby gehou moet word by navigasiewaghouding

1 Algemeen

2 Uitkyk

3 Wagreëlins

4 Oorneem van die wag

5 Uitvoer van die navigasiewag

6 Waghou in verskillende toestande en in verskillende gebiede

Afdeling 3 Beginsels waarby gehou moet word by ingenieurswaghouding

1 Algemeen

2 Wagreëlins

3 Oorneem van die wag

4 Uitvoer van die ingenieurswag

5 Ingenieurswaghouding in verskillende toestande en in verskillende gebiede

Afdeling 4 Beginsels waarby gehou moet word by radiowaghouding

- 1 Algemeen
- 2 Wagreëlings
- 3 Uitvoer van die radiowag

Deel 4 Waghouding in die hawe

Afdeling 1 Beginsels wat van toepassing is op alle waghouding

- 1 Algemeen
- 2 Wagreëlings
- 3 Oorneem van die wag
- 4 Oorneem van die dekwag
- 5 Oorneem van die ingenieurswag
- 6 Uitvoer van die dekwag
- 7 Uitvoer van die ingenieurswag

Afdeling 2 – Waghouding in hawe op skepe wat gevaarlike vrag dra

- 1 Algemeen
- 2 Vragwaghouding

AANHANGSEL 2

WAGHOUBEGINSELS EN -REËLINGS VIR VISSERSVAARTUIE

Deel 1 Beplanning van seereis

- 1 Algemeen
- 2 Waghouding ter see

Afdeling 1 Beginsels van toepassing op waghou in die algemeen

- 1 Algemeen
- 2 Beskerming van mariene omgewing

Afdeling 2 Beginsels waarby gehou moet word by navigasiewaghouding

- 1 Algemeen
- 2 Onderweg na of van visvelde
- 3 Navigasie met loods aan boord
- 4 Vaartuie betrokke by visvang of die soek na vis
- 5 Vaartuig voor anker
- 6 Uitvoer van die navigasiewag
- 7 Waghouding in verskillende toestande en in verskillende gebiede

Afdeling 3 Beginsels waarby gehou moet word by ingenieurswaghouding

- 1 Algemeen
- 2 Wagreëlings
- 3 Oorneem van die wag
- 4 Uitvoer van die navigasiewag
- 5 Beperkte sig

6 Vaartuig voor anker

Afdeling 4

Beginsels waarby gehou moet word by radiowaghouding

Algemeen

DEEL 1 ALGEMEEN

1. Woordomskrywing

- (1) In hierdie regulasies het enige woord of uitdrukking waaraan daar in die Wet 'n betekenis geheg is, daardie betekenis en, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken –

“aandrywingskrag” die totale maksimum deurlopende aangeslane uitsetkrag in kilowatt van 'n skip se hoofaandrywingsmasjinerie wat op die skip se registrasiesertifikaat of ander amptelike dokument verskyn;

“aanwysing” 'n aanwysing van die Instituut van Professionele Suid-Afrikaanse Mariniers;

“adjunkregistrator” 'n persoon wat ingevolge regulasie 5 aangestel is;

“aflandig” seewaarts gemeet vanaf die laagwaterlyn (soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Maritieme Sones, 1994 (Wet No. 15 van 1994)), langs die kus van die Afrika-vasteland;

“assessor” 'n eksamenmoderator wat deur die Owerheid aangestel is;

“assistentingenieuroffisier” 'n persoon op wag onder toesig van 'n ingenieuroffisier;

“basiese opleiding” goedgekeurde opleiding in Persoonlike Oorlewingstegnieke, Brandbestryding en Brandvoorkoming, Elementêre Noodhulp en Persoonlike Oorlewing en Maatskaplike Verantwoordelikhede soos in die Kode vermeld;

“bedryfsvlak” die vlak van verantwoordelikheid wat geassosieer word met —

- (a) diens as offisier in bevel van 'n navigasie- of ingenieurswag of as ingenieuroffisier met aangewese diens vir masjinerieruimtes wat periodiek onbeman is of as radio-operateur op 'n skip waarop hierdie regulasies van toepassing is; en
- (b) die handhawing van regstreekse beheer oor die verrigting van alle funksies binne die aangewese gebied van verantwoordelikheid in ooreenstemming met behoorlike prosedures en onder leiding van 'n individu wat in die bestuursvlak vir daardie gebied van verantwoordelikheid dien;

“bekwaamheidsertifikaat” 'n sertifikaat wat vir gesagvoerders, offisiere en GMNVS-radio-operateurs uitgereik is ooreenkomstig die bepalings van Hoofstuk II, III, IV of VII van die Aanhangsel van die STCW-konvensie of Hoofstuk II van die STCW-F-konvensie en

hawebedryfsertifikate wat nie ingevolge 'n Konvensie uitgereik is nie, en wat die wettige houër daarvan daarop geregtig maak om te dien in die hoedanigheid en die funksies te verrig op die betrokke vlak van verantwoordelikheid wat daarin vermeld word;

“bekwame dekseeman” 'n seeman wat ooreenkomstig Deel 3, Afdeling 4, gediplomeer is, en word 'n **“bekwaamheidsertifikaat as bekwame dekseeman”** dienoooreenkomstig uitgelê;

“bekwame dekseeman (hawebedryf)” 'n seeman wat ooreenkomstig Deel 3, Afdeling 4, gediplomeer is, beperk tot slegs hawebedryf, en word 'n **“bekwaamheidsertifikaat as bekwame dekseeman (hawebedryf)”** dienoooreenkomstig uitgelê;

“bekwame masjienkamerseeman” 'n seeman wat ooreenkomstig Deel 3, Afdeling 4, gediplomeer is, en word 'n **“bekwaamheidsertifikaat as bekwame masjienkamerseeman”** dienoooreenkomstig uitgelê;

“bekwame masjienkamerseeman (hawebedryf)” 'n seeman wat ooreenkomstig Deel 3, Afdeling 4, gediplomeer is, beperk tot slegs hawebedryf, en word 'n **“bekwaamheidsertifikaat as bekwame masjienkamerseeman (hawebedryf)”** dienoooreenkomstig uitgelê;

“bekwame seeman (visvang)” 'n seeman wat ooreenkomstig Deel 3, Afdeling 4, gediplomeer is, en word 'n **“bekwaamheidsertifikaat as bekwame seeman (visvang)”** dienoooreenkomstig uitgelê;

“beperkte waters”, met betrekking tot 'n vissersvaartuig, dieselfde as **“kusvaart”**;

“beperktewaterseereis” dieselfde as **“kusvaartseereis”**;

“bestuursvlak” die vlak van verantwoordelikheid wat geassosieer word met –

- (a) diens as gesagvoerder, hoofstuurman, hoofingenieuroffisier of tweede ingenieuroffisier op 'n seeskip; en
- (b) verseker dat alle funksies binne die aangewese gebied van verantwoordelikheid behoorlik verrig word;

“BT vir 'n skip” en **“BT”** sy bruto tonnemaat bereken ooreenkomstig die Tonnemaatregulasies, 1968;

“dekoffisier” 'n skeepsoffisier wat in die dekadefdeling op 'n skip dien, en ook die gesagvoerder;

“dekoffisiersertifikaat” die diplomering wat deur Afdelings 1 en 2 van Deel 3 gedek word;

“die Kode” die Suid-Afrikaanse Maritieme Kwalifikasiekode wat deur die Owerheid gepubliseer is, soos van tyd tot tyd gewysig;

“die Regulasies” die Handelskeepvaartregulasies (Veilige Bemanning, Opleiding en Diplomering), 2013, afgekondig by Goewermentskennisgewing No ...van, 2013.

“die Wet” die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), soos gewysig;

“dinamiese posisionering” ’n stelsel waardeur ’n selfaangedrewe vaartuig se posisie en rigting outomaties beheer word deur sy eie aandrywingseenheid te gebruik;

“Disiplinêre Kode” die disiplinêre kode van die Instituut van Professionele Suid-Afrikaanse Mariniers;

“dokumentêre bewys” dokumentasie, uitgesonderd ’n bekwaamheidsertifikaat of bevoegdheidsertifikaat, wat gebruik word om vas te stel dat die betrokke vereistes van die STCW-konvensie of die STCW-F-konvensie nagekom is;

“eienaar”, met betrekking tot ’n skip, ook enige persoon soos die bestuurder, operateur of die oorgangshuurder, wat verantwoordelikheid vir die bedryf van die skip by die eienaar oorgeneem het;

“eksaminator” ’n persoon wat ingevolge artikel 77(4) van die Wet as ’n eksaminator aangestel is;

“elektrotegniese offisier” ’n persoon wat ingevolge Afdeling 3 van Deel 3 gekwalifiseer is met spesifieke bevoegdhede in die elektroniese en elektriese vaardighede wat vereis word vir diens as ’n skeepsoffisier in die masjienkamerafdeling op ’n skip;

“elektrotegniese seeman” ’n persoon wat ingevolge Afdeling 4 van Deel 3 gekwalifiseer is vir diens as ’n skeepseeman in die masjienkamerafdeling op ’n skip;

“endossement” ’n dokument wat aan ’n bevoegdheidsertifikaat geheg word en wat die bepalinge van die sertifikaat verander;

“Etiese Kode” die etiese kode vir geregistreerde professionele mariniers van die Instituut vir Professionele Suid-Afrikaanse Mariniers;

“gasdraer” ’n skip wat gebou of aangepas is en gebruik word vir die grootmaatvervoer van enige vervloeiende gas of ander produk wat in Hoofstuk 19 van die IGC-kode genoem word;

“geakkrediteer” deur die Owerheid geakkrediteer;

“geakkrediteerde instelling” ’n opleidingsinstelling wat ingevolge regulasie 85 geakkrediteer is;

“gediplomeer” behoorlik gediplomeer ingevolge die Wet of geag word aldus ingevolge die Wet gediplomeer te wees;

“geldig”, met betrekking tot ’n sertifikaat of ander dokument, ’n sertifikaat of dokument wat lopend is en wat nie opgeskort of gekanselleer is nie;

“gelykwaardige diplomering” dieselfde as in regulasie 4(1);

“gepaste sertifikaat” ’n sertifikaat wat ooreenkomstig hierdie regulasies uitgereik en geëndosseer is en die wettige houder daarop geregtig maak om te dien in die hoedanigheid en die funksies te verrig wat betrokke is op die vermeldde vlak van verantwoordelikheid op ’n skip van die betrokke tipe, tonnemaat, aandrywing en aandryfmethode terwyl dit met die bepaalde seereis besig is;

- “**gesagvoerder**” en “**skipper**” dieselfde as wat in artikel 2(1) van die Wet beskryf word;
- “**gewone dekseeman**” ’n seeman wat deel van ’n navigasiewag uitmaak;
- “**gewone masjienkamerseeman**” ’n seeman wat deel van ’n ingenieurswag uitmaak;
- “**GMNVS**” die globale maritieme nood- en veiligheidstelsel;
- “**GMNVS-radio-operateur**” ’n persoon wat gekwalifiseer is ooreenkomstig die bepalings van Hoofstuk IV van die STCW-konvensie;
- “**goedgekeur**” deur die Owerheid goedgekeur;
- “**goedgekeurde ambag**” ’n ingenieursambag wat ’n formele werkwinkelopleidingselement insluit wat sal lei tot vrystelling van modules wat deur die Kode vereis word;
- “**goedgekeurde opleiding**”, vir diplomering van ’n bepaalde soort, opleidingsprogramme en/of kursusse wat vir daardie soort diplomering goedgekeur is;
- “**goedgekeurde opleidingsrekordboek**”, vir diplomering van ’n bepaalde soort, ’n opleidingsrekordboek wat vir daardie soort diplomering goedgekeur is;
- “**goedgekeurde versnelde opleidingsprogram**”, vir diplomering van ’n bepaalde soort, ’n versnelde opleidingsprogram wat vir daardie soort diplomering goedgekeur is;
- “**handelskip**” enige seeskip wat op gereelde seereise bedryf word, uitgesonderd –
- (a) oorlogskepe, vlootbystandsvaartuie;
 - (b) vissersvaartuie;
 - (c) skepe wat slegs vir sport of ontspanning gebruik word; en
 - (d) seilskepe van tradisionele bou;
- “**hawebedryf**” seereise wat tot ’n hawebedryfgebied beperk is, en word “**hawebedryfdiens**” dienoooreenkomstig uitgelê;
- “**hawebedryfgebied**” die seegebied binne ’n radius van 15 seemyl, gemeet –
- (a) in die geval van die hawe van Saldanhaabaai, vanaf die middelpunt van ’n denkbeeldige lyn wat die Noordkopligh en die Suidkopligh verbind; en
 - (b) in die geval van enige ander hawe in die Republiek, vanaf die buitenste breekwaterlig;
- “**hawebedryfvaartuig**” ’n hawesleepboot, baggerboot, losserbaggerboot, loodsboot, werkboot, bunkerboot, veerboot, voorraadboot, selfaangedrewe drywende hyskraan of enige ander tipe skip wat tot ’n hawebedryfgebied beperk is;
- “**herroepe regulasies**” die regulasies wat by regulasie 119 herroep word;
- “**hoofeksaminator**” ’n persoon wat ingevolge regulasie 6 aangestel is;

“**hoofingenieuroffisier**” die senior ingenieuroffisier verantwoordelik vir die meganiese aandrywing en die bedryf en instandhouding van die meganiese en elektriese installasies van ’n skip;

“**hoofstuurman**” die dekkoffisier volgende in rang na die gesagvoerder en op wie die bevel van die skip sal val in die geval van die onvermoë van die gesagvoerder;

“**IBC-kode**” die jongste uitgawe van die International Code for the Construction and Equipment of Ships Carrying Dangerous Chemicals in Bulk, uitgegee deur die Internasionale Maritieme Organisasie, soos van tyd tot tyd gewysig;

“**IGC-kode**” die jongste uitgawe van die International Code for the Construction and Equipment of Ships Carrying Liquefied Gases in Bulk, uitgegee deur die Internasionale Maritieme Organisasie, soos van tyd tot tyd gewysig;

“**in die Kode vermeld**” vermeld in die Suid-Afrikaanse Maritieme Kwalifikasiekode wat deur die Owerheid gepubliseer is, soos van tyd tot tyd gewysig;

“**ingenieuroffisier**” ’n skeepsoffisier wat in die masjienkamerafdeling op ’n skip dien;

“**ingenieuroffisiersertifikaat**” die diplomering wat deur Afdelings 3 en 4 van Deel 3 gedek word;

“**ingenieurseeman**” ’n seeman wat gediplomeer is as ’n seeman wat deel uitmaak van ’n ingenieurswag of ’n bekwame masjienkamerseeman ooreenkomstig Deel 3, Afdeling 4;

“**Instituut van Professionele Suid-Afrikaanse Mariniers**” die SAQA-geregistreerde liggaam vir die verlening van professionele status aan Suid-Afrikaanse seevaarders;

“**kandidaat**” ’n persoon wat diplomering ingevolge hierdie regulasies verlang;

“**klein vaartuig**” ’n vaartuig waarop die Handelskeepvaartregulasies (Nasionale Kleinvaartuigveiligheid), 2007, soos gewysig, van toepassing is;

“**kusvaart**” ’n seereis deur ’n skip van minder as 500 BT, eksklusief binne waters onder Suid-Afrikaanse jurisdiksie of binne aangrensende waters onder die jurisdiksie van ’n ander Administrasie met wie daar ’n kusvaartperkooreenkoms aangegaan is;

“**kusvaartperkooreenkoms**” ’n skriftelike ooreenkoms aangegaan tussen die Owerheid en ’n Administrasie van ’n ander party waarin die besonderhede van betrokke handeldryfgebiede en ander tersaaklike voorwaardes daarvan gespesifiseer word;

“**kuswaters**” waters onder Suid-Afrikaanse jurisdiksie of binne aangrensende waters onder die jurisdiksie van ’n ander Administrasie met wie daar ’n kusvaartperkooreenkoms aangegaan is;

“**kwalifikasiesertifikaat**” ’n sertifikaat, uitgesonderd ’n bekwaamheidsertifikaat wat aan ’n seeman uitgereik is, wat verklaar dat daar aan die betrokke vereistes van opleiding, bekwaamhede of seediens voldoen is; en word “**bevoegdheidsertifikaat**” geag dieselfde betekenis as kwalifikasiesertifikaat te hê;

“kwalifiserende diens”, vir diplomering van ’n bepaalde soort, die seediens of hawebedryfdiens, na gelang van die geval, wat vir diplomering van daardie soort vereis word;

“lengte” dieselfde as in regulasie 2 van die Tonnemaatregulasies, 1968; in die geval van ’n vissersvaartuig het **“lengte”** betrekking op die lengte soos op die skip se registrasiesertifikaat getoon;

“mynbedrywighede” die ontginning deur ’n skip voor anker of in Dinamiese Posisie (DP)-modus, hetsy deur mynbou, boorwerk of andersins, van die mineraalhulpbronne van die seabodem of ondergrond daarvan;

“niehandelsvaartuie” vaartuie wat bedryf word op seereise waartydens geen vragbedrywighede plaasvind nie;

“offisier” ’n skeepsoffisier;

“offisier in bevel van ’n ingenieurswag” ook ’n ingenieuroffisier met aangewese diens vir ’n masjienkamer wat periodiek onbeman word;

“olietenkskip” ’n skip wat gebou is en gebruik word vir die vervoer van petroleum of petroleumprodukte in groot maat;

“onbeperkte seereis” ’n seereis uitgesonderd een wat in die omskrywings van kusvaart en hawebedryf beoog word;

“onbeperkte waters”, wanneer dit met betrekking tot sertifikate vir vissermanne gebruik word, water buite beperkte waters;

“oortree”, met betrekking tot ’n bepaling van hierdie regulasies, ook versuim of weier om aan daardie bepaling te voldoen;

“opknappingsopleiding” ’n goedgekeurde verkorte opleidingskursus wat vereis word vir die hergeldigverklaring van bekwaamheidsertifikaat of bevoegdheidsertifikaat;

“opleiding aan boord” opleiding wat –

- (a) hoofsaaklik aan boord van ’n vaartuig gedurende kwalifiserende diens gedoen word; en
- (b) in ’n goedgekeurde opleidingsrekordboek uiteengesit en geassesseer word;

“opleidingskip” ’n skip wat deur die Administrasie goedgekeur is vir die doel van die akkommodering en verskaffing van goedgekeurde opleiding aan boord van meer as 12 kadette;

“opry-en-afry-passasierskip” ’n passasierskip met opry-en-afry-vragruimtes of spesiale kategorie ruimtes soos omskryf in die Internasionale Konvensie vir die Veiligheid van Lewe ter See, 1974 (SOLAS), soos gewysig;

“Organisasie” die Internasionale Maritieme Organisasie;

“Owerheid” dieselfde as in die Wet;

“party”, met betrekking tot die STCW- of die STCW-F-konvensie, ’n Staat of Administrasie wat ’n lid van die Organisasie en ’n ondertekenaar van die Konvensie is;

“passasierskip” ’n skip wat meer as 12 passasiers vervoer;

“pleisiervaartuig” ’n vaartuig wat net vir sport of ontspanning gebruik word;

“radio-operateur” ’n persoon wat ’n geskikte sertifikaat het wat deur die Owerheid uitgereik is of erken word ooreenkomstig die bepalings van die Radioregulasies;

“radiopligte”, ook, soos gepas, waghouding en tegniese instandhouding en herstelwerk gedoen in ooreenstemming met die Radioregulasies, die Internasionale Konvensie vir die Veiligheid van Lewe ter See, 1974 (SOLAS), soos gewysig, en volgens die diskresie van die Owerheid, die betrokke aanbevelings van die Organisasie;

“Radioregulasies” die radioregulasies van die Internasionale Telekommunikasie-uniekonvensie wat van krag is;

“Registrateur” ’n persoon wat ingevolge regulasie 5 aangestel is;

“seediens” diens op seeskepe;

“seeman” ’n ander seevaarder as ’n gesagvoerder of ’n offisier;

“seeskip” ’n ander skip as een wat uitsluitlik op binnelandse waters of in ’n hawebedryfgebied vaar;

“senior eksaminator” ’n persoon wat ingevolge regulasie 6 aangestel is;

“sertifikaat” ’n bekwaamheidsertifikaat of bevoegdheidsertifikaat en ook ’n endossement;

“skipper (kusvaarder) ≥ 9 m” ’n bevoegdheidsertifikaat wat die houer in staat stel om ’n klein vaartuig van 9 m of meer te bedryf op seereise van hoogstens 40 seemyl van die kus, wat uitgereik is ooreenkomstig die Handelskeepvaartregulasies (Nasionale Kleinvaartuigveiligheid), 2007, soos gewysig;

“skipper (kusvaart) ≥ 9 m” ’n bevoegdheidsertifikaat wat die houer in staat stel om ’n klein vaartuig van 9 m of meer te bedryf op verlengde seereise, wat uitgereik is ooreenkomstig die Handelskeepvaartregulasies (Nasionale Kleinvaartuigveiligheid), 2007, soos gewysig;

“skip waarop die STCW-konvensie van toepassing is” enige seeskip, uitgesonderd –

- (a) oorlogskepe, vlootbystandsvaartuie of ander vaartuie wat deur die Suid-Afrikaanse Vloot besit word;
- (b) vissersvaartuie;
- (c) skepe wat slegs vir sport of ontspanning gebruik word; en

(d) houtskepe van primitiewe konstruksie;

“skip waarop die Veiligheidskonvensie van toepassing is” enige seeskip, uitgesonderd –

- (a) oorlogskepe, skepe wat deur die Suid-Afrikaanse Vloot besit word of vlootbystandsvaartuie;
- (b) skepe, wat nie passasierskepe is nie, van minder as 500 BT;
- (c) skepe wat nie op meganiese wyse aangedryf word nie;
- (d) houtskepe van primitiewe konstruksie;
- (e) skepe wat slegs vir sport of ontspanning gebruik word; en
- (f) vissersvaartuie;

“STCW-konvensie” die Internasionale Konvensie oor Standaarde van Opleiding, Diplomerings en Waghouding vir Seelui, 1978, soos gewysig;

“STCW-F-konvensie” die Internasionale Konvensie oor Standaarde van Opleiding, Diplomerings en Waghouding vir Vissersvaartuigpersoneel, 1995, soos gewysig;

“steunvlak” die vlak van verantwoordelikheid wat geassosieer word met die verrigting van toegewese take, pligte of verantwoordelikhede op ’n handelskip onder leiding van ’n individu wat op die bedryfs- of bestuursvlak dien;

“stuurman”

“Suid-Afrikaanse skip” ’n skip wat deur die Wet op Skeepsregistrasie, 1998, voorgeskryf word en ook ’n ongeregistreerde skip met Suid-Afrikaanse nasionaliteit;

“tenkskip” –

- (a) **“olietenkskip”** ’n skip wat gebou is of gebruik word vir die vervoer in groot maat van petroleum en petroleumprodukte;
- (b) **“chemiese tenkskip”** ’n skip wat gebou of aangepas is en gebruik word vir die vervoer in groot maat van enige vloeistofproduk genoem in Hoofstuk 17 van die International Bulk Chemical Code; en
- (c) **“vervloeidegastenkskip”** ’n skip wat gebou of aangepas is en gebruik word vir die vervoer van enige vloeistofproduk genoem in Hoofstuk 19 van die International Gas Carrier Code;

“tweede ingenieuroffisier” die ingenieuroffisier volgende in rang na die hoofingenieuroffisier en op wie verantwoordelikheid vir die meganiese aandrywing en die bedryf en instandhouding van die meganiese en elektriese installasies van die skip sal val in die geval van die onvermoë van die hoofingenieuroffisier;

"utiliteitseeman (hawebedryf)" 'n seeman (hawebedryf) wat as 'n utiliteitseeman (hawebedryf) gediplomeer is ooreenkomstig Deel 3, Afdeling 4; en word **"utiliteitseeman (hawebedryf)-sertifikaat"** dienooreenkomstig uitgelê;

"veiligebemanningsdokument" 'n dokument wat die minimum bemanning beskryf wat nodig geag word om te verseker dat 'n skip voldoende en doeltreffend beman is en wat uitgereik is –

- (a) in die geval van 'n Suid-Afrikaanse skip, deur die Owerheid; en
- (b) in die geval van enige ander skip, deur of onder gesag van die Vlagstaat;

"versnelde opleiding" 'n goedgekeurde program van intensiewe opleiding wat bedoel is om die tydperk van kwalifiserende diens te verkort;

"vertrouwmakingsopleiding" opleiding aan boord om die seeman vertrouwd te maak met sy/haar pligte en verantwoordelikhede met betrekking tot veiligheid, sekuriteit en die voorkoming van besoedeling;

"vinnige reddingsboot" 'n onbuigsame of halfbuigsame opblaasbare boot wat vir reddingswerk gebruik word en in kalm water ten minste vier uur lank met 'n bemanning van ten minste drie persone teen 'n snelheid van 20 knope kan beweeg en teen ten minste 8 knope met die voltallige persone aan boord toegelaat;

"vissersvaartuig" 'n vaartuig wat geheel en al of hoofsaaklik gebruik word vir die vang of uithaal van vis of ander lewende hulpbronne van die see of seabodem vir finansiële gewin of beloning;

"voorlopige sertifikaat as gewone seeman" 'n bevoegdheidsertifikaat as gewone seeman, deur die gesagvoerder uitgereik;

"voorsee-opleiding" eenmalige verpligte goedgekeurde opleiding vir alle seelui voor hulle eerste aanstelling op 'n vaartuig waarop hierdie regulasies van toepassing is;

"vreemde skip" enige skip wat nie 'n Suid-Afrikaanse skip is nie;

"waghou-offisier" 'n skeepsoffisier wie se pligte insluit –

- (a) indien hy in die dekadefdeling dien, om bevel van 'n navigasiewag op die skip te neem; en
- (b) indien hy in die ingenieursafdeling dien, om bevel van 'n ingenieurswag op die skip te neem;

"waghoupersoneel" almal wat deel van 'n navigasie- of ingenieurswag op 'n skip uitmaak;

"waters onder Suid-Afrikaanse gesag" waters bestaande uit –

- (a) die binne- en territoriale waters van die Republiek; en
- (b) die eksklusiewe ekonomiese sone van die Republiek.

- (2) 'n Verwysing in hierdie regulasies na 'n bepaalde vlak van assessering word gelees as 'n verwysing na assessering op daardie vlak in ooreenstemming met regulasie 15.
- (3) Alle seelui moet basiese opleiding voltooi het voordat veiligheids- of besoedelingvoorkomingspligte aan hulle opgedra word of voordat enige bekwaamheidsertifikaat of bevoegdheidsertifikaat aan hulle uitgereik word.
- (4) Alle seelui moet veiligheidsvertrouwmakingsopleiding voltooi het voordat pligte aan boord van 'n skip aan hulle opgedra word.

2. Inleiding en klasse sertifikate

- (1) Hierdie regulasies skryf die voorwaardes voor waaraan voldoen moet word en die standarde van bevoegdheid wat vereis word vir die uitreiking van die sertifikate wat in subregulasies (2) tot (7) gespesifiseer word.
- (2) Behoudens subregulasie (7) is die bekwaamheidsertifikaat, met hulle beperkings, endossemente en relatiewe vlakke van verantwoordelikheid (indien wel) wat op dekkoffisiere van toepassing is, soos volg:
 - (a) Gesagvoerder (spesiale graad);
 - (b) Gesagvoerder –
 - (i) gesagvoerder van 'n skip van enige tonnemaat op onbeperkte seereise (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/2 – Geen beperking];
 - (ii) hoofstuurman van 'n skip van enige tonnemaat op onbeperkte seereise (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/2 – Geen beperking];
 - (iii) offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip van enige tonnemaat op onbeperkte seereise (bedryfsvlak) [STCW-regulasie II/1 – Geen beperking].
 - (c) Hoofstuurman –
 - (i) hoofstuurman van 'n skip van enige tonnemaat op onbeperkte seereise (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/2 – Geen beperking];
 - (ii) offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip van enige tonnemaat op onbeperkte seereise (bedryfsvlak) [STCW-regulasie II/1 – Geen beperking];
 - (iii) geëndosseerde gesagvoerder van 'n skip van minder as 500 BT op onbeperkte seereise (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/3 – Geen beperking];
 - (iv) geëndosseerde gesagvoerder van 'n skip van minder as 3 000 BT op onbeperkte seereise (bestuursvlak).
 - (d) Gesagvoerder (< 3 000 BT) –

- (i) gesagvoerder van 'n skip van minder as 3 000 BT op onbeperkte seereise (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/2 – Geen beperking];
 - (ii) hoofstuurman van 'n skip van –
 - (aa) enige tonnemaat as die kandidaat 'n bekwaamheidsertifikaat hou as hoofstuurman (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/2 – Geen beperking]; of
 - (bb) minder as 3 000 BT op onbeperkte seereise as die kandidaat 'n bekwaamheidsertifikaat hou as dekkoffisier of hoofstuurman (< 3 000 BT) (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/2 – Tonnemaatbeperking];
 - (iii) offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip van enige tonnemaat op onbeperkte seereise (bedryfsvlak) [STCW-regulasie II/2 – Geen beperking].
- (e) Hoofstuurman (< 3 000 BT) –
- (i) hoofstuurman van 'n skip van minder as 3 000 BT (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/2 – Tonnemaatbeperking];
 - (ii) offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip van enige tonnemaat op onbeperkte seereise (bedryfsvlak) [STCW-regulasie II/1 – Geen beperking];
 - (ii) geëndosseerde gesagvoerder van 'n skip van minder as 500 BT op onbeperkte seereise (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/3 – Tonnemaatbeperking].
- (f) Dekkoffisier –
- (i) offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip van enige tonnemaat op onbeperkte seereise (bedryfsvlak) [STCW-regulasie II/1 – Geen beperking];
 - (ii) geëndosseerde hoofstuurman van 'n skip van minder as 3 000 BT op onbeperkte seereise (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/2 – Tonnemaatbeperking];
 - (iii) geëndosseerde gesagvoerder van 'n skip van minder as 200 BT op kusvaart / onbeperkte seereise (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/3 – Tonnemaatbeperking];
 - (iv) geëndosseerde gesagvoerder van 'n skip van minder as 500 BT op kusvaart / onbeperkte seereise (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/3 – Tonnemaatbeperking];

- (v) geëndosseerde gesagvoerder van 'n skip van minder as 3 000 BT op onbeperkte seereise (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/2 – Tonnemaatbeperking].
- (g) Gesagvoerder (< 500 BT) –
 - (i) gesagvoerder van 'n skip van minder as 500 BT op onbeperkte seereise (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/3 – Geen beperking];
 - (ii) geëndosseerde offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip van enige tonnemaat op onbeperkte seereise (bedryfsvlak) [STCW-regulasie II/1 – Geen beperking];
 - (iii) gesagvoerder van 'n skip van enige tonnemaat wat in 'n hawebedryfgebied bedryf word.
- (h) Stuurman (< 500 BT) –
 - (i) offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip van minder as 500 BT op onbeperkte seereise (bedryfsvlak) [STCW-regulasie II/3 – Geen beperking];
 - (ii) geëndosseerde gesagvoerder van 'n skip van minder as 200 BT op onbeperkte seereise (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/3 – Geen beperking].
- (i) Gesagvoerder (< 200 BT) –
 - (i) gesagvoerder van 'n skip van minder as 200 BT op onbeperkte seereise (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/3 – Geen beperking];
 - (ii) offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip van minder as 500 BT op onbeperkte seereise (bedryfsvlak) [STCW-regulasie II/3 – Geen beperking].
- (j) Gesagvoerder (< 500 BT kusvaart)—
 - (i) gesagvoerder van 'n skip van minder as 500 BT op kusvaart (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/3 – Geen beperking];
 - (ii) geëndosseerde offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip van enige tonnemaat op onbeperkte seereise (bedryfsvlak) [STCW-regulasie II/1 – Geen beperking].
- (k) Stuurman (< 500 BT kusvaart) –
 - (i) offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip van minder as 500 BT op kusvaart (bedryfsvlak) [STCW-regulasie I/3 – Geen beperking]
 - (ii) geëndosseerde gesagvoerder van 'n skip van minder as 200 BT op kusvaart / onbeperkte seereise (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/3 – Tonnemaatbeperking].

- (l) Gesagvoerder (< 200 BT kusvaart) –
 - (i) gesagvoerder van 'n skip van minder as 200 BT op kusvaart (bestuursvlak) [STCW-regulasie II/3 – Tonnemaatbeperking];
 - (ii) geëndosseerde offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip van minder as 500 BT op kusvaart (bedryfsvlak) [STCW-regulasie II/3 – Geen beperking].
- (m) Gesagvoerder (\geq 1 600 BT hawebedryf) –
 - (i) gesagvoerder van 'n skip van enige tonnemaat wat in 'n hawebedryfgebied bedryf word.
- (n) Gesagvoerder (< 1 600 BT hawebedryf) –
 - (i) gesagvoerder van 'n skip van minder as 1 600 BT wat in 'n hawebedryfgebied bedryf word;
 - (ii) offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip van enige tonnemaat wat in 'n hawebedryfgebied bedryf word.
- (o) Skipper (< 200 BT hawebedryf) –
 - (i) gesagvoerder van 'n skip van minder as 200 BT wat in 'n hawebedryfgebied bedryf word;
 - (ii) offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip van minder as 1 600 BT wat in 'n hawebedryfgebied bedryf word.
- (3) Behoudens subregulasie (7) is die bekwaamheidsertifikaat, met hulle beperkings, endossemente en relatiewe vlakke van verantwoordelikheid (indien wel) wat op dekkoffisiere van toepassing is, soos volg:
 - (a) Skipper visvang \geq 24 m (onbeperk)—
 - (i) gesagvoerder van enige skip wat by visvang betrokke is op onbeperkte waters [STCW-F-regulasie II/1 – Geen beperking];
 - (ii) offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip wat by visvang betrokke is op onbeperkte seereise [STCW-F-regulasie II/2 – Geen beperking].
 - (b) Skipper visvang < 24 m (onbeperk) –
 - (i) gesagvoerder van enige skip van minder as 24 m wat by visvang betrokke is op onbeperkte waters [STCW-F-regulasie II/1 – Geen beperking];
 - (ii) offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip van minder as 24 m wat by visvang betrokke is op onbeperkte seereise [STCW-F-regulasie II/2 – Geen beperking];

- (iii) geëndosseerde gesagvoerder van 'n skip van 24 m of meer wat by visvang betrokke is op beperkte seereise [STCW-F-regulasie II/3 – Beperkte waters].
 - (c) Skipper visvang ≥ 24 m (beperk)—
 - (i) gesagvoerder van enige skip wat by visvang betrokke is op beperkte waters [STCW-F-regulasie II/3 – Geen beperking];
 - (ii) offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip wat by visvang betrokke is op onbeperkte seereise [STCW-F-regulasie II/2 – Geen beperking];
 - (iii) geëndosseerde gesagvoerder van 'n skip van minder as 24 m wat by visvang betrokke is op onbeperkte waters [STCW-F-regulasie II/1 – Lengtebeperking].
 - (d) Skipper visvang < 24 m (beperk)—
 - (i) gesagvoerder van 'n skip van minder as 24 m wat by visvang betrokke is op beperkte waters [STCW-F-regulasie II/1 – Lengtebeperking];
 - (ii) offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip van minder as 24 m wat by visvang betrokke is op onbeperkte waters [STCW-F-regulasie II/2 – Lengtebeperking].
 - (e) Dekoffisier visvang (< 24 m) –
 - (i) offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip van minder as 24 m wat by visvang betrokke is op onbeperkte waters [STCW-F-regulasie II/2 – Lengtebeperking].
 - (f) Dekoffisier visvang (≥ 24 m) –
 - (i) offisier in bevel van 'n navigasiewag op 'n skip wat by visvang betrokke is op onbeperkte waters [STCW-F-regulasie II/2 – Geen beperking].
- (3A) Radiokommunikasie- en Radio-operateurs
- (a) GMNVS-radio-operateurs [STCW-regulasie IV/2]
 - (i) GMNVS eerste klas radio-elektronikasertifikaat;
 - (ii) GMNVS tweede klas radio-elektronikasertifikaat;
 - (iii) GMNVS algemene operateursertifikaat.
 - (b) Radio-operateurs
 - (i) Langafstandsertifikate;
 - (ii) Kortafstandsertifikate.

- (4) Behoudens subregulasie (7) is die bekwaamheidsertifikate, met hulle beperkings, endossemente en relatiewe vlakke van verantwoordelikheid (indien wel) wat op ingenieuroffisiere van toepassing is, soos volg:
- (a) Hoofingenieuroffisier (spesiale graad)
 - (b) Hoofingenieuroffisier –
 - (i) hoofingenieuroffisier van 'n skip met onbeperkte aandrywingskrag (bestuursvlak) [STCW-regulasie III/2 – Geen beperking];
 - (ii) tweede ingenieuroffisier van 'n skip met onbeperkte kilowatt aandrywingskrag (bestuursvlak) [STCW-regulasie III/2 – Geen beperking];(iii) offisier in bevel van 'n ingenieurswag op 'n skip met onbeperkte kilowatt aandrywingskrag (bedryfsvlak) [STCW-regulasie III/1 – Geen beperking].
 - (c) Tweede ingenieuroffisier (onbeperk) –
 - (i) tweede ingenieuroffisier van 'n skip met onbeperkte kilowatt aandrywingskrag (bestuursvlak) [STCW-regulasie III/2 – Geen beperking];(ii) offisier in beheer van 'n ingenieurswag op 'n skip met onbeperkte kilowatt aandrywingskrag (bedryfsvlak) [STCW-regulasie III/1 – Geen beperking];
 - (iii) geëndosseerde hoofingenieuroffisier van 'n skip met minder as 3 000 kW aandrywingskrag (bestuursvlak) [STCW-regulasie III/3 – Kragbeperking].
 - (d) Hoofingenieuroffisier (< 3 000 kW) –
 - (i) hoofingenieur van 'n skip met minder as 3 000 kW aandrywingskrag (bestuursvlak) [STCW-regulasie III/3 – Kragbeperking];
 - (ii) tweede ingenieur van 'n skip:
 - (aa) met onbeperkte kilowatt aandrywingskrag as die kandidaat 'n bekwaamheidsertifikaat het as tweede ingenieuroffisier van 'n vaartuig met onbeperkte kilowatt aandrywingskrag (bestuursvlak) [STCW-regulasie III/3 – Geen beperking];
 - (bb) met minder as 3 000 kW aandrywingskrag as die kandidaat 'n bekwaamheidsertifikaat het as tweede ingenieuroffisier (bestuursvlak) [STCW-regulasie III/3 – Kragbeperking];
 - (iii) ingenieuroffisier in bevel van 'n ingenieurswag op 'n skip met onbeperkte kilowatt aandrywingskrag (bedryfsvlak) [STCW-regulasie III/1 – Geen beperking].
 - (e) Tweede ingenieuroffisier (< 3 000 kW) –

- (i) tweede ingenieuroffisier van 'n skip met minder as 3 000 kW aandrywingskrag (bestuursvlak) [STCW-regulasie III/3 – Kragbeperking];
 - (ii) offisier in bevel van 'n ingenieurswag op 'n skip met onbeperkte kilowatt aandrywingskrag (bedryfsvlak) [STCW-regulasie III/1 – Geen beperking];
 - (iii) geëndosseeerde hoofingenieuroffisier van 'n skip met minder as 750 kW aandrywingskrag (bestuursvlak) [STCW-regulasie III/3 – Kragbeperking].
- (f) Ingenieuroffisier –
- (i) ingenieuroffisier in bevel van 'n ingenieurswag op 'n skip met onbeperkte aandrywingskrag (bedryfsvlak) [STCW-regulasie III/1 – Geen beperking];
 - (ii) geëndosseeerde tweede ingenieuroffisier van 'n skip met minder as 3 000 kW aandrywingskrag (bestuursvlak) [STCW-regulasie III/3 – Kragbeperking];
 - (iii) geëndosseeerde hoofingenieuroffisier van 'n skip met minder as 3 000 kW aandrywingskrag (bestuursvlak) [STCW-regulasie III/3 – Kragbeperking];
 - (iv) geëndosseeerde hoofingenieuroffisier van 'n skip met minder as 750 kW aandrywingskrag (bestuursvlak) [STCW-regulasie III/3 – Kragbeperking];
 - (v) hoofingenieur van 'n skip met minder as 1 500 kW aandrywingskrag in hawebedryfdiens;
 - (vi) geëndosseeerde hoofingenieuroffisier van 'n skip met onbeperkte kilowatt aandrywingskrag in 'n hawebedryfgebied.
- (g) Elektrotegniese offisier –
- (i) offisier in beheer van elektroniese toerusting aan boord van 'n skip van 1 000 volt of meer (bestuursvlak) [STCW-regulasie III/6 – Geen beperking].
- (h) Seemasjinis Graad 2 –
- (i) hoofingenieur van 'n vaartuig met minder as 350 kW aandrywingskrag (bestuursvlak) [STCW-regulasie III/3 – Kragbeperking];
 - (ii) offisier in bevel van 'n ingenieurswag op 'n vaartuig met minder as 1000 kW aandrywingskrag (bedryfsvlak) [STCW-regulasie III/3 – Kragbeperking].
- (i) Seemasjinis Graad 1 –

- (i) hoofingenieur van 'n vaartuig met minder as 1 000 kW aandrywingskrag op kusvaart of beperktewaterseereise (bestuursvlak) [STCW-regulasie III/3 – Kragbeperking en STCW-regulasie II/5 – Kragbeperking];
- (ii) offisier in bevel van 'n ingenieurswag op enige vaartuig met minder as 2 000 kW aandrywingskrag op kusvaart of beperktewaterseereise (bedryfsvlak) [STCW-regulasie III/3 – Kragbeperking en STCW-F-regulasie II/5 – Kragbeperking];
- (iii) hoofingenieur van 'n hawebedryfsvaartuig met minder as 750 kW aandrywingskrag;
- (iv) offisier in bevel van 'n ingenieurswag op 'n vaartuig met minder as 750 kW aandrywingskrag maar minder as 500 BT (bedryfsvlak) [STCW-regulasie III/3 – Kragbeperking];
- (j) Seemasjinis Hoër Graad –
 - (i) hoofingenieur van 'n vaartuig met minder as 2 000 kW aandrywingskrag (bestuursvlak) [STCW-regulasie III/3 – Kragbeperking];
 - (ii) hoofingenieuroffisier van 'n skip met enige kilowatt aandrywingskrag wat in 'n hawebedryfgebied bedryf word;
 - (iii) offisier in bevel van 'n ingenieurswag op enige vaartuig met minder as 3 000 kW aandrywingskrag op kusvaart of beperktewaterseereise (bedryfsvlak) [STCW-regulasie III/3 – Kragbeperking en STCW-F-regulasie II/5 – Kragbeperking];
 - (iv) hoofingenieur van 'n kusvaartvaartuig met minder as 1 500 kW aandrywingskrag en minder as 500 BT;
 - (v) hoofingenieur op onbeperkte vaartuie met minder as 750 kW aandrywingskrag en minder as 500 BT.
- (k) Hoofingenieuroffisier (hawebedryf) –
 - (i) hoofingenieur van 'n skip met enige kilowatt aandrywingskrag wat in 'n hawebedryfgebied bedryf word.
- (l) Hoofingenieuroffisier < 1 500 kW (hawebedryf) –
 - (i) hoofingenieuroffisier van 'n skip met minder as 1 500 kW aandrywingskrag wat in 'n hawebedryfgebied bedryf word;
 - (ii) ingenieur in bevel van 'n ingenieurswag op 'n skip met enige kilowatt aandrywingskrag wat in 'n hawebedryfgebied bedryf word;
- (m) Ingenieuroffisier (< 750 kW hawebedryf) –

- (i) hoofingenieuroffisier van 'n skip met minder as 750 kW aandrywingskrag; en
 - (ii) tweede ingenieuroffisier van 'n skip met minder as 1 500 kW aandrywingskrag.
- (5) Behoudens subregulasie (7) is die bekwaamheidsertifikate, met hulle beperkings, endossemente en relatiewe vlakke van verantwoordelikheid (indien wel) wat op ingenieuroffisiere op vissersvaartuie van toepassing is, soos volg:
- (a) Tweede ingenieuroffisier (visvang) –
 - (i) offisier in bevel van 'n ingenieurswag op vissersvaartuie met onbeperkte aandrywingskrag (bedryfsvlak) [STCW-regulasie III/5 – Geen beperking];
 - (ii) tweede ingenieur van 'n vissersvaartuig met minder as 3 000 kW aandrywingskrag (bestuursvlak) [STCW-regulasie III/5 – Geen beperking].
 - (b) Hoofingenieuroffisier (< 3 000 kW visvang) –
 - (i) hoofingenieur van 'n vissersvaartuig met minder as 3 000 kW aandrywingskrag (bestuursvlak) [STCW-F-regulasie II/5 – Kragbeperking];
 - (ii) tweede ingenieur van 'n vissersvaartuig met onbeperkte kilowatt aandrywingskrag (bestuursvlak) [STCW-F-regulasie III/5 – Geen beperking];
 - (iii) offisier in bevel van 'n ingenieurswag op 'n vissersvaartuig met onbeperkte kilowatt aandrywingskrag (bedryfsvlak) [STCW-F-regulasie II/5 – Geen beperking].
 - (c) Hoofingenieuroffisier (visvang) –
 - (i) hoofingenieur van 'n vissersvaartuig met enige kilowatt aandrywingskrag (bestuursvlak) [STCW-F-regulasie II/5 – Kragbeperking];
 - (ii) tweede ingenieur van 'n vissersvaartuig met onbeperkte kilowatt aandrywingskrag (bestuursvlak) [STCW-F-regulasie III/5 – Geen beperking];
 - (iii) offisier in bevel van 'n ingenieurswag op 'n vissersvaartuig met onbeperkte kilowatt aandrywingskrag (bedryfsvlak) [STCW-F-regulasie II/5 – Geen beperking].
 - (iv) geëndosseerde ingenieuroffisier van die wag op 'n skip met onbeperkte kilowatt aandrywingskrag (bedryfsvlak) [STCW-regulasie III/1 – Geen beperking].

- (6) Behoudens subregulasie (7) is die kwalifikasiesertifikate, met hulle relatiewe vlakke van verantwoordelikheid (indien wel) wat op seelui van toepassing is, soos volg:
- (a) gewone dekseeman (steunvlak) [STCW-regulasie II/4];
 - (b) bekwame dekseeman (steunvlak) [STCW-regulasie II/5];
 - (c) bekwame seeman (visvang) (steunvlak) [STCW-konferensie-resolusie 4];
 - (d) gewone masjienkamerseeman (steunvlak) [STCW-regulasie III/4];
 - (e) bekwame masjienkamerseeman (steunvlak) [STCW-regulasie III/5];
 - (f) elektrotegniese seeman (steunvlak) [STCW-regulasie III/7];
 - (g) bekwame dekseeman (hawebedryf);
 - (h) bekwame masjienkamerseeman (hawebedryf);
 - (i) utiliteitseeman (hawebedryf);
 - (j) bekwame kok.
- (7) Die ander bevoegdheidsertifikate wat uitgereik kan word, is:
- (a) Basiese opleiding ooreenkomstig die betrokke konvensie [STCW-regulasie VI/1 en STCW-F-regulasie III/1/1].
 - (b) Bevoegdheid in oorlewingsvaartuie en reddingsbote [STCW-regulasie VI/2 (STCW-kode Seksie A-VI/2-1)].
 - (c) Bevoegdheid in persoonlike oorwingstegnieke [STCW-regulasie VI/1 (STCW-kode Seksie A-VI/1-1)].
 - (d) Bevoegdheid in persoonlike oorlewing en maatskaplike verantwoordelikhede [STCW-regulasie VI/1 (STCW-kode Seksie A-VI/1-4)].
 - (e) Bevoegdheid in brandbestryding en brandvoorkoming [STCW-regulasie VI/1 (STCW-kode Seksie A-VI/1-2)].
 - (f) Bevoegdheid in gevorderde brandbestryding [STCW-regulasie VI/3 (STCW-kode Seksie A-VI/3)].
 - (g) Bevoegdheid in mediese noodhulp [STCW-regulasie VI/4 (STCW-kode Seksie A-VI/4-1)].
 - (h) Bevoegdheid in mediese sorg [STCW-regulasie VI/4 (STCW-kode Seksie A-VI/4-2)].
 - (i) Bevoegdheid in vinnige reddingsbote [STCW-regulasie VI/2 (STCW-kode Seksie A-VI/2-2)].

- (j) Bevoegdheid in basiese opleiding vir olie- en chemiese tenkskepe [STCW-regulasie V/1-1 (STCW-kode Seksie A-V/1-1-1)].
 - (k) Bevoegdheid in basiese opleiding vir vervloeidegastenskepe [STCW-regulasie V/1-1 (STCW-kode Seksie A-V/1-1-2)].
 - (l) Bevoegdheid in gevorderde opleiding vir olietenskepe [STCW-regulasie V/1-1 (STCW-kode Seksie A-V/1-1-3)].
 - (m) Bevoegdheid in gevorderde opleiding vir chemiese tenkskepe [STCW-regulasie V/1-2 (STCW-kode Seksie A-V/1-2-1)].
 - (n) Bevoegdheid in gevorderde opleiding vir vervloeidegastenskepe [STCW-regulasie V/1-2 (STCW-kode Seksie A-V/1-2-2)].
 - (o) Opleiding in aangewese sekuriteitspligte [STCW-regulasie VI/6 (STCW-kode Seksie A-VI/6-2)].
 - (p) Skeepsekuriteitsoffisier [STCW-regulasie VI/5].
 - (q) Sekuriteitsbewustheid [STCW-regulasie VI/6 (STCW-kode Seksie A-VI/6-1)].
 - (r) Skarebestuursopleiding [STCW-regulasie V/2].
 - (s) Veiligheidsopleiding vir passasierskepe [STCW-regulasie V/2].
 - (t) Opleiding in krisisbeheer en menslike gedrag [STCW-regulasie V/2 (STCW-kode Seksie A-V/2)].
 - (u) Opleiding in passasiersveiligheid, vragveiligheid en rompintegriteit [STCW-regulasie V/2].
- (8) Die rangorde van seereisbeperkings, vir diplomering in subregulasies (2), (3), (4) en (5), is sodanig dat die houer van:
- (a) 'n sertifikaat wat onbeperk is wat seereise betref, in die gesertifiseerde hoedanigheid kan dien op skepe op onbeperkte seereise of seereise met enige beperking;
 - (b) 'n sertifikaat wat beperk is tot kusvaartseereise, in die gesertifiseerde hoedanigheid kan dien op skepe op kusvaartseereise en in hawebedryf maar nie op onbeperkte seereise nie;
 - (c) 'n sertifikaat wat tot hawebedryf beperk is, in die gesertifiseerde hoedanigheid kan dien net op skepe wat in hawebedryf bedryf word;
 - (d) 'n sertifikaat wat tot mynbedrywighede of niehandelsvaartuigbedrywighede beperk is, in die gesertifiseerde hoedanigheid kan dien net op skepe wat in daardie bedrywighede bedryf word.

- (9) Die sertifikate in subregulasies (2), (3), (3A), (4), (5), (6) en (7) genoem, moet uitgereik en geëndosseer word in ooreenstemming met die STCW-konvensie of die STCW-F-konvensie, soos van toepassing, behalwe:
- (a) alle bekwaamheidsertifikate (spesiale graad);
 - (b) alle hawebedryfdiplomering;
 - (c) die bevoegdheidsertifikaat as bekwame kok;
 - (d) diplomering van lang- en kortafstandradio-operateurs.
- (10) Die volgende sertifikate is professionele benamings wat aan lede van die Instituut van Professionele Suid-Afrikaanse Mariniers toegeken word:
- (a) Gesagvoerder (Spesiale Graad), Gesagvoerder, Hoofstuurman en Dekoffisier.
 - (b) Hoofingenieur (Spesiale Graad), Hoofingenieur, Tweede Ingenieur, Ingenieuroffisier.
 - (c) Enige ander sertifikaat of kwalifikasie wat die Instituut gepas ag.
- (11) Lede van die Instituut van Professionele Suid-Afrikaanse Mariniers (IPSAM) moet hulle hou by die Etiese Kode en is onderhewig aan die Dissiplinêre Kode, wat albei in die Kode gepubliseer is.

3 Geldigheid en hergeldigverklaring van sertifikate

- (1) 'n Bekwaamheidsertifikaat en bevoegdheidsertifikaat wat ingevolge hierdie regulasies uitgereik is, en enige gelykwaardige sertifikaat, is nie vir seediens of hawebedryf geldig nie tensy dit met tussenpose van hoogstens vyf jaar weer geldig verklaar word om voortgesette professionele bekwaamheid in ooreenstemming met subregulasie (3) te verseker.
- (2) Voortgesette professionele bekwaamheid word verseker deur –
- (a) gedurende die voorafgaande vyf jaar ten minste 12 maande seediens of hawebedryfdiens, soos gepas vir die diplomering wat gehou word, te voltooi;
 - (b) gedurende die voorafgaande ses maande drie maande goedgekeurde seediens te voltooi in die rang wat in die sertifikaat vermeld word;
 - (c) funksies te verrig wat die Owerheid beskou as gelykwaardig aan die diens in subregulasie (1) bedoel; of
 - (d) waar kandidate nie die gepaste seediens vir hulle bekwaamheidsertifikaat voltooi het nie, die volgende te voltooi:
 - (aa) in 'n botallige hoedanigheid, ten minste drie maande seediens of hawebedryfdiens, soos gepas vir die sertifikaat wat gehou word; of

- (bb) nadat hulle vir 'n tydperk van ten minste drie maande in 'n rang laer as die bewaamheidsertifikaat gedien het, moet aan sulke kandidate 'n tussentydse sertifikaat uitgereik word om hulle in staat te stel om dit te doen;

en 'n assessering op vlak 3 om te voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word; en

- (e) deur toepaslike goedgekeurde (opknappings)opleiding te voltooi en te voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.
- (3) Die bevoegdheidsertifikate in regulasie 2(7)(a) tot (h) genoem, moet weer geldig verklaar word deur 'n goedgekeurde opknappingsopleidingskursus te voltooi en te voldoen aan die standaard wat in die Kode vermeld word. Die bevoegdheidsertifikate in regulasie 2(6) en 2(7)(i) tot (u) bedoel, kan weer geldig verklaar word deur voortgesette professionele bekwaamheid te verseker deur gedurende die voorafgaande vyf jaar ten minste 12 maande seediens te voltooi terwyl die gepaste bekwaamhede verrig word wat in die Kode vermeld word.
- (4) Aansoek vir hergeldigverklaring moet gedoen word in die vorm en op die wyse, insluitende die inligting, en vergesel gaan van die dokumente, wat die Owerheid bepaal.
- (5) Die Owerheid moet, as hy oortuig is dat die aansoeker aan die vereistes van subregulasie (2) of (3) voldoen, 'n endossement aan die aansoeker uitreik om die geldigheid van sy of haar sertifikaat te verleng.
- (6) Aansoek vir hergeldigverklaring van sertifikate kan gedoen word binne 'n tydperk van ses maande voor die vyfde jaardag van die sertifikaat, wat weer geldig verklaar moet word vir 'n verdere tydperk van vyf jaar vanaf die datum van aanvanklike verstryking.
- (7) Dekoffisiere wat aansoek doen om hulle bekwaamheidsertifikate weer geldig te laat verklaar, gelykwaardig aan sertifikate in Deel 3, Afdeling 1, moet –
- (a) in die voorafgaande vyf jaar 'n goedgekeurde kursus wat elektroniese kaartvertoning en inligtingstelsels (ECDIS) dek, bygewoon het; of
- (b) in die voorafgaande vyf jaar vir 'n tydperk van 12 maande gedien het op vaartuie wat met ECDIS toegerus is;

en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

4 Gelykwaardigheid van Sertifikate

- (1) Geldige sertifikate wat voor die inwerkingtreding van hierdie regulasies uitgereik is, moet geag word gelykwaardig te wees aan sertifikate in regulasie 115 vermeld.
- (2) Die sertifikate in subregulasie (1) bedoel, moet vir die ooreenstemmende nuwe sertifikate verruil word binne die tyd en op die wyse wat die Owerheid bepaal.

5 Registrateur en Adjunkregistrateur van Seevaarders

- (1) Die Owerheid moet lede van sy personeel aanwys om die Registrateur en Adjunkregistrateur van Seevaarders te wees.
- (2) Benewens funksies wat by enige ander wet opgedra word, is die funksies van die Registrateur –
 - (a) om in ooreenstemming met die Wet bekwaamheidsertifikate en kwalifikasiesertifikate uit te reik;
 - (b) om in ooreenstemming met die Wet endossemente op sertifikate uit te reik;
 - (c) om 'n elektroniese register by te hou van alle bekwaamheidsertifikate en bevoegdheidsertifikate wat ingevolge die Wet uitgereik is of erken word, en van alle aangeleenthede wat daarmee in verband staan;
 - (d) om inligting oor die status van bekwaamheidsertifikate en bevoegdheidsertifikate, insluitende die aangeleenthede wat daarmee in verband staan, beskikbaar te stel aan ander bevoegde owerhede of skeepsmaatskappye wat verifiëring verlang van die egtheid of geldigheid van sertifikate wat aan hulle getoon is;
 - (e) om die hoofeksaminator by te staan met sy pligte met betrekking tot regulasie 6; en
 - (f) om die funksies bykomend by dié in paragrawe (a) tot (d) bedoel, te verrig.
- (3) Die Registrateur moet sy of haar funksies verrig in ooreenstemming met enige toepaslike gehalteversekeringstelsel wat ingevolge regulasie 7 ingestel is.

6 Hoofeksaminator en Senior Eksaminators

- (1) Die Owerheid moet 'n senior eksaminator (dek), 'n senior eksaminator (masjienkamer), 'n senior eksaminator (dek visvang), 'n senior eksaminator (masjienkamer visvang), 'n senior eksaminator (klein vaartuie), 'n senior eksaminator (radio) en 'n hoofeksaminator skriftelik vanuit die eksaminators aanstel.
- (2) Benewens die funksies wat in hierdie regulasies vermeld word, het 'n hoofeksaminator en 'n senior eksaminator die ander funksies wat in sy of haar dokument van aanwysing vermeld word.
- (3) Die hoofeksaminator en die senior eksaminators se pligte is:
 - (a) om beleide oor assessering, evaluering en eksamens te ontwikkel;
 - (b) om die gehalteversekeringstelsel vir die sake rakende toepaslike eksamens en standaarde te ontwikkel en in stand te hou;
 - (c) om eksamensentrums aan te wys;
 - (d) om op hoogte te bly van die ontwikkelings by die Organisasie;

- (e) om inligting rakende hierdie regulasies soos deur die STCW-konvensie en die STCW-F-konvensie vereis, aan die Organisasie te verstrek;
- (f) om te verseker dat standaarde van akkreditasie en die ouditering van opleidingsinstellings gehandhaaf word; en
- (g) om partye by die konvensies te ouditeer met die doel om vreemde sertifikate en kwalifikasies te erken.

7 Gehalteversekering

Die Owerheid moet 'n gehalteversekeringstelsel instel en in stand hou wat ten minste die werkprosedures van die eksaminators en die Registrateur dek.

8 Kwalifikasiekomitee

- (1) Die Owerheid moet 'n kwalifikasiekomitee instel om hom te adviseer oor die implementering en vertolking van die betrokke Konvensies, hierdie regulasies en die betrokke bepalings van die Kode.
- (2) Alle senior eksaminators, die Registrateur en die hoofeksaminator moet lede van die kwalifikasiekomitee wees, en die hoofeksaminator moet voorsitter van die komitee wees.

9 Leerplankomitee

- (1) Die Owerheid moet 'n leerplankomitee instel waarvan die funksies is om die leerplanne te vertolk wat in die Kode uiteengesit is en om hierdie regulasies en die Kode deurlopend te hersien.
- (2) Die leerplankomitee moet bestaan uit:
 - (a) die voorsitter, wat die hoofeksaminator moet wees;
 - (b) die ander senior eksaminators;
 - (c) die Registrateur; en
 - (d) ander lede, wat deur die Owerheid genooi word en wat persone moet wees met gepaste kennis en ervaring van sake rakende die opvoeding en opleiding van seevaarders.

9A Instituut van Professionele Suid-Afrikaanse Mariniers

- (1) Die Owerheid moet 'n Instituut van Professionele Suid-Afrikaanse Mariniers (IPSAM) instel om die funksies wat in die Kode vermeld word, uit te voer.
- (2) Die Owerheid moet strukture vorm wat nodig is om te verseker dat die funksies van die Instituut van Professionele Suid-Afrikaanse Mariniers doeltreffend en doelmatig uitgevoer word.

DEEL 2 ASSESSERING

10 Aansoek vir assessering

- (1) Elke aansoek vir die assessering en uitreiking van 'n sertifikaat of endossement moet in die voorgeskrewe formaat wees.
- (2) Waar bewys van identiteit verlang word, kan sodanige bewys in die vorm van 'n geldige Suid-Afrikaanse identiteitsdokument of paspoort wees of, in die geval van 'n vreemde burger of inwoner, 'n geldige paspoort.
- (3) Aan 'n kandidaat wat suksesvol aansoek gedoen het vir die uitreiking van 'n sertifikaat en/of endossement waarin hy of sy nie op vlak 3 geassesseer hoef te word nie, kan 'n tussentydse sertifikaat uitgereik word. 'n Tussentydse sertifikaat moet in die voorgeskrewe formaat wees.
- (4) 'n Aansoek waarvoor 'n assessering op vlak 3 vereis word, moet gedoen word ten minste 14 dae voor die eksamendatum wat deur die Owerheid gepubliseer is. Spesiale reëlins vir 'n eksamen kan getref word met die bevoegde beampte van 'n hawe waar die eksamen moet plaasvind.
- (5) In die geval van twyfel oor die geskiktheid of toereikendheid van 'n kandidaat se kwalifiserende diens kan die kandidaat sy of haar geval, vergesel van die betrokke sertifikate, ontslagsertifikate, getuigskrif, opleidingsrekords, waghousertifikate en die ander dokumente wat vereis word, voorlê vir bepaling deur die betrokke senior eksaminator.
- (6) Aansoeke vir sertifikate en endossemente deur kandidate oorsee kan ingedien word en moet volledige besonderhede van die geval insluit, vergesel van gewaarmerkte afskrifte van die betrokke dokument. Oorspronklike dokumente moet nie sulke aansoeke vergesel nie.

11 Verklaring en bewys van kwalifiserende diens

- (1) Ontslagsertifikate of 'n behoorlik ingevulde Seemansrekordboek moet aanvaar word as afdoende bewys van die diens wat daarin aangeteken is.
- (2) Elke kandidaat moet 'n verklaring aflê van kwalifiserende diens in regulasie 78 bedoel, en moet enige tydperk van onderbreking in sodanige diens skriftelik en tot tevredenheid van die betrokke eksaminator verduidelik.
- (3) 'n Kandidaat vir 'n dekkoffisiersertifikaat, waar diens in bevel van 'n wag vereis word, moet –
 - (a) sertifikate van waghoudiens voorlê wat geteken is deur die onderskeie gesagvoerders van die skepe waarop hy of sy gedien het, met vermelding dat hy of sy vir ten minste agt uur uit elke 24 uur diens wat aldus geëis word, as waghou-offisier opgetree het;

- (b) 'n Kandidaat vir 'n eerste dekkoffisersertifikaat moet getuigskrifte voorlê wat onderteken is deur die onderskeie gesagvoerders van die skepe waarop hy of sy gedien het.
- (4) 'n Kandidaat vir 'n ingenieuroffisersertifikaat, waar diens in bevel van 'n wag en werkwinkelopleiding vereis word, moet –
 - (a) vir werkwinkelopleiding:
 - (i) 'n Ambagsman in 'n goedgekeurde ambag kan bewys voorlê van die modules wat gedurende opleiding voltooi is. Na goeddunke van die senior ingenieurseksaminator kan krediete gegee word vir modules wat soortgelyk is aan dié wat in die geakkrediteerde werkwinkelopleidingskursus vereis word; of
 - (ii) bewys voorlê van voltooiing van die goedgekeurde werkwinkelopleidingskursus aan 'n geakkrediteerde opleidingsinstelling;
 - (b) vir diens in bevel van 'n wag, waghousertifikate voorlê as bewys van kwalifiserende diens. Dit moet deur óf die hoofingenieuroffisier óf die gesagvoerder van die betrokke skip onderteken wees en moet die volgende vermeld:
 - (i) die kandidaat se werklike rang op wag;
 - (ii) die getal ingenieuroffisiere gelyktydig op wag;
 - (iii) die tipe aandrywingsmasjinerie en die aandrywingskrag (in kilowatt) van die skip;
 - (iii) die aard van pligte verrig; en
 - (iv) waar diens in bevel van 'n wag vereis word, dat die kandidaat as 'n waghou-offisier opgetree het vir ten minste –
 - (aa) agt uur uit elke 24 uur diens wat geëis word op skepe met 'n deurlopend bemande masjienkamer; en
 - (bb) 24 uur uit elke 72 uur diens wat geëis word op skepe met 'n periodiek bemande masjienkamer.

12 Omkopery

'n Kandidaat wat skuldig bevind is aan omkopery soos in artikel 314 van die Wet omskryf of aan wie 'n straf vir sodanige omkopery ingevolge artikel 324 van die Wet opgelê is, word van die verkryging van enige diplomering ingevolge hierdie regulasies gediskwalifiseer vir 'n tydperk wat verstryk 12 maande na die datum van die skuldigbevinding of oplegging van die straf, na gelang van die geval.

13 Sertifikate wat verlê, verloor of vernietig is

Die Registrateur kan op aansoek van die houer vervangingsertifikate uitreik in ooreenstemming met artikel 82 van die Wet.

14 Onbevredigende gedrag

- (1) Indien 'n kandidaat se gedrag tydens kwalifiserende diens onbevredigend was –
 - (a) kan die Owerheid die aansoek vir diplomering weier; en
 - (b) kan die eksaminator vereis dat die kandidaat 'n verdere tydperk van kwalifiserende diens van hoogstens 24 maande dien voordat daar weer vir die betrokke diplomering aansoek gedoen word.
- (2) Vir doeleindes van hierdie regulasies beteken “**onbevredigende gedrag**” –
 - (a) ondertekening van 'n bemanningsooreenkoms en versuim om sonder 'n redelike verskoning by die betrokke skip aan te sluit;
 - (b) afwesigheid sonder verlof, of dros, van 'n skip.

15 Assessering van bevoegdheid

- (1) Kandidate wat moet voldoen aan 'n toepaslike standaard van bevoegdheid wat in die Kode gespesifiseer word, moet geassesseer word om aan daardie standaard te voldoen op een of meer van die volgende vlakke (van hoogste tot laagste genoem), na gelang van die geval:
 - (a) Vlak 1: kandidate wat opleiding aan boord moet voltooi, moet op hierdie vlak geassesseer word in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek.
 - (b) Vlak 2: kandidate wat goedgekeurde opleiding moet voltooi, moet op hierdie vlak geassesseer word by die geakkrediteerde maritieme opleidingsverskaffer wat die opleiding verskaf.
 - (c) Vlak 3: kandidate vir 'n bekwaamheidsertifikaat, enige endossement op 'n bevoegdheidsertifikaat (behalwe ingevolge Afdeling 5 van Deel 3) of die verwydering van enige beperking op 'n bekwaamheidsertifikaat, moet op hierdie vlak geassesseer word deur middel van mondelinge eksamen om 'n kandidaat se bekwaamheid te assesser in die praktiese aspekte van 'n seevaarder se pligte en verantwoordelikhede.
- (2) 'n Kandidaat voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word wanneer –
 - (a) vir 'n bekwaamheidsertifikaat as 'n offisier, die kandidaat geassesseer is en bekwaam bevind is op vlakke 1, 2 en 3;
 - (b) vir 'n kwalifikasiesertifikaat, die kandidaat geassesseer is en bekwaam bevind is op vlakke 1 en 2;

- (c) vir 'n kwalifikasiesertifikaat as 'n gewone seeman, die kandidaat geassesseer is en bekwaam bevind is op vlak 1.
- (3) 'n Kandidaat wat op vlak 3 geassesseer moet word, moet op laer vlakke bekwaam bevind wees.

16 Moderering van Skriftelike Eksamenvraestelle

- (1) Hierdie regulasie is van toepassing op skriftelike eksamens wat deel uitmaak van assessering op vlak 2 vir bekwaamheidsertifikate wat deur hierdie regulasies gedek word.
- (2) Die Owerheid moet een of meer eksaminators skriftelik aanwys om enigeen of meer van die volgende te doen:
 - (a) eksamenvraestelle, -memoranda en -skrifte modereer, met dien verstande dat eksamenvraestelle en -memoranda ten minste 30 dae voor die eksamendatum voorgelê moet word;
 - (b) eksamenskrifte hernasien indien dit deur die betrokke maritieme opleidingsverskaffer versoek word; en
 - (c) met instrukteurs en assessors oorleg pleeg oor tekortkominge of ander probleme wat in eksamenmemoranda, -skrifte en/of -vraestelle gekry word.
- (3) Vir 'n kursus wat die leerplan in die Kode vir kaartwerk, navigasie, vlootargitektuur en noodprosedures dek, is die minimum totale punt vir 'n kandidaat vir 'n sertifikaat in dekbekwaamheid 60 persent. Vir ander kandidate, en kursusse wat ander leerplanne dek, is die minimum totale punt 50 persent.
- (4) In die geval van twyfel oor 'n kandidaat se totale punt vir 'n kursus wat die leerplan in die Kode vir kaartwerk, navigasie, vlootargitektuur, noodprosedures of ingenieurskennis dek, is die besluit van die betrokke senior eksaminator finaal.

17 Vlak 3-assessering

- (1) Alle sertifikate wat ingevolge Deel 3, Afdelings 1, 2, 3 en 4, van hierdie regulasies uitgereik word, moet op vlak 3 geassesseer word.
- (2) Die assessering moet deur 'n eksaminator in teenwoordigheid van 'n assessor gedoen word in ooreenstemming met die riglyne wat die Owerheid bepaal.
- (3) 'n Kandidaat wat as bekwaam geassesseer is en voldoen aan alle vereistes vir die uitreiking van die betrokke sertifikaat, moet deur die eksaminator voorsien word van 'n tussentydse sertifikaat soos hieronder voorgeskryf:
 - (a) geldig vir ses maande na die datum van uitreiking;
 - (b) dien gedurende daardie tydperk as tussentydse diplomering met vermelding van funksies, vlakke en toepaslike beperkings (hangende die uitreiking van gepaste voltydse diplomering deur die Registrateur);

- (c) moet aan die Owerheid terugbesorg word wanneer die voltydse diplomering aan die houer uitgereik word; en
 - (d) moet in die vorm wees wat die Owerheid voorskryf.
- (4) Indien 'n kandidaat as nog nie bekwaam nie geassesseer word, moet die eksaminator 'n skriftelike kennisgewing wat deur die eksaminator onderteken is, aan die kandidaat uitreik met vermelding van –
- (a) die besonderhede van die assessering;
 - (b) die voorwaardes (as daar is) wat die eksaminator stel;
 - (c) die vereiste om die kennisgewing te toon wanneer daar weer vir assessering op vlak 3 aansoek gedoen word; en
 - (d) moet in die vorm wees wat die Owerheid voorskryf.
- (5) Indien 'n kandidaat as nog nie bekwaam nie geassesseer word as gevolg van 'n beduidende gebrek in die kandidaat se praktiese kennis, kan die eksaminator vereis dat die kandidaat 'n verdere tydperk van gepaste kwalifiserende diens van hoogstens ses maande dien voordat daar weer vir die betrokke diplomering aansoek gedoen word.
- (6) Indien 'n kandidaat sonder redelike verskoning versuim om op die gestelde tyd en plek vir die assessering te verskyn, moet die eksaminator die kandidaat by verstek as nog nie bekwaam nie assesseeer.

18 Beheersing van Engels

- (1) Vir diplomering as gesagvoerder of skeepsoffisier moet 'n kandidaat 'n beheersing van Engels hê wat gepas is vir die doeltreffende verrigting van roetine- en noodpligte en verantwoordelikhede wat met die betrokke sertifikaat verband hou.
- (2) 'n Eksaminator kan vereis dat 'n kandidaat beheersing ooreenkomstig subregulasie (1) toon.
- (3) 'n Vereiste ingevolge subregulasie (2) moet ag slaan op:
 - (a) die verpligting van die Owerheid ingevolge die STCW-konvensie en die STCW-F-konvensie; en
 - (b) enige verbandhoudende besluite wat deur die Organisasie geneem is.

DEEL 3 SERTIFISERINGSVEREISTES

Afdeling 1 – Dekoffisiersertifikate

19 Skipper (< 200 BT hawebedryf)

Vir die bekwaamheidsertifikaat as skipper (<200 BT hawebedryf) moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate wat hulle toetreding op hierdie vlak maak

- (1) ten minste 18 jaar oud wees; en
- (2) ten minste 12 maande seediens in die dekaafdeling hê op enige van die volgende skepe van 25 BT of meer:
 - (a) seeskepe;
 - (b) vissersvaartuie;
 - (c) hawebedryfsvaartuie; of
 - (d) vlootskepe van 14 m of langer; en
- (3) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghoudpligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekkoffisier; en
- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met Kusvaartskipper ≥ 9 m of Skipper Kusvaarder ≥ 9 m

- (1) ten minste 18 jaar oud wees; en
- (2) ten minste nege maande seediens in die dekaafdeling hê op enige van die volgende skepe van 25 BT of meer:
 - (a) seeskepe;
 - (b) vissersvaartuie;
 - (c) hawebedryfsvaartuie; of
 - (d) vlootskepe van 14 m of langer; en
- (3) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghoudpligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekkoffisier; en
- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

20 Gesagvoerder (< 200 BT kusvaart)

Vir die bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (<200 BT kusvaart) moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate wat hulle toetrede op hierdie vlak maak

- (1) ten minste 20 jaar oud wees; en
- (2) ten minste 24 maande seediens in die dekadefdeling hê op enige van die volgende tipes skepe van 25 BT of meer en/of 14 m of langer –
 - (a) handelskepe;
 - (b) vissersvaartuie; of
 - (c) vlootskepe van 14 m of langer;
- (3) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghouppligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekoffisier; en
- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as skipper (hawebedryf) –

- (1) terwyl as 'n minimum die bekwaamheidsertifikaat as skipper (hawebedryf) gehou is, ten minste 12 maande seediens voltooi het in die dekadefdeling op enige van die volgende tipes skepe van 25 BT of meer en/of 14 m of langer:
 - (a) handelskepe;
 - (b) vissersvaartuie; of
 - (c) vlootskepe van 14 m of langer;
- (2) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghouppligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekoffisier; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as skipper (kusvaart) \geq 9 m of Skipper (kusvaarder) \geq 9 m

- (1) terwyl as 'n minimum die bekwaamheidsertifikaat as skipper (kusvaart) \geq 9 m of skipper (kusvaarder) \geq 9 m gehou is, ten minste 18 maande seediens voltooi het in die dekadefdeling op enige van die volgende tipes skepe van 25 BT of meer en/of 14 m of langer:
 - (a) handelskepe;
 - (b) vissersvaartuie; of
 - (c) vlootskepe van 14 m of langer; en
- (2) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghouppligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekoffisier; en

- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF D: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as skipper (visvang) (< 24 m beperkte waters) of hoër

- (1) terwyl as 'n minimum die bekwaamheidsertifikaat as skipper (visvang) (< 24 m beperkte waters) gehou is, ten minste ses maande seediens voltooi het in die dekadefdeling op enige van die volgende tipes skepe van 25 BT of meer en/of 14 m of langer:
 - (a) handelskepe;
 - (b) vissersvaartuie; of
 - (c) vlootskepe van 14 m of langer; en
- (2) gedurende die vereiste seediens ten minste drie maande lank brugwaghoulpligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekkoffisier; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF E: Kandidate met 'n vlootbrugwaghousertifikaat

- (1) terwyl as 'n minimum die vlootbrugwaghousertifikaat gehou is, ten minste ses maande seediens voltooi het in die dekadefdeling op enige van die volgende tipes skepe van 25 BT of meer en/of 14 m of langer:
 - (a) handelskepe;
 - (b) vissersvaartuie; of
 - (c) vlootskepe van 14 m of langer; en
- (2) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghoulpligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekkoffisier; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

21 Gesagvoerder (< 200 BT)

Vir die bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (<200 BT) moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate wat hulle toetreding op hierdie vlak maak

- (1) ten minste 20 jaar oud wees;
- (2) ten minste 24 maande seediens in die dekadefdeling hê op enige van die volgende tipes skepe van 25 BT of meer en/of 14 m of langer wat op onbeperkte seereise bedryf word:

- (a) handelskepe;
 - (b) vissersvaartuie; of
 - (c) vlootskepe van 14 m of langer; en
- (3) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghouppligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekoffisier; en
- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (< 200 BT kusvaart)

- (1) ten minste ses maande seediens in die dekafdeling hê op enige van die volgende tipes skepe van 25 BT of meer en/of 14 m of langer wat op onbeperkte seereise bedryf word:
- (a) handelskepe;
 - (b) vissersvaartuie; of
 - (c) vlootskepe van 14 m of langer; en
- (2) gedurende die vereiste seediens brugwaghouppligte verrig het; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as skipper (kusvaarder \geq 9 m) of skipper (hawebedryf < 200 BT)

- (1) ten minste ses maande seediens in die dekafdeling hê op enige van die volgende tipes skepe van 25 BT of meer en/of 14 m of langer wat op onbeperkte seereise bedryf word:
- (a) handelskepe;
 - (b) vissersvaartuie; of
 - (c) vlootskepe van 14 m of langer; en
- (2) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghouppligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekoffisier; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF D: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as skipper (visvang) (< 24 m onbeperkte waters)

- (1) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF E: Kandidate met 'n vlootbrugwaghousertifikaat

- (1) ses maande brugwaghoudiens verrig het terwyl hulle 'n vlootbrugwaghousertifikaat het op vlootvaartuie van ≥ 14 lank op onbeperkte seereise;
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

22 Stuurman (< 500 BT kusvaart)

Vir die bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (<500 BT kusvaart) moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate wat hulle toetrede op hierdie vlak maak sonder versnelde opleiding

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste 36 maande seediens in die dekafdeling hê op handelskepe van 100 BT of meer op enige seereise;
- (3) gedurende die vereiste seediens opleiding aan boord voltooi het wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is;
- (4) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghouppligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekoffisier; en
- (5) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate wat hulle toetrede op hierdie vlak maak na versnelde opleiding

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste 12 maande seediens in die dekafdeling hê op handelskepe van 100 BT of meer op enige seereise;
- (3) gedurende die vereiste seediens opleiding aan boord voltooi het wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is;
- (4) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghouppligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekoffisier; en
- (5) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met as 'n minimum 'n bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (<200 BT kusvaart) en kandidate met as 'n minimum 'n bekwaamheidsertifikaat as skipper (visvang) (<24 m beperkte waters)

- (1) ten minste 12 maande seediens in die dekadefdeling hê op handelskepe van 100 BT of meer op enige seereise;
- (2) gedurende die vereiste seediens brugwaghoupligte verrig het; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF D: Kandidate met as 'n minimum 'n bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (<200 BT) of skipper (visvang) (<24 m onbeperkte waters)

- (1) ten minste ses maande seediens in die dekadefdeling hê op handelskepe van 100 BT of meer op enige seereise;
- (2) gedurende die vereiste seediens brugwaghoupligte verrig het; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF E: Kandidate met 'n vlootbrugwaghousertifikaat

- (1) ten minste ses maande seediens in die dekadefdeling hê op handelskepe van 100 BT of meer op enige seereise;
- (2) 'n goedgekeurde aanboordopleidingsrekordboek voltooi het;
- (3) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghoupligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekoffisier; en
- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

23 Stuurman (< 500 BT)

Vir die bekwaamheidsertifikaat as stuurman (<500 BT) moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate wat hulle toetrede op hierdie vlak maak sonder versnelde opleiding

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste 36 maande seediens in die dekadefdeling hê op handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte seereise;
- (3) gedurende die vereiste seediens opleiding aan boord voltooi het wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is;
- (4) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghoupligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekoffisier; en
- (5) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate wat hulle toetrede op hierdie vlak maak na versnelde opleiding

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste 12 maande seediens in die dekadefdeling hê op handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte seereise;
- (3) gedurende die vereiste seediens opleiding aan boord voltooi het wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is;
- (4) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghouppligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekoffisier; en
- (5) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as skipper (visvang) (< 24 m of ≥ 24 m beperkte waters)

- (1) ten minste 12 maande seediens in die dekadefdeling hê op handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte seereise;
- (2) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghouppligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekoffisier; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF D: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (<200 BT kusvaart), gesagvoerder (<200 BT), stuurman (<500 BT kusvaart) of skipper (visvang) (<24 m of ≥24 m onbeperkte waters)

- (1) ten minste ses maande seediens in die dekadefdeling hê op handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte seereise;
- (2) gedurende die vereiste seediens opleiding aan boord voltooi het wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is;
- (3) gedurende die vereiste seediens brugwaghouppligte verrig het; en
- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF E: Kandidate met 'n vlootbrugwaghousertifikaat

- (1) ten minste ses maande seediens in die dekadefdeling hê op handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte seereise;
- (2) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghouppligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekoffisier en 'n goedgekeurde aanboordopleidingsrekordboek voltooi het; en

- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

24 Gesagvoerder (< 1 600 BT hawebedryf)

Vir die bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (hawebedryf) moet 'n kandidaat –

- (1) ten minste 20 jaar oud wees;
- (2) ten minste 12 maande hawebedryfdiens voltooi het onder toesig van 'n gesagvoerder op hawebedryfvaartuie van 100 BT of meer terwyl hy as 'n minimum die bekwaamheidsertifikaat as skipper (<200 BT hawebedryf) het; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

25 Gesagvoerder (hawebedryf)

Vir die bekwaamheidsertifikaat of endossement as gesagvoerder (hawebedryf) moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (<1 600 BT hawebedryf)

- (1) ten minste 20 jaar oud wees;
- (2) ten minste ses maande hawebedryfdiens voltooi het as die offisier in bevel van die navigasiewag of gesagvoerder op hawebedryfvaartuie van 1 000 BT of meer; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as skipper (<200 BT hawebedryf)

- (1) ten minste 20 jaar oud wees;
- (2) ten minste 12 maande hawebedryfdiens voltooi het as die offisier in bevel van die navigasiewag op hawebedryfvaartuie van 1 600 BT of meer; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

26 Gesagvoerder (< 500 BT kusvaart)

Vir die bekwaamheidsertifikaat of endossement as gesagvoerder (<500 BT kusvaart) moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as stuurman (<500 BT kusvaart of onbeperk) of dekkoffisier (onbeperk)

- (1) ten minste 20 jaar oud wees;

- (2) ten minste 12 maande seediens voltooi het as offisier in bevel van 'n navigasiewag op handelskepe van 100 BT of meer op enige seereise; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n vlootbrugwaghousertifikaat met bevelsendossement

- (1) bewys lewer as bevelvoerder aan boord van 'n Suid-Afrikaanse Vlootskip van 24 m of meer vir 'n telbare ses maande en ses maande seediens as 'n botallige op handelskepe van 100 BT of meer op enige seereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

27 Gesagvoerder (< 500 BT)

Vir die bekwaamheidsertifikaat of endossement as gesagvoerder (<500 BT) moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as stuurman (<500 BT kusvaart of onbeperk) of dekooffisier (onbeperk)

- (1) ten minste 20 jaar oud wees;
- (2) terwyl as 'n minimum die bekwaamheidsertifikaat as stuurman (<500 BT kusvaart of onbeperk) gehou is, ten minste 12 maande seediens voltooi het as offisier in bevel van 'n navigasiewag op handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte seereise; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (< 500 BT kusvaart)

- (1) ten minste 20 jaar oud wees;
- (2) terwyl as 'n minimum die bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (<500 BT kusvaart) gehou is, ten minste ses maande seediens voltooi het as offisier in bevel van 'n navigasiewag op handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte seereise; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n vlootbrugwaghousertifikaat met bevelsendossement

- (1) bewys lewer as bevelvoerder aan boord van 'n Suid-Afrikaanse Vlootskip van 24 m of meer vir 'n telbare ses maande en ses maande brugwaghoudiens op handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte seereise onder toesig van 'n waghou-offisier; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

28 Dekoffisier (onbeperk)

Vir die bekwaamheidsertifikaat as dekkoffisier moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate wat hulle toetrede op hierdie vlak maak sonder versnelde opleiding

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste 36 maande seediens in die dekkafdeling hê op handelskepe van 500 BT of meer op onbeperkte seereise;
- (3) gedurende die vereiste seediens opleiding aan boord voltooi het wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is;
- (4) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghouppligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekkoffisier; en
- (5) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate wat hulle toetrede op hierdie vlak maak na versnelde opleiding

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste 12 maande seediens hê in die dekkafdeling op handelskepe van 500 BT of meer op onbeperkte seereise as deel van 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram wat insluit opleiding aan boord wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is;
- (3) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghouppligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekkoffisier; en
- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as stuurman (<500 BT kusvaart of onbeperk) of gesagvoerder (<200 BT kusvaart of onbeperk)

- (1) ten minste ses maande brugwaghouppligte voltooi het onder toesig van 'n gediplomeerde dekkoffisier op handelskepe van 500 BT of meer op onbeperkte seereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF D: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (< 500 BT kusvaart)

- (1) ten minste drie maande brugwaghouppligte voltooi het onder toesig van 'n gediplomeerde dekkoffisier op handelskepe van 500 BT of meer op onbeperkte seereise; en

- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF E: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (< 500 BT)

- (1) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF F: Kandidate met 'n vlootbrugwaghousertifikaat

- (1) terwyl as 'n minimum die vlootbrugwaghousertifikaat gehou is, ten minste ses maande waghoudiens voltooi het onder toesig van 'n gediplomeerde dekkoffisier op handelskepe van 500 BT of meer op onbeperkte seereise;
- (2) opleiding aan boord voltooi het wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF G: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as skipper (visvang) (≥ 24 m onbeperk)

- (1) terwyl as 'n minimum die bekwaamheidsertifikaat as skipper (visvang ≥ 24 m) gehou is, ten minste ses maande waghoudiens voltooi het onder toesig van 'n gediplomeerde dekkoffisier op handelskepe van 500 BT of meer op onbeperkte seereise;
- (2) opleiding aan boord voltooi het wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

29 Hoofstuurman (< 3 000 BT)

Vir die bekwaamheidsertifikaat as hoofstuurman van 'n skip van minder as 3 000 BT op onbeperkte seereise moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as dekkoffisier (onbeperk)

- (1) ten minste 12 maande seediens voltooi het as offisier in bevel van 'n navigasiewag op handelskepe van 500 BT of meer op enige seereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as skipper (visvang) (≥ 24 m onbeperk)

- (1) ten minste 12 maande seediens voltooi het as skipper van 'n vissersvaartuig ≥ 1 000 BT plus drie maande seediens op handelskepe van 500 BT of meer op onbeperkte seereise; en

- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n vlootbrugwaghousertifikaat met vaartuigbevelsondervinding

- (1) terwyl as 'n minimum die vlootbrugwaghousertifikaat gehou is, ten minste ses maande seediens voltooi het as 'n bevelvoerder van 'n Suid-Afrikaanse Vlootskip van meer as 30 m lank plus drie maande seediens op handelskepe van 500 BT of meer op onbeperkte seereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

30 Gesagvoerder (< 3 000 BT)

Vir die bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (<3 000 BT) moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as hoofstuurman of hoofstuurman (<3 000 BT)

- (1) ten minste 12 maande seediens voltooi het as hoofstuurman op handelskepe van 500 BT of meer op onbeperkte seereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as dekkoffisier (onbeperk), hoofstuurman of hoofstuurman (<3 000 BT)

- (1) ten minste 36 maande seediens voltooi het as offisier in bevel van 'n navigasiewag op handelskepe van 500 BT of meer op onbeperkte seereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

31 Hoofstuurman

Vir die bekwaamheidsertifikaat as hoofstuurman moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as dekkoffisier (onbeperk)

- (1) ten minste 12 maande seediens voltooi het as offisier in bevel van 'n navigasiewag op handelskepe van 1 600 BT of meer op onbeperkte seereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as hoofstuurman (<3 000 BT) of gesagvoerder (<3 000 BT)

- (1) ten minste ses maande seediens voltooi het as hoofoffisier op handelskepe van 1 600 BT of meer op onbeperkte seereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

32 Gesagvoerder

Vir die bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as dekkoffisier

- (1) ten minste 36 maande seediens voltooi het as offisier in bevel van 'n navigasiewag op handelskepe van 1 600 BT of meer op onbeperkte seereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as hoofoffisier

- (1) ten minste 12 maande seediens voltooi het as hoofoffisier op handelskepe van 1 600 BT of meer op onbeperkte seereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as hoofoffisier (<3 000 BT)

- (1) terwyl as 'n minimum die bekwaamheidsertifikaat as hoofstuurman (<3 000 BT) gehou is, ten minste 18 maande seediens as hoofoffisier voltooi het op handelskepe van 1 600 BT of meer op onbeperkte seereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF D: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (< 3 000 BT)

- (1) terwyl as 'n minimum die bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (<3 000 BT) gehou is, ten minste ses maande seediens as hoofoffisier voltooi het op handelskepe van 1 600 BT of meer op onbeperkte seereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

33 Bedryfsbeperkings op mynbedrywighe en niehandelsvaartuie

- (1) Indien meer as die helfte van 'n kandidaat se kwalifiserende diens vir diplomering in regulasie 20, 21, 22, 23, 26, 27, 28, 29, 30, 31 of 32 bestaan uit seediens wat verrig is op skepe wat bedryf word in mynbedrywighe in regulasie 82(3) beoog, moet die betrokke diplomering tot mynbedrywighe beperk word.

- (2) Indien meer as die helfte van 'n kandidaat se kwalifiserende diens vir diplomering in regulasie 20, 21, 22, 23, 26, 27, 28, 29, 30, 31 of 32 bestaan uit seediens wat verrig is op skepe wat in niehandelsvaartuigbedrywighede bedryf word, moet die betrokke diplomering tot seereise op niehandelsvaartuie beperk word.
- (3) Vir hierdie regulasie moet verwysings in regulasies 20, 21, 22, 23, 26, 27, 28, 29, 30, 31 en 32 na seediens geag word seediens in te sluit wat verrig is op skepe wat in mynbedrywighede bedryf word of niehandelsvaartuie, soos gepas.

34 Gesagvoerder (spesiale graad)

Vir die bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (spesiale graad) moet 'n kandidaat goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

Afdeling 2 Visvang – Dekoffisiersertifikate

35 Dekoffisier visvang (< 24 m)

Vir die bekwaamheidsertifikaat as dekkoffisier moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate wat hulle toetreding op hierdie vlak maak sonder versnelde opleiding

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste 24 maande seediens hê in die dekkafdeling van 'n vissersvaartuig van 12 m of langer op enige visvangseereise en 'n goedgekeurde aanboordopleidingsrekordboek voltooi het.
- (3) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghoudingte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekkoffisier; en
- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate wat hulle toetreding op hierdie vlak maak na versnelde opleiding

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste 12 maande seediens hê in die dekkafdeling van 'n vissersvaartuig van 12 m of langer op enige visvangseereise en opleiding voltooi het as deel van 'n versnelde opleidingsprogram wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is.
- (3) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghoudingte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekkoffisier; en
- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as skipper kusvaarder (≥ 9 m)

- (1) ten minste 15 maande seediens hê as 'n offisier in bevel van 'n navigasiewag van 'n vissersvaartuig van 12 m of langer op enige visvangseereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF D: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as skipper kusvaart (≥ 9 m)

- (1) ten minste 18 maande seediens hê as 'n offisier in bevel van 'n navigasiewag van 'n vissersvaartuig van 12 m of langer op enige visvangseereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

36 Dekoffisier visvang (≥24 m)

Vir die bekwaamheidsertifikaat as dekkoffisier moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate wat hulle toetrede op hierdie vlak maak sonder versnelde opleiding

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste 24 maande seediens hê in die dekkafdeling van 'n vissersvaartuig van 18 m of langer op enige visvangseereise;
- (3) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghouppligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekkoffisier en 'n stuurserifikaat verwerf het; en
- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate wat hulle toetrede op hierdie vlak maak na versnelde opleiding

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste 12 maande seediens hê in die dekkafdeling van 'n vissersvaartuig van 18 m of langer op enige visvangseereise as deel van 'n versnelde opleidingsprogram wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is;
- (3) gedurende die vereiste seediens ten minste ses maande lank brugwaghouppligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde dekkoffisier; en
- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as dekkoffisier visvang (<24 m)

- (1) ten minste ses maande seediens hê as 'n offisier in bevel van 'n navigasiewag op vaartuie van 18 m of langer op enige seereise; en
- (2) voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

37 Skipper visvang (< 24 m beperkte waters)

Vir die bekwaamheidsertifikaat as skipper visvang (< 24 m beperkte waters) moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as dekkoffisier visvang (<24 m)

- (1) terwyl as 'n minimum 'n bekwaamheidsertifikaat as dekkoffisier visvang (< 24 m) gehou word, ten minste 12 maande seediens hê as 'n offisier in bevel van 'n navigasiewag van 'n vissersvaartuig van 12 m of langer op enige visvangseereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat uitgereik ingevolge Afdeling 1 van hierdie Deel

- (1) terwyl as 'n minimum 'n bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (< 200 BT kusvaart) gehou word, ten minste ses maande seediens hê as 'n offisier in bevel van 'n navigasiewag van 'n vissersvaartuig van 12 m of langer op enige visvangseereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

38 Skipper visvang (< 24 m onbeperkte waters)

Vir die bekwaamheidsertifikaat as skipper visvang (< 24 m onbeperkte waters) moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as dekkoffisier visvang (<24 m onbeperkte waters)

- (1) ten minste 12 maande seediens hê as 'n offisier in bevel van 'n navigasiewag van 'n vissersvaartuig van 12 m of langer op enige visvangseereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as skipper visvang (< 24 m beperkte waters)

- (1) ten minste 12 maande seediens hê as 'n offisier in bevel van 'n navigasiewag van 'n vissersvaartuig van 12 m of langer op enige visvangseereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat uitgereik ingevolge Afdeling 1 van hierdie Deel

- (1) terwyl as 'n minimum 'n bekwaamheidsertifikaat as gesagvoerder (< 200 BT kusvaart) gehou word, ten minste ses maande seediens hê as 'n offisier in bevel van 'n navigasiewag van 'n vissersvaartuig van 12 m of langer op enige visvangseereise; en

- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

39 Skipper visvang (≥ 24 m beperkte waters)

Vir die bekwaamheidsertifikaat as skipper (visvang) (≥ 24 m beperkte waters) moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as dekkoffisier visvang (≥ 24 m)

- (1) ten minste 12 maande seediens hê as 'n offisier in bevel van 'n navigasiewag van 'n vissersvaartuig van 18 m of langer op enige visvangseereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as skipper visvang (< 24 m onbeperkte waters)

- (1) ten minste ses maande seediens hê as 'n offisier in bevel van 'n navigasiewag van 'n vissersvaartuig van 18 m of langer op enige visvangseereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat uitgereik ingevolge Afdeling 1 van hierdie Deel

- (1) terwyl as 'n minimum 'n bekwaamheidsertifikaat as dekkoffisier gehou word, ten minste 12 maande seediens hê as 'n offisier in bevel van 'n navigasiewag, waarvan ten minste ses maande deurgebring is op vissersvaartuie van 18 m of langer op enige visvangseereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

40 Skipper visvang (≥ 24 m onbeperkte waters)

Vir die bekwaamheidsertifikaat as skipper visvang (≥ 24 m onbeperkte waters) moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as dekkoffisier visvang (≥ 24 m)

- (1) ten minste 12 maande seediens hê as 'n offisier in bevel van 'n navigasiewag van 'n vissersvaartuig van 24 m of langer op onbeperkte visvangseereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as skipper visvang (< 24 m onbeperkte waters) of skipper visvang (≥ 24 m beperkte waters)

- (1) ten minste ses maande seediens hê as 'n offisier in bevel van 'n navigasiewag van 'n vissersvaartuig van 18 m of langer op onbeperkte visvangseereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat uitgereik ingevolge Afdeling 1 van hierdie Deel

- (1) terwyl as 'n minimum 'n bekwaamheidsertifikaat as dekoffisier gehou word, ten minste 12 maande seediens hê as 'n offisier in bevel van 'n navigasiewag, waarvan ten minste ses maande deurgebring is op vissersvaartuie van 18 m of langer op enige visvangseereise; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

Afdeling 2A Radiokommunikasie en Radio-operateursertifikate

40A GMNVS-radio-operateurs

- (1) Elke persoon wat in bevel is van radiopligte of wat radiopligte verrig op 'n skip wat aan die GMNVS moet deelneem, moet 'n gepaste sertifikaat rakende GMNVS hou wat deur die Owerheid uitgereik is of erken word ingevolge die bepalings van die Radioregulasies.
- (2) Voorts moet elke kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat ingevolge hierdie Afdeling vir diens op 'n skip wat ingevolge die Internasionale Konvensie oor die Veiligheid van Lewe ter See, 1974, soos gewysig, 'n radio-installasie moet hê –
 - (i) ten minste 18 jaar oud wees;
 - (ii) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

40B Radio-operateurs

- (1) Elke persoon wat in bevel is van radiopligte of wat radiopligte verrig op 'n skip wat aan die GMNVS moet deelneem, moet 'n gepaste sertifikaat rakende GMNVS hou wat deur die Owerheid uitgereik is of erken word ingevolge die bepalings van die Radioregulasies.
- (2) Voorts moet elke kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat ingevolge hierdie Afdeling vir diens op 'n skip wat 'n radio-installasie moet hê –
 - (i) ten minste 16 jaar oud wees;
 - (ii) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

Afdeling 3 Ingenieursoffisiersertifikate

41 Hoofingenieur (< 750 kW hawebedryf)

Vir die endossement as hoofingenieuroffisier van 'n skip met minder as 750 kW aandrywingskrag moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as seemasjinis graad 2

- (1) ten minste 18 maande goedgekeurde seediens voltooi het op 'n skip met 100 kW of meer aandrywingskrag onder toesig van 'n gekwalifiseerde ingenieuroffisier; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word en 'n assessering op vlak 3 slaag.

ALTERNATIEF B: Kandidate wat hulle toetrede op hierdie vlak maak

- (1) ten minste 24 maande goedgekeurde seediens voltooi het op 'n skip met 100 kW of meer aandrywingskrag onder toesig van 'n gekwalifiseerde ingenieuroffisier; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word en 'n assessering op vlak 3 slaag.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n goedgekeurde handelsertifikaat

- (1) ten minste 12 maande goedgekeurde seediens voltooi het op 'n skip met 100 kW of meer aandrywingskrag onder toesig van 'n gekwalifiseerde ingenieuroffisier; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

42 Hoofingenieur (< 1 500 kW hawebedryf)

Vir die bevoegdheidsertifikaat as hoofingenieuroffisier van 'n skip met minder as 1 500 kW aandrywingskrag wat in 'n hawebedryfgebied bedryf word, moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate wat hulle toetrede op hierdie vlak maak

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste 18 maande hawebedryfdiens voltooi het in die ingenieursafdeling van 'n skip met 750 kW aandrywingskrag of meer onder toesig van 'n gekwalifiseerde ingenieuroffisier as deel van 'n versnelde opleidingsprogram wat in 'n opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as hoofingenieur (<750 kW hawebedryf)

- (1) ten minste 12 maande goedgekeurde seediens voltooi het as 'n ingenieuroffisier in bevel van 'n wag op see- of hawebedryfvaartuie met 750 kW aandrywingskrag of meer;
- (2) 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram voltooi het wat insluit opleiding aan boord wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en
- (3) voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as seemasjinis graad 1

- (1) ten minste 12 maande hawebedryfdiens voltooi het in die ingenieursafdeling van 'n skip met 750 kW aandrywingskrag of meer; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

43 Hoofingenieuroffisier (hawebedryf)

Vir die bevoegdheidsertifikaat as hoofingenieuroffisier (hawebedryf) moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate wat hulle toetrede op hierdie vlak maak

- (1) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat as –
 - (a) hoofingenieur (< 1 500 kW hawebedryf)
 - (b) ingenieuroffisier; of
 - (c) seemasjinis hoër graad;

gehou is, ten minste 12 maande hawebedryfdiens of seediens voltooi het as offisier in bevel van 'n ingenieurswag op skepe met 750 kW aandrywingskrag of meer, waarvan ten minste drie maande moes wees op skepe met 1 500 kW aandrywingskrag of meer; en

- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as hoofingenieur (<750 kW hawebedryf)

- (1) ten minste 18 maande hawebedryfdiens of seediens voltooi het as offisier in bevel van 'n ingenieurswag op skepe met 750 kW aandrywingskrag of meer, waarvan ten minste ses maande moes wees op vaartuie met 1 500 kW aandrywingskrag of meer; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as tweede ingenieur (< 3 000 kW)

- (1) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

44 Seemasjinis Graad 2

- (1) 'n Kandidaat vir 'n sertifikaat as seemasjinis graad 2 kwalifiseer vir 'n krediet op vereiste seediens op akademiese kwalifikasies soos volg:
 - (a) 3 maande vir 'n bevoegdheidsertifikaat as bekwame seeman;
 - (b) 3 maande vir 'n graad 10- of hoër skoolsertifikaat of nasionale tegniese sertifikaat 1 of hoër sertifikaat.
- (2) 'n Kandidaat vir 'n sertifikaat as seemasjinis graad 2 moet –

ALTERNATIEF A: Kandidate wat hulle toetrede maak sonder ingenieursondervinding vooraf

- (a) ten minste 18 jaar oud wees;
- (b) ten minste 18 maande goedgekeurde seediens hê op skepe met 100 kW aandrywingskrag of meer; en
- (c) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate wat hulle toetrede maak met 'n goedgekeurde ambagsertifikaat

- (a) ten minste 18 jaar oud wees;
- (b) ten minste ses maande goedgekeurde seediens hê op skepe met 100 kW aandrywingskrag of meer; en
- (c) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

45 Seemasjinis Graad 1

'n Kandidaat vir die seemasjinis graad 1-eksamen moet as houër van 'n graad 2-bevoegdheidsertifikaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as seemasjinis graad 2

- (1) ten minste 12 maande goedgekeurde seediens hê op skepe met 350 kW aandrywingskrag of meer; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as hoofingenieur (<750 kW hawebedryf)

- (1) ten minste 12 maande goedgekeurde seediens hê op skepe met 350 kW aandrywingskrag of meer; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

46 Seemasjinis Hoër Graad

'n Kandidaat vir die seemasjinis hoër graad-eksamen moet –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as seemasjinis graad 1

- (1) goedgekeurde seediens van 12 maande hê as tweede ingenieur op skepe met 750 kW aandrywingskrag of meer; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as seemasjinis graad 1

- (1) goedgekeurde seediens van ses maande hê as hoofingenieur op skepe met 750 kW aandrywingskrag of meer; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as hoofingenieur (<750 kW hawebedryf)

- (1) goedgekeurde seediens van 12 maande hê as offisier in bevel van 'n ingenieurswag op skepe met 750 kW aandrywingskrag of meer; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

47 Ingenieuroffisier

Vir die bekwaamheidsertifikaat as ingenieuroffisier moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate wat hulle toetrede maak sonder 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste 36 maande seediens in die masjienkamerafdeling hê op handelskepe met 750 kW aandrywingskrag of meer;
- (3) in bogenoemde tydperk ten minste ses maande lank ingenieurswaghoupligte verrig het onder toesig van 'n gekwalifiseerde ingenieuroffisier;

- (4) gedurende die vereiste seediens opleiding aan boord voltooi het wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en
- (5) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate wat hulle toetrede maak na 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste 12 maande goedgekeurde seediens in die masjienkamerafdeling hê op handelskepe met 750 kW aandrywingskrag of meer;
- (3) in bogenoemde tydperk ten minste ses maande lank ingenieurswaghouppligte verrig het onder toesig van 'n gekwalifiseerde ingenieuroffisier;
- (4) 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram voltooi het wat insluit opleiding aan boord wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en
- (5) voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as seemasjinis hoër graad

- (1) ten minste ses maande seediens voltooi het met verrigting van waghouppligte in die masjienkamer op handelskepe met 750 kW aandrywingskrag of meer onder toesig van 'n gediplomeerde ingenieuroffisier; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF D: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as hoofingenieur (hawebedryf)

- (1) ten minste drie maande goedgekeurde seediens voltooi het met verrigting van waghouppligte in die masjienkamer op handelskepe met 750 kW aandrywingskrag of meer onder toesig van 'n gediplomeerde ingenieuroffisier; en
- (2) voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF E: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as bekwame masjienkamerseeman

- (1) ten minste 12 maande goedgekeurde seediens voltooi het in die masjienkamerafdeling op handelskepe met 750 kW aandrywingskrag of meer onder toesig van 'n gediplomeerde ingenieuroffisier;
- (2) ten minste ses maande lank ingenieurswaghouppligte verrig het onder toesig van 'n gediplomeerde ingenieuroffisier;
- (3) 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram van ten minste 24 maande voltooi het wat insluit opleiding aan boord wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en
- (4) voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF F: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as hoofingenieur (< 3 000 kW visvang)

- (1) ten minste drie maande goedgekeurde seediens voltooi het in die masjienkamerafdeling op handelskepe met 750 kW aandrywingskrag of meer met verrigting van waghouppligte onder toesig van 'n gediplomeerde ingenieuroffisier wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en
- (2) voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF G: Kandidate met 'n vlootwaghousertifikaat of hoër met 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste ses maande goedgekeurde seediens voltooi het as deel van 'n versnelde opleidingsprogram in die masjienkamerafdeling op handelskepe met 750 kW aandrywingskrag of meer;
- (2) in bogenoemde tydperk ingenieurswaghouppligte verrig het onder toesig van 'n gekwalifiseerde ingenieuroffisier, wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF H: Kandidate met 'n vlootwaghousertifikaat of hoër sonder 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 12 maande goedgekeurde seediens voltooi het opleidingsprogram in die masjienkamerafdeling op handelskepe met 750 kW aandrywingskrag of meer;
- (2) vir die tydperk van ses maande ingenieurswaghouppligte verrig het onder toesig van 'n gekwalifiseerde ingenieuroffisier, wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

48 Tweede ingenieur (< 3 000 kW)

Vir die bevoegdheidsertifikaat as tweede ingenieuroffisier van 'n skip met minder as 3 000 kW aandrywingskrag moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as ingenieuroffisier

- (1) ten minste 12 maande seediens voltooi het as offisier in bevel van 'n ingenieurswag op handelskepe met 750 kW aandrywingskrag of meer; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as hoofingenieur (visvang)

- (1) ten minste ses maande seediens voltooi het as offisier in bevel van 'n ingenieurswag op handelskepe met 750 kW aandrywingskrag of meer; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n vlootwaghousertifikaat na diens as hoofingenieur van 'n vlootvaartuig met meer as 750 kW aandrywingskrag

- (1) bewys verskaf van diens as hoofingenieur van 'n vlootvaartuig met meer as 750 kW aandrywingskrag;
- (2) ten minste ses maande seediens voltooi het as offisier in bevel van 'n ingenieurswag op handelskepe met 750 kW aandrywingskrag of meer;
- (3) waghouligte verrig het gedurende die tydperk wat hierbo vereis word; en
- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

49 Hoofingenieur (< 3 000 kW)

Vir die bevoegdheidsertifikaat as hoofingenieuroffisier van 'n skip met minder as 3 000 kW aandrywingskrag moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as ingenieuroffisier

- (1) ten minste 36 maande seediens voltooi het as offisier in bevel van 'n ingenieurswag op handelskepe met ten minste 750 kW maar minder as 3 000 kW aandrywingskrag; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as tweede ingenieuroffisier 3 000 kW of tweede ingenieur

- (1) ten minste 12 maande seediens voltooi het as tweede ingenieur op handelskepe met ten minste 750 kW maar minder as 3 000 kW aandrywingskrag; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as tweede ingenieur

- (1) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

50 Tweede ingenieur

Vir die bekwaamheidsertifikaat as tweede ingenieuroffisier moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as ingenieuroffisier

- (1) ten minste 12 maande seediens voltooi het as offisier in bevel van 'n ingenieurswag op handelskepe met 3 000 kW aandrywingskrag of meer; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as tweede ingenieuroffisier (<3 000 kW)

- (1) ten minste ses maande seediens voltooi het as offisier in bevel van 'n ingenieurswag op handelskepe met 3 000 kW aandrywingskrag of meer; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n vlotwaghousertifikaat na diens as hoofingenieur van 'n vlotvaartuig met meer as 3 000 kW aandrywingskrag

- (1) bewys verskaf van diens vir 'n tydperk van ses maande as hoofingenieur van 'n vlotvaartuig met meer as 750 kW aandrywingskrag;
- (2) ten minste 12 maande seediens voltooi het as offisier in bevel van 'n ingenieurswag of botallig op handelskepe met 3 000 kW aandrywingskrag of meer; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

51 Hoofingenieur

Vir die bekwaamheidsertifikaat as hoofingenieuroffisier moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as ingenieuroffisier

- (1) ten minste 36 maande seediens voltooi het as offisier in bevel van 'n ingenieurswag op handelskepe met ten minste 3 000 kW aandrywingskrag; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as tweede ingenieur

- (1) ten minste 12 maande seediens voltooi het as tweede ingenieur op handelskepe met ten minste 3 000 kW aandrywingskrag; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as hoofingenieur (< 3 000 kW)

- (1) ten minste 12 maande seediens hê as tweede ingenieur op handelskepe met ten minste 3 000 kW aandrywingskrag; en

- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

52 Elektrotegniese offisier

'n Kandidaat vir die bevoegdheidsertifikaat as elektrotegniese offisier van 'n skip met 1 000 volt en 750 kW aandrywingskrag of meer moet –

ALTERNATIEF A: Kandidate wat hulle toetrede maak met 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste 12 maande goedgekeurde seediens voltooi het as deel van 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is;
- (3) opleiding suksesvol voltooi het en 'n teoretiese eksamen aan 'n geakkrediteerde instelling geslaag het;
- (4) werkwinkelvaardigheidsopleiding suksesvol voltooi het; en
- (5) voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate wat hulle toetrede maak sonder 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste 36 maande goedgekeurde seediens voltooi het in die masjienkamer van vaartuie met meer as 750 kW aandrywingskrag en meer as 1 000 volt wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is;
- (3) opleiding suksesvol voltooi het en 'n teoretiese eksamen aan 'n geakkrediteerde instelling geslaag het;
- (4) werkwinkelvaardigheidsopleiding suksesvol voltooi het; en
- (5) voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

53 Seediensvereistes vir stoom en gekombineer (stoom en motor)-bevoegdheidsertifikate

- (1) Die STCW-konvensie omskryf seediens as diens aan boord van 'n skip wat tersaaklik is vir die uitreiking of hergeldigverklaring van 'n sertifikaat of ander kwalifikasie.
- (2) Die tydperk seediens wat vir diplomering vereis word, wissel volgens die vlak van diplomering.
- (3) 'n Opsomming van kwalifiserende seediensvereistes vir ingenieurbekwaamheidsertifikate verskyn in die tabel hieronder:

VLAK	ENDOSSEMENT	KWALIFISERENDE DIENS	TOTALE MINIMUM SEEDIENS
Ingenieuroffisier (OOW)		Minimum waghouding op hoofaandrywingsmasjinerie of UMS-pligte (op skepe met 750 kW of meer) onder toesig van 'n ingenieuroffisier.	Totale minimum seediens
	Motor (M)	6 maande op motorskepe, plus 6 maande goedgekeurde diens as kadetingenieur.	12 maande
	Stoom (S)	6 maande op stoomskepe, plus 6 maande goedgekeurde diens as kadetingenieur.	12 maande
	Gekombineerde Stoom en Motor (S&M)	14 maande, 4 stoom en 4 motor, plus 6 maande goedgekeurde diens as kadetingenieur.	14 maande
2de ingenieur, skepe minder as 3 000 kW		Minimum seediens terwyl gekwalifiseer is om te dien as ingenieuroffisier van die wag (op skepe met 750 kW of meer)	Totale minimum seediens (met EOW-sertifikaat)
	Motor (M)	12 maande op motorskepe	12 maande
	Stoom (S)	12 maande op stoomskepe	12 maande
	Gekombineerde Stoom en Motor (S&M)	18 maande (9 stoom en 9 motor)	18 maande
2de Ingenieur skepe \geq 3000 kW		Minimum seediens terwyl gekwalifiseer is om te dien as ingenieuroffisier van die wag (op skepe met 3 000 kW of meer)	Totale minimum seediens (met EOW-sertifikaat)
	Motor (M)	12 maande op motorskepe	12 maande
	Stoom (S)	12 maande op stoomskepe	12 maande
	Gekombineerde Stoom en Motor (S&M)	18 maande (9 stoom en 9 motor)	18 maande
Hoofingenieur skepe < 3 000 kW		Minimum seediens terwyl gekwalifiseer is om te dien as tweede ingenieur (op skepe met 750 kW of meer)	Totale minimum seediens
	Motor (M)	12 maande in bevel van wag of UMS-pligte op motorskepe met 750 kW of meer	36 maande (EOW + 2EO + 12 maande)
	Stoom (S)	12 maande in bevel van wag of UMS-pligte op stoomskepe met 750 kW of meer	36 maande (EOW + 2EO + 12 maande)
	Gekombineerde Stoom en Motor (S&M)	18 maande (9 stoom en 9 motor in bevel van wag of UMS-pligte op skepe met \leq 3 000 kW)	48 maande (EOW + 2EO + 18 maande)
Hoofingenieur skepe \geq 3 000 kW		Minimum seediens terwyl gekwalifiseer is om te dien as tweede ingenieur (op skepe met 3 000 kW of meer)	Totale minimum seediens
	Motor (M)	12 maande in bevel van wag of UMS-pligte op motorskepe met 3 000 kW of meer	36 maande (EOW + 2EO + 12 maande)
	Stoom (S)	12 maande in bevel van wag of UMS-pligte op stoomskepe met 3 000 kW of	36 maande (EOW + 2EO + 12 maande)

VLAK	ENDOSSEMENT	KWALIFISERENDE DIENS	TOTALE MINIMUM SEEDIENS
		meer	
	Gekombineerde Stoom en Motor (S&M)	18 maande (9 stoom en 9 motor in bevel van wag of UMS-pligte op skepe met 3 000 kW of meer)	48 maande (EOW + 2EO gekombineer + 18 maande)

54 Hoofingenieuroffisier (spesiale graad)

Vir die bekwaamheidsertifikaat as hoofingenieuroffisier (spesiale graad) moet 'n kandidaat goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

Afdeling 4 Visvangingenieursertifikate

55 Tweede ingenieur (visvang)

'n Kandidaat vir die tweede ingenieur (visvang)-eksamen moet –

ALTERNATIEF A: Kandidate wat hulle toetreding maak na 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste 12 maande goedgekeurde seediens hê in die masjienkamerafdeling van 'n vissersvaartuig met 750 kW aandrywingskrag of meer onder toesig van 'n gekwalifiseerde ingenieuroffisier; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate wat hulle toetreding maak sonder 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste 18 maande goedgekeurde seediens hê in die masjienkamerafdeling van 'n vissersvaartuig met 750 kW aandrywingskrag of meer onder toesig van 'n gekwalifiseerde ingenieuroffisier; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as seemasjinis graad 1

- (1) ses maande goedgekeurde seediens hê op vissersvaartuie met 750 kW aandrywingskrag of meer onder toesig van 'n gekwalifiseerde ingenieuroffisier; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF D: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as ingenieuroffisier

- (1) ten minste drie maande seediens hê op vissersvaartuie met 750 kW aandrywingskrag of meer onder toesig van 'n gekwalifiseerde ingenieuroffisier; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

56 Hoofingenieur (< 3 000 kW visvang)

Vir 'n bevoegdheidsertifikaat as hoofingenieur (< 3 000 kW visvang) –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as tweede ingenieuroffisier (visvang)

- (1) ten minste 12 maande seediens hê op vissersvaartuie met 750 kW aandrywingskrag of meer; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as tweede ingenieur of hoofingenieur (< 3 000 kW)

- (1) ten minste 12 maande seediens hê op vissersvaartuie as tweede ingenieur, botallig of offisier in bevel van 'n wag; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as hoofingenieur (hawebedryf) en ingenieuroffisier

- (1) ten minste 12 maande seediens hê op skepe of vissersvaartuie met 750 kW aandrywingskrag of meer, waarvan ten minste drie maande moet wees op vissersvaartuie as tweede ingenieuroffisier in bevel van 'n wag; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF D: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as seemasjinis hoër graad

- (1) ten minste ses maande seediens hê op skepe of vissersvaartuie met 750 kW aandrywingskrag of meer, waarvan ten minste drie maande moet wees op vissersvaartuie as tweede ingenieuroffisier in bevel van 'n wag; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

57 Hoofingenieur (visvang)

Vir 'n bevoegdheidsertifikaat as hoofingenieur (visvang) –

ALTERNATIEF A: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as hoofingenieur (< 3 000 kW visvang)

- (1) ten minste 12 maande seediens hê as tweede ingenieur op vissersvaartuie met 3 000 kW aandrywingskrag of meer; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as hoofingenieur (< 3 000 kW visvang)

- (1) ten minste 18 maande seediens hê as ingenieuroffisier op vissersvaartuie met 3 000 kW aandrywingskrag of meer; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as hoofingenieur (< 3 000 kW visvang)

- (1) ten minste ses maande seediens hê as hoofingenieur van 'n vissersvaartuig met 750 kW aandrywingskrag of meer; en
- (2) ten minste ses maande seediens hê as tweede ingenieur op vissersvaartuie met 3 000 kW aandrywingskrag of meer; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF D: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as tweede ingenieur

- (1) ten minste ses maande seediens hê op vissersvaartuie met 2 000 kW aandrywingskrag of meer, waarvan ten minste drie maande moet wees op vissersvaartuie as offisier in bevel van 'n ingenieurswag; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

Afdeling 5 Seemansertifikate en Bevoegdheidsertifikate

58 Gewone dekseeman

- (1) Vir die doel van hierdie regulasie is 'n voorlopige sertifikaat geldig vir 'n tydperk van ses maande vanaf die datum van uitreiking en moet dit binne die tydperk van geldigheid ingeruil word vir 'n bevoegdheidsertifikaat as gewone dekseeman wat deur die Owerheid uitgereik word.
- (2) Vir die bevoegdheidsertifikaat as gewone dekseeman moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate wat hulle toetrede maak sonder 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 16 jaar oud wees;
- (2) ten minste ses maande seediens in die dekadefdeling hê op vaartuie van 25 BT of meer op enige seereise:
- (3) gedurende die vereiste seediens opleiding aan boord met 'n stuurserifikaat voltooi het en voldoen aan die bevoegdheidstandaarde wat in die Kode vermeld word; en
- (4) die voorlopige bevoegdheidserifikaat as gewone dekseeman hê wat uitgereik is deur die gesagvoerder van die skip waarop die opleiding aan boord voltooi is.

ALTERNATIEF B: Kandidate wat hulle toetrede maak met 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 16 jaar oud wees;
- (2) ten minste twee maande seediens voltooi het in die dekadefdeling op vaartuie van 25 BT of meer op enige seereise as deel van 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram wat insluit opleiding aan boord wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is, en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word;
- (3) die voorlopige bevoegdheidserifikaat as gewone dekseeman hê wat uitgereik is deur die gesagvoerder van die skip waarop die opleiding aan boord voltooi is.

59 Bekwame dekseeman (hawebedryf)

Vir die bevoegdheidserifikaat as bekwame dekseeman (hawebedryf) moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate sonder 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidserifikaat as gewone dekseeman gehou word, ten minste 18 maande hawebedryfdiens voltooi het op skepe van 25 BT of meer;
- (3) gedurende die vereiste hawebedryfdiens opleiding aan boord voltooi het wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en
- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidserifikaat, of voorlopige bevoegdheidserifikaat, as gewone dekseeman (hawebedryf) gehou word, ten minste 12 maande hawebedryfdiens voltooi het op skepe van 25 BT of meer as deel van 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram wat insluit opleiding aan boord wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

60 Bekwame dekseeman (visvang)

Vir die bevoegdheidsertifikaat as bekwame dekseeman (visvang) moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate sonder 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat as seeman wat deel van 'n navigasiewag uitmaak gehou word, ten minste 18 maande seediens voltooi het in die dekadefdeling op vissersvaartuie van 100 BT of meer op onbeperkte of kusvaartseereise en 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek voltooi het; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat as gewone seeman gehou word, ten minste 12 maande seediens voltooi het in die dekadefdeling op vissersvaartuie van 100 BT of meer op onbeperkte of kusvaartseereise as deel van 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram wat insluit opleiding aan boord wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as bekwame seeman (onbeperk)

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste drie maande seediens hê in die dekadefdeling op vissersvaartuie van 100 BT of meer op onbeperkte of kusvaartseereise;
- (3) gedurende die vereiste seediens opleiding aan boord voltooi het wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek as toepaslik gedokumenteer is; en
- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF D: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as bekwame seeman (hawebedryf)

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste ses maande seediens hê in die dekadefdeling op vissersvaartuie van 100 BT of meer op onbeperkte of kusvaartseereise;
- (3) gedurende die vereiste seediens opleiding aan boord voltooi het wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek as toepaslik gedokumenteer is; en

- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

61 Bekwame dekseeman

Vir die bevoegdheidsertifikaat as bekwame dekseeman moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate sonder 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat as seeman wat deel van 'n navigasiewag uitmaak gehou word, ten minste 18 maande seediens voltooi het in die dekadefdeling op handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte of kusvaartseereise en 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek voltooi het; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat as gewone seeman gehou word, ten minste 12 maande seediens voltooi het in die dekadefdeling op handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte of kusvaartseereise as deel van 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram wat insluit opleiding aan boord wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as bekwame seeman (visvang)

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste drie maande seediens in die dekadefdeling hê op handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte of kusvaartseereise;
- (3) gedurende die vereiste seediens opleiding aan boord voltooi het wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek as toepaslik gedokumenteer is; en
- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF D: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as bekwame seeman (hawebedryf)

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste ses maande seediens in die dekadefdeling hê op handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte of kusvaartseereise;

- (3) gedurende die vereiste seediens opleiding aan boord voltooi het wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek as toepaslik gedokumenteer is; en
- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

62 Gewone masjienkamerseeman

- (1) Vir die doel van hierdie regulasie is 'n voorlopige sertifikaat geldig vir 'n tydperk van ses maande vanaf die datum van uitreiking en moet dit binne die tydperk van geldigheid ingeruil word vir 'n bevoegdheidsertifikaat as gewone masjienkamerseeman wat deur die Owerheid uitgereik word.
- (2) Vir die bevoegdheidsertifikaat as gewone masjienkamerseeman moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate wat hulle toetrede maak sonder 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 16 jaar oud wees;
- (2) ten minste ses maande seediens in die masjienkamerafdeling hê op handelskepe met 350 kW aandrywingskrag of meer;
- (3) gedurende die vereiste seediens opleiding aan boord voltooi het wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is en voldoen aan die bevoegdheidstandaarde wat in die Kode vermeld word; en
- (4) die voorlopige bevoegdheidsertifikaat as gewone masjienkamerseeman hê wat uitgereik is deur die hoofingenieuroffisier van die skip waarop die opleiding aan boord voltooi is.

ALTERNATIEF B: Kandidate wat hulle toetrede maak met 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 16 jaar oud wees;
- (2) ten minste twee maande seediens in die masjienkamerafdeling hê op handelskepe met 350 kW aandrywingskrag of meer as deel van 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is en voldoen aan die bevoegdheidstandaarde wat in die Kode vermeld word;
- (3) die voorlopige bevoegdheidsertifikaat as gewone masjienkamerseeman hê wat uitgereik is deur die hoofingenieuroffisier van die skip waarop die opleiding aan boord voltooi is.

63 Bekwame masjienkamerseeman (hawebedryf)

Vir die bevoegdheidsertifikaat as bekwame masjienkamerseeman (hawebedryf) moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate sonder 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;

- (2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat of voorlopige bevoegdheidsertifikaat as gewone masjienkamerseeman (hawebedryf) of gewone masjienkamerseeman gehou word, ten minste 12 maande hawebedryfdiens voltooi het op skepe met 350 kW aandrywingskrag of meer;
- (3) gedurende die vereiste hawebedryfdiens opleiding aan boord voltooi het wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en
- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat, of voorlopige bevoegdheidsertifikaat, as gewone masjienkamerseeman (hawebedryf) of gewone masjienkamerseeman gehou word, ten minste ses maande hawebedryfdiens voltooi het op skepe met 350 kW aandrywingskrag of meer as deel van 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram wat insluit opleiding aan boord wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

64 Bekwame masjienkamerseeman

Vir die bevoegdheidsertifikaat as bekwame masjienkamerseeman moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate sonder 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat as gewone masjienkamerseeman gehou word, ten minste 12 maande seediens voltooi het in die masjienkamerafdeling op handelskepe met 350 kW aandrywingskrag of meer;
- (3) gedurende die vereiste seediens opleiding aan boord voltooi het wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is en goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bevoegdheidsstandaarde wat in die Kode vermeld is.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n versnelde opleidingsprogram

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) terwyl as 'n minimum die bevoegdheidsertifikaat, of voorlopige bevoegdheidsertifikaat, as gewone masjienkamerseeman gehou word, ten minste ses maande seediens voltooi het in die masjienkamerafdeling op handelskepe met 350 kW aandrywingskrag of meer as deel van 'n goedgekeurde versnelde opleidingsprogram

wat insluit opleiding aan boord wat in 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek gedokumenteer is; en

- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF C: Kandidate met 'n bekwaamheidsertifikaat as bewame masjienkamerseeman (hawebedryf)

- (1) ten minste een maand seediens voltooi het in die masjienkamerafdeling op handelskepe met 350 kW aandrywingskrag of meer; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

65 Elektrotegniese seeman

Elke kandidaat vir diplomering moet –

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) goedgekeurde seediens voltooi het, insluitende ten minste 12 maande opleiding en ondervinding; en
- (3) oor kwalifikasies beskik wat aan die tegniese vereistes van die Kode voldoen.

66 Utiliteitseeman (hawebedryf)

Vir die bevoegdheidsertifikaat as utiliteitseeman (hawebedryf) moet 'n kandidaat –

ALTERNATIEF A: Kandidate met bevoegdheidsertifikate as gewone dekseeman en gewone masjienkamerseeman

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) terwyl die bevoegdheidsertifikate as gewone dekseeman en as gewone masjienkamerseeman gehou word, ten minste 18 maande seediens of hawebedryfdiens voltooi het op skepe van 25 BT of meer, bestaande uit:
 - (a) ten minste ses maande in die dekaafdeling;
 - (b) ten minste ses maande in die masjienkamerafdeling;
 - (c) die oorblywende ses maande in óf die dek- óf die masjienkamerafdeling;
- (3) gedurende die vereiste seediens of hawebedryfdiens 'n goedgekeurde aanboordopleidingsrekordboek (dek en masjienkamer) voltooi het; en
- (4) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

ALTERNATIEF B: Kandidate met 'n bevoegdheidsertifikaat as bekwame dek/masjienkamerseeman

- (1) terwyl die bevoegdheidsertifikate as bekwame dek/masjienkamerseeman gehou word, ten minste ses maande seediens of hawebedryfdiens voltooi het in die masjienkamer/dekafdeling op skepe van 25 BT of meer, wat uit die volgende bestaan:
 - (a) twee maande seediens as masjienkamer/dekseeman; en
 - (b) vier maande terwyl die voorlopige bevoegdheidsertifikaat as gewone masjienkamer/dekseeman gehou word;
- (2) gedurende die vereiste seediens of hawebedryfdiens 'n goedgekeurde aanboordopleidingsrekordboek voltooi het; en
- (3) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

67 Voorsee-opleiding

Alle seelui moet goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word voordat hulle in diens geneem word op 'n skip waarop hierdie regulasies van toepassing is.

68 Persoonlike oorlewingsstegnieke

Vir 'n bevoegdheidsertifikaat in persoonlike oorlewingsstegnieke moet 'n kandidaat goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bevoegdheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

69 Basiese opleiding

Vir 'n bevoegdheidsertifikaat in basiese opleiding moet 'n kandidaat –

- (1) ten minste 16 jaar oud wees; en
- (2) voor aansluiting by 'n vaartuig, goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

70 Vaardigheid in oorlewingsvaartuie en reddingsbote

Vir die bevoegdheidsertifikaat as vaardig in oorlewingsvaartuie en reddingsbote moet 'n kandidaat –

- 1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) ten minste ses maande seediens of hawebedryfdiens hê op skepe van 100 BT of meer; en
- (3) 'n goedgekeurde opleidingskursus voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

71 Vaardigheid in vinnige reddingsbote

Vir die bevoegdheidsertifikaat as vaardig in vinnige reddingsbote moet 'n kandidaat –

- (1) die bevoegdheidsertifikaat in oorlewingsvaartuie en reddingsbote hê; en
- (2) terwyl daardie sertifikaat gehou word, goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bevoegdheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

72 Skeepsekuriteitsbeampte

Vir die bevoegdheidsertifikaat as skeepsekuriteitsbeampte moet 'n kandidaat –

- (1) ten minste 12 maande seediens in die dekafdeling hê op handelskepe van 500 BT of meer of passasiersvaartuie wat op internasionale seereise bedryf word; en
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

73 Bekwame kok

Vir die bevoegdheidsertifikaat as bekwame kok moet kandidate –

- (1) ten minste 18 jaar oud wees;
- (2) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bevoegdheidstandaarde wat in die Kode vermeld word; en
- (3) ten minste drie maande seediens in die verversingsafdeling hê op enige van die volgende soorte skepe:
 - (a) handelskepe van 100 BT of meer op onbeperkte of kusvaartseereise; of
 - (b) vissersvaartuie wat 'n bekwame kok aan boord moet hê.

Afdeling 6 Personeel op Tenkskepe en Passasierskepe**74 Spesiale vereistes vir personeel op olie- en chemiese tenkskepe**

- (1) Benewens ander opleiding wat by hierdie regulasies vereis word, moet offisiere en seelui aan wie spesifieke pligte en verantwoordelikhede rakende vrag of vragtoerusting op olie- en chemiese tenkskepe opgedra is, 'n sertifikaat in basiese opleiding vir vragbedrywigheide op olie- en chemiese tenkskepe hou. 'n Kandidaat vir 'n sertifikaat in basiese opleiding vir vragbedrywigheide op olie- en chemiese tenkskepe moet –
 - (a) in die voorafgaande vyf jaar ten minste drie maande seediens op olie- of chemiese tenkskepe voltooi het; en
 - (b) goedgekeurde basiese opleiding vir olie- en chemiese tenkskepe voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

- (2) Gesagvoerders, hoofingenieuroffisiere, hoofstuurmanne, tweede ingenieuroffisiere en enige persoon met onmiddellike verantwoordelikheid vir die laai, aflaai, versorging in transito, hantering van vrag, skoonmaak van tenks of ander vragverwante bedrywighede op olietenkskepe moet 'n sertifikaat in gevorderde opleiding vir vragbedrywighede op olietenkskepe hou. 'n Kandidaat vir 'n sertifikaat in gevorderde opleiding vir vragbedrywighede op olietenkskepe moet –
- (a) 'n sertifikaat in basiese opleiding in vragbedrywighede op olie- en chemiese tenkskepe hou, en terwyl hierdie sertifikaat gehou word;
 - (b) in die voorafgaande vyf jaar ten minste drie maande seediens in 'n waghouhoedanigheid op olietenkskepe voltooi het; en
 - (c) goedgekeurde gevorderde opleiding vir vragbedrywighede op olietenkskepe voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.
- (3) Gesagvoerders, hoofingenieuroffisiere, hoofstuurmanne, tweede ingenieuroffisiere en enige persoon met onmiddellike verantwoordelikheid vir die laai, aflaai, versorging in transito, hantering van vrag, skoonmaak van tenks of ander vragverwante bedrywighede op chemiese tenkskepe moet 'n sertifikaat in gevorderde opleiding vir vragbedrywighede op chemiese olietenkskepe hou. 'n Kandidaat vir 'n sertifikaat in gevorderde opleiding vir vragbedrywighede op chemiese tenkskepe moet –
- (a) 'n sertifikaat in basiese opleiding in vragbedrywighede op olie- en chemiese tenkskepe hou, en terwyl hierdie sertifikaat gehou word;
 - (b) in die voorafgaande vyf jaar ten minste drie maande seediens in 'n waghouhoedanigheid op chemiese tenkskepe voltooi het; en
 - (c) goedgekeurde gevorderde opleiding vir vragbedrywighede op chemiese tenkskepe voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.
- (4) Gesagvoerders, offisiere en seelui wat ooreenkomstig hierdie regulasies gekwalifiseer is, moet met tussenpose van hoogstens vyf jaar voortgesette professionele bekwaamheid toon op die tipe tenkskip waarvoor die bevoegdheidsertifikaat of endossement weer geldig verklaar moet word, ooreenkomstig regulasie 3(2) en (3).

75 **Spesiale vereistes vir personeel op gastenkskepe**

- (1) Benewens ander opleiding wat by hierdie regulasies vereis word, moet offisiere en seelui aan wie spesifieke pligte en verantwoordelikhede rakende vrag of vragtoerusting op vervloeidegastenkskepe opgedra is, 'n sertifikaat in basiese opleiding vir vragbedrywighede op vervloeidegastenkskepe hou. 'n Kandidaat vir 'n sertifikaat in basiese opleiding vir vragbedrywighede op vervloeidegastenkskepe moet –
- (a) in die voorafgaande vyf jaar ten minste drie maande seediens op gastenkskepe voltooi het; en

- (b) goedgekeurde basiese opleiding vir vragbedrywighe op vervloeidegastenskepe voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.
- (2) Gesagvoerders, hoofingenieuroffisiere, hoofstuurmanne, tweede ingenieuroffisiere en enige persoon met onmiddellike verantwoordelikheid vir die laai, aflaai, versorging in transito, hantering van vrag, skoonmaak van tenks en op olie- of chemiese of gastenskepe moet 'n sertifikaat in gevorderde opleiding vir vragbedrywighe op vervloeidegastenskepe hou. Kandidate vir 'n sertifikaat in gevorderde opleiding vir vervloeidegastenskepe moet –
 - (a) 'n sertifikaat in basiese opleiding in vragbedrywighe op vervloeidegastenskepe hou,
 - (b) in die voorafgaande vyf jaar ten minste drie maande seediens in 'n waghouhoedanigheid op vervloeidegastenskepe voltooi het; en
 - (c) goedgekeurde gevorderde opleiding vir daardie tipe tenkskip voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.
- (3) Gesagvoerders, offisiere en seelui wat ooreenkomstig hierdie regulasies gekwalifiseer is, moet met tussenpose van hoogstens vyf jaar voortgesette professionele bekwaamheid toon op die tipe tenkskip waarvoor die bevoegdheidsertifikaat of endossement weer geldig verklaar moet word, ooreenkomstig regulasie 3(2) en (3).

76 Spesiale vereistes vir personeel op passasierskepe

- (1) Hierdie regulasie is van toepassing op gesagvoerders, offisiere, seelui en ander personeel op passasierskepe wat op kusvaartseereise of onbepaalde seereise bedryf word. Skepe van Klas IIA-, V- en VI-passasierskepe, binne die klasse van regulasie 4 van die Regulasies op Lewensreddingstoerusting, 1968, moet aan subregulasies (4) en (5) voldoen ooreenkomstig hulle vlak van verantwoordelikheid.
- (2) Voordat aanboordpligte op passasierskepe aan hulle opgedra word, moet seelui in subregulasie (1) bedoel, opleiding wat by subregulasies (4) tot (7) vereis word, suksesvol voltooi het in ooreenstemming met hulle hoedanigheid, pligte en verantwoordelikhede en moet dokumentêre bewys aan hulle uitgereik word wat van die suksesvolle voltooiing van opleiding getuig.
- (3) Seelui wat in ooreenstemming met subregulasies (4), (6) en (7) opgelei moet word, moet met tussenpose van hoogstens vyf jaar goedgekeurde (opknappings)opleiding voltooi en voldoen aan die bevoegdheidstandaard wat in die Kode vermeld word.
- (4) Gesagvoerders, offisiere en ander personeel wat op monsterlyste aangewys is om passasiers by te staan in noodsituasies op passasierskepe, moet goedgekeurde opleiding in skarebestuur voltooi het en moet voldoen aan die bevoegdheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.
- (5) Personeel wat regstreekse diens aan passasiers in passasiersruimtes lewer, moet goedgekeurde opleiding in passasierskipveiligheid voltooi het en moet voldoen aan die bekwaamheidstandaarde wat in die Kode vermeld word.

- (6) Gesagvoerders, hoofstuurmanne, hoofingenieurs, tweede ingenieuroffisiere en elke persoon met verantwoordelikheid vir die veiligheid van passasiers in noodsituasies op passasierskepe moet goedgekeurde opleiding in krisisbestuur en menslike gedrag voltooi het en moet voldoen aan die bevoegdheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.
- (7) Gesagvoerders, hoofstuurmanne, hoofingenieurs, tweede ingenieuroffisiere en elke persoon met onmiddellike verantwoordelikheid vir die inskeep, ontskeep van passasiers, oplaai, aflaai of vasmaak van vrag, of romptoemaakbedrywighede op passasierskepe moet goedgekeurde opleiding in passasiersveiligheid, vragveiligheid en rompintegriteit voltooi het en moet voldoen aan die bevoegdheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

Afdeling 7 Kwalifiserende diens en beperkings

77 Wanvoorstelling van kwalifiserende diens

- (1) 'n Kandidaat wat opsetlik sy of haar kwalifiserende diens wanvoorstel, word gediskwalifiseer van diplomering ingevolge hierdie regulasies totdat hy of sy enige tekortkoming in kwalifiserende diens goedgemaak het plus 'n bykomende 12 maande van die gepaste diens.
- (2) Bykomende diens wat ingevolge subregulasie (1) verrig is, tel nie vir die kwalifiserende diens van enige ander diplomering nie (hetsy ingevolge hierdie regulasies of andersins ingevolge die Wet).

78 Bewys van kwalifiserende diens

- (1) 'n Kandidaat moet bewys van kwalifiserende diens tot tevredenheid van die eksaminator lewer.
- (2) Die eksaminator kan vereis dat die kandidaat enige tydperk van onderbreking in kwalifiserende diens tot die eksaminator se tevredenheid verduidelik.

79 Kwalifiserende diens as seeman

Seediens of hawebedryfdiens wat as 'n seeman gedoen is, tel ten volle vir die kwalifiserende diens vir 'n eerste bevoegdheidsertifikaat.

80 Geldigheid van kwalifiserende diens

Kwalifiserende diens moet gedoen wees nie vroeër nie as 10 jaar voor die datum van aansoek vir die betrokke diplomering.

81 Berekening van kwalifiserende diens

- (1) Kwalifiserende diens word bereken vanaf die datum van aanstelling op 'n skip tot die datum van ontslag van die skip, en word bereken deur die werklike getal dae tussen

die dae van aanstelling en ontslag, albei ingesluit, te neem en 30 dae vir 'n maand en 12 maande vir 'n jaar te neem.

- (2) Kwalifiserende diens wat verrig is op vaartuie wat tot hawebedryf beperk is, word soos volg bereken:
- a. 'n skof van ten minste agt uur wat gedurende 'n tydperk van 24 uur verrig is, is gelyk aan een dag kwalifiserende diens;
 - b. 'n skof van meer as agt uur tel nie as meer as een dag kwalifiserende diens nie.

82 Seediens verrig op skepe wat nie gereeld uitvaar nie of in mynbedrywighede bedryf word

- (1) Diens wat verrig word op skepe wat nie gereeld uitvaar nie, tel ten volle vir kwalifiserende diens vir 'n dekkoffisersertifikaat as die tyd wat werklik op see deurgebring is, gelyk is aan of meer is as twee derdes van die totale tydperk van die kandidaat se diens op die skip. As die tyd wat werklik op see deurgebring is, minder as twee derdes is, tel een en 'n half keer die tyd wat werklik op see deurgebring is, vir kwalifiserende diens.
- (2) Die tyd wat 'n kandidaat bestee op bystand by 'n skip wat gebou of opgeknop word, maar hoogstens ses maande in enige kwalifiserende tydperk, tel ten volle vir kwalifiserende tyd.
- (3) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie regulasies moet seediens op skepe wat in mynbedrywighede bedryf word, soos volg tel vir die kwalifiserende diens vir 'n dekkoffisersertifikaat:
 - (a) in die geval van 'n sertifikaat wat tot mynbedrywighede beperk is, tel die seediens ten volle vir die kwalifiserende diens; en
 - (b) in alle ander gevalle –
 - (i) as mynbedrywighede vir meer as twee derdes van die tydperk seediens verrig is, tel die seediens ten volle vir die kwalifiserende diens; of
 - (ii) as mynbedrywighede vir minder as twee derdes van die tydperk seediens verrig is, tel die seediens nie vir meer as die helfte van die kwalifiserende diens nie.
- (4) 'n Kandidaat wat kwalifiserende diens ooreenkomstig subregulasie (1) of (3) eis, moet 'n verklaring voorlê van die gesagvoerder of eienaar van elke skip waarop die diens verrig is, met vermelding van die datums toe –
 - (a) die skip op see was op vaart of voor anker en van die werk waarvoor die skip bedryf is en van die bedryfsgebied; of (na gelang van die geval) en/of
 - (b) die skip in aanbou was of opgeknop is.
- (5) Kwalifiserende diens wat ooreenkomstig hierdie regulasie geëis word, tel as diens op skepe op onbeperkte of kusvaartseereise, na gelang van die geval.

83 Bewys van diens op vreemde skepe

Diens op 'n skip wat nie in die Republiek geregistreer is nie, tel as kwalifiserende diens tensy die diens nie geverifieer kan word nie deur die Owerheid of, in 'n geval waar dit nie aldus geverifieer kan word nie, deur of namens die regering van die land waaraan die skip behoort.

84 Verwydering van mynbedrywighedebeperking

- (1) Die houër van diplomering wat 'n mynbedrywighedebeperking wil verwyder, moet –
 - (a) ten minste die helfte van die kwalifiserende diens vir die verlangde sertifikaat voltooi het; en
 - (b) voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

DEEL 4 OPLEIDING

85 Maritieme opleidingsverskaffers

- (1) Die Owerheid kan aan 'n opleidingsverskaffer akkreditasie verleen om enige opleiding te gee wat deur die Kode vereis word. Sodanige akkreditasie ingevolge hierdie regulasies –
 - (a) moet skriftelik verleen word;
 - (b) moet geldig wees vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar;
 - (c) moet die datum meld waarop dit in werking tree en verval en die voorwaardes waarop dit verleen is;
 - (d) moet die minimum duur van die kursus en die maksimum getal toegelate kandidate vermeld; en
 - (e) kan onmiddellik na 'n oudit gewysig, opgeskort of gekanselleer word, met dien verstande dat indien die akkreditasie gekanselleer word, ten minste 30 dae kennis gegee moet word.
- (2) Om geakkrediteer te word as maritieme opleidingsverskaffer wat gemagtig is om goedgekeurde opleiding ingevolge hierdie regulasies te gee, moet 'n opleidingsverskaffer –
 - (a) instrukteurs aangestel het wat –
 - (i) waardering het vir die opleidingsprogram en 'n begrip van die spesifieke opleidingssoogmerke vir die bepaalde tipe opleiding wat gegee moet word;
 - (ii) gekwalifiseer is vir die taak waarvoor die opleiding gegee moet word; en
 - (iii) indien opleiding met gebruik van 'n nabootser gegee moet word –

- (aa) gepaste leiding ontvang het in instruksietegnieke wat die gebruik van nabootsers behels; en
 - (bb) praktiese bedryfsondervinding opgedoen het op die bepaalde tipe nabootser wat gebruik gaan word.
- (b) assessors aangestel het wat –
- (i) ’n gepaste vlak van kennis en begrip het van die bekwaamheid wat geassesseer moet word;
 - (ii) gekwalifiseer is in die taak waarvoor die assesserings gedoen moet word;
 - (iii) gepaste leiding ontvang het in metodes en praktyk van assessering;
 - (iv) praktiese assesseringsondervinding opgedoen het; en
 - (v) as hulle assessering moet doen wat die gebruik van nabootsers behels, praktiese assesserondervinding op die bepaalde tipe nabootser wat gebruik gaan word, opgedoen het onder toesig en tot tevredenheid van ’n ervare assessor;
- (c) ’n gehaltebestuurstelsel handhaaf met prosedures om –
- (i) rekords te hou van datums wanneer kursusse gehou word;
 - (ii) die uitkoms van die kursusse vir alle kandidate aan te teken;
 - (iii) die rekords vir ’n tydperk van vyf jaar te hou; en
 - (iv) die kandidate se volle name, geboortedatum, geboorteplek en identiteitsnommer of paspoortnommer vir ’n vreemde kandidaat aan te teken;
- (d) jaarliks interne oudits doen en ’n afskrif aan die Owerheid verskaf;
- (e) toereikende fasiliteite en opleidingstoerusting hê soos in die Kode vermeld;
- (f) in Januarie elke jaar ’n rooster van beplande kursusse vir die komende jaar beskikbaar stel. Sodanige rooster moet bygewerk word elke keer wanneer ’n kursus buite die vasgestelde datums aangebied word; en
- (g) die gehaltebestuurstelsel in paragraaf (c) van hierdie subregulasie bedoel en vereiste rekords binne ’n tydperk van twee dae toeganklik maak vir inspeksie en ouditering.
- (3) Aansoek vir akkreditasie moet gedoen word in die vorm en op die wyse, insluitende die inligting en vergesel gaan van die dokumente, wat die Owerheid bepaal.
- (4) Vir akkreditasie moet ’n maritieme opleidingsverskaffer die Owerheid toelaat –

- (a) om die verskaffer se fasiliteite, reëlings, metodes en materiaal vir opleiding en assessering te inspekteer; en
 - (b) om onderhoude te voer met die verskaffer se studente, administratiewe personeel en opleidingsinstrukteurs, -toesighouers en -assessors.
- (5) 'n Geakkrediteerde maritieme opleidingsverskaffer moet –
- (a) enige inligting aan die Owerheid verskaf wat die Owerheid verlang oor goedgekeurde opleiding wat die verskaffer aanbied; en
 - (b) die Owerheid sonder versuim in kennis stel van enige verandering in die personeel wat die opleiding gee of die metodes of materiaal vir die gee daarvan.
- (6) Elke geakkrediteerde opleidingsverskaffer wat gemagtig is om vlak 2-assesserings ingevolge regulasie 15 te doen, moet –
- (a) alle finale eksamenvraestelle en memoranda voorlê vir moderering deur 'n eksaminator voordat die eksamen deur kandidate geskryf word;
 - (b) finale eksamenskrifte voorlê vir moderering deur 'n eksaminator voordat 'n finale punt aan die kandidate gegee word;
 - (c) enige eksamenskrifte, assesseerresultate, kursustake, vorderingsverslae of ander opleidingsverwante verslae wat die Owerheid verlang, aan 'n eksaminator beskikbaar stel;
 - (d) die inligting in paragrawe (a) en (b) bedoel, ten minste vyf jaar hou vir ouditdoeleindes.
- (7) 'n Eksaminator kan 'n geakkrediteerde maritieme opleidingsverskaffer op enige redelike tyd besoek om die verrigting van enige aktiwiteit wat deur die verskaffer se akkreditasie gedek word, te inspekteer en te oudit.
- (8) Waar daar bevind word dat 'n geakkrediteerde instelling die akkreditasievoorwaardes oortree het en dit nie reggestel kan word nie, kan die Owerheid weier om so 'n instelling te akkrediteer.
- (9) Die Owerheid moet 'n marinekennisgewing publiseer met besonderhede van geakkrediteerde kursusse en instellings.

86 Opleidingsprogramme en -kursusse

- (1) Om ingevolge hierdie regulasies goedgekeur te word, moet 'n opleidingsprogram of kursus –
- (a) gestruktureer word ooreenkomstig skriftelike programme wat –
 - (i) gebaseer is op die betrokke leerplanne in die Kode; en

- (ii) die metodes en media van lewering, prosedures en kursusmateriaal insluit wat nodig is om die bevoegdheidstandaarde te haal wat in die Kode vermeld word; en
 - (b) aangebied en geëvalueer word en toesig daarvoor gehou word deur persone wat ooreenkomstig onderskeidelik regulasie 85(2)(a), (b) en (c) gekwalifiseer is.
- (2) Aansoek vir goedkeuring moet gedoen word in die vorm en op die wyse, insluitende die inligting en vergesel gaan van die dokumente, wat die Owerheid bepaal.

87 Versnelde opleidingsprogramme

- (1) Om ingevolge hierdie regulasies goedgekeur te word, moet 'n versnelde opleidingsprogram (versnelde opleiding) –
- (a) uiteengesit word in 'n opleidingsplan wat vir elke stadium van die program die volgende vermeld:
 - (i) die oogmerke;
 - (ii) die uitkomste, met inagneming van die betrokke bevoegdhede wat in die Kode vermeld word; en
 - (iii) hoe die uitkomste behaal sal word;
 - (b) intensiewe en stelselmatige praktiese opleiding en ondervinding verskaf in die pligte en verantwoordelikhede wat met die betrokke soort diplomering gepaardgaan;
 - (c) aangebied en geëvalueer word en toesig daarvoor gehou word deur persone wat ooreenkomstig onderskeidelik subregulasies (2), (3) en (4) gekwalifiseer is;
 - (d) gepaste tydperke, binne die normale bedryfsvereistes van die skip, vir die voltooiing van opleiding aan boord verskaf; en
 - (e) voorsiening maak vir die hou van omvattende rekords met betrekking tot opleiding wat ingevolge die program gegee is.
- (2) Iemand wat versnelde opleiding gee, moet –
- (a) waardering hê vir die opleidingsprogram en 'n begrip van die spesifieke opleidingsoogmerke vir die bepaalde tipe opleiding wat gegee word;
 - (b) gekwalifiseer wees vir die taak waarvoor die opleiding gegee word; en
 - (c) indien opleiding gegee word met gebruik van 'n nabootser –
 - (i) gepaste leiding ontvang het in instruksietegnieke wat die gebruik van nabootsers behels; en
 - (ii) praktiese bedryfsondervinding opgedoen het op die bepaalde tipe nabootser wat gebruik word.

- (3) 'n Persoon verantwoordelik vir toesig oor versnelde opleiding moet 'n deeglike begrip hê van die opleidingsprogram en van die spesifieke oogmerke vir elke tipe opleiding wat gegee word.
- (4) 'n Persoon wat die bevoegdheid assesseer van 'n kandidaat wat versnelde opleiding ondergaan, moet –
 - (a) 'n gepaste vlak van kennis en begrip hê van die bekwaamheid wat geassesseer moet word;
 - (b) gekwalifiseer wees in die taak waarvoor die assessering gedoen word;
 - (c) gepaste leiding ontvang het in metodes en praktyk van assessering; en
 - (d) as assessering gedoen word wat die gebruik van nabootsers behels, praktiese assesseerondervinding op die bepaalde tipe nabootser opgedoen het onder toesig en tot tevredenheid van 'n ervare assessor.
- (5) Aansoek vir goedkeuring moet gedoen word in die vorm en op die wyse, insluitende die inligting en vergesel gaan van die dokumente, wat die Owerheid bepaal.
- (6) Die Owerheid kan skepe wat meer as 12 kadette vervoer waar goedgekeurde prosedures, beleide, opleidingsbeamptes, akkommodasie en fasiliteite verskaf word, as opleidingskepe goedkeur.
- (7) Elke versnelde opleidingsprogram wat deur die Owerheid goedgekeur is, moet in 'n marinekennisgewing gepubliseer word.

88 Opleidingsrekordboek

- (1) 'n Goedgekeurde opleidingsrekordboek moet voldoen aan die vorm- en inhoudsvereistes wat die Owerheid bepaal, met inagneming van:
 - (a) die beginsels en standarde in die betrokke Konvensie uiteengesit;
 - (b) enige verbandhoudende leiding wat deur die Organisasie gepubliseer is, en
 - (c) die betrokke leerplanne in die Kode.
- (2) Aansoek vir goedkeuring moet gedoen word in die vorm en op die wyse, insluitende die inligting en vergesel gaan van die dokumente, wat die Owerheid bepaal.
- (3) Elke kandidaat moet sy of haar opleidingsrekordboek byhou en beskikbaar hou vir insae op alle redelike tye.
- (4) As die Owerheid bevind dat die houer van 'n goedgekeurde opleidingsrekordboek inligting in die boek opsetlik wanvoorgestel het, moet daar, afgesien van enige ander straf wat opgelê word, van die houer vereis word om 'n bykomende 12 maande gepaste kwalifiserende diens te voltooi.

89 Pligte van gesagvoerders en persone wat indiensopleiding gee

- (1) Elke persoon wat indiensopleiding gee, moet verseker dat –
 - (a) gepaste tydperke, binne die normale bedryfsvereistes van die skip, vir die voltooiing van die program van opleiding aan boord verskaf word;
 - (b) aan die begin van die program en aan die begin van elke seereis op 'n ander skip, kandidate omvattende inligting en leiding gegee word oor wat van hulle verwag word en hoe die opleidingsprogram aangebied gaan word;
 - (c) 'n opleidingsoffisier aangewys word om die program te administreer;
 - (d) skeepsoffisiere wat vir opleiding en assessering verantwoordelik is, hulle pligte en verantwoordelikhede rakende opleiding ken en verstaan;
 - (e) gedurende die vereiste tydperk van kwalifiserende diens, 'n kandidaat stelselmatige praktiese opleiding en ondervinding gegee word in die take, pligte en verantwoordelikhede rakende die verlangde sertifikaat, met behoorlike inagneming van die bevoegdheid wat in die opleidingsrekordboek vermeld word;
 - (f) assesserings van 'n kandidaat sonder onnodige vertraging gedoen word wanneer 'n kandidaat gereed is vir assessering;
 - (g) die opleiding aan boord 'n integrale deel van die oorkoepelende opleidingsplan uitmaak;
 - (h) die program van opleiding aan boord bestuur en gekoördineer word deur die persoon wat die skip bestuur waarop die kwalifiserende diens verrig moet word; en
 - (i) 'n omvattende rekord gehou word van alle opleiding wat gegee word.
- (2) Elke persoon wat ingevolge subregulasie (1)(c) as 'n opleidingsoffisier aangewys is, is verantwoordelik vir –
 - (a) die oorkoepelende administrasie van die opleidingsprogram;
 - (b) die monitering van kandidate se vordering dwarsdeur sodanige program; en
 - (c) die gee van leiding, wanneer nodig, en versekering dat die opleidingsprogram behoorlik uitgevoer word.
- (3) 'n Gesagvoerder se verantwoordelikhede is –
 - (a) om die skakel te bied tussen die skip se offisiere wat vir opleiding verantwoordelik is en die opleidingsoffisier op land;
 - (b) om die skip se offisiere wat vir die organisering en toesighouding oor opleiding aan boord vir elke seereis verantwoordelik moet wees, skriftelik aan te wys;

- (c) om kontinuïteit te verseker in die geval van enige verandering van skeepsoffisiere gedurende seereise; en
 - (d) om te verseker dat alle betrokke personeel die opleidingsprogram aan boord doeltreffend uitvoer.
- (4) Tensy die gesagvoerder anders gelas in belang van die veilige bedryf van die skip, is elke skeepsoffisier wat ingevolge subregulasie (3)(b) aangewys is, verantwoordelik vir –
- (a) organisering van die program van praktiese opleiding op see;
 - (b) versekering, in 'n toesighoudende hoedanigheid, dat opleidingsrekordboeke behoorlik bygehou word en dat alle ander vereistes nagekom word; en
 - (c) versekering, in soverre dit doenlik is, dat die tyd wat die kandidaat aan boord bestee, so nuttig as moontlik is wat opleiding en ondervinding betref en ooreenstem met die oogmerke van die opleidingsprogram en die vordering van opleiding.

DEEL 5 BEMANNINGSVEREISTES

90 Toepassing

- (1) Behoudens subregulasie (4) van hierdie regulasie is hierdie regulasies van toepassing op elke Suid-Afrikaanse skip ongeag waar dit is.
- (2) Voorts is regulasies 92, 93, 94, 116, 117 en 118 van toepassing op elke vreemde skip waarop die Veiligheidskonvensie, die STCW-konvensie of die STCW-F-konvensie van toepassing is, wanneer in die Republiek of sy gebiedswaters.
- (3) 'n Bepaling van hierdie regulasies is nie op 'n Suid-Afrikaanse skip in die waters van 'n ander Staat van toepassing nie waar die bepaling strydig is met 'n wet van daardie Staat wat, ingevolge die bepalings daarvan, op die skip van toepassing is wanneer in die waters van daardie Staat.
- (4) Hierdie regulasies is nie van toepassing nie op –
 - (a) vaartuie van minder as 25 BT;
 - (b) enige vaartuig van minder as 100 BT wat net vir sport of ontspanning gebruik word;
 - (c) enige vaartuig van 100 BT of meer wat ingevolge die regulasies op lewensreddingstoerusting as 'n klas XII-jag geklassifiseer is indien daar op die vaartuig 'n toereikende getal en beskrywing van persone in diens is om te verseker dat die vaartuig toereikend en doelmatig beman is; en
 - (d) skepe wat deur die weermag van die Republiek of enige ander land besit word.

91 Verantwoordelikhede van eienaars en gesagvoerders

- (1) Die eenaar van elke skip moet verseker dat –
 - (a) geen skeepsoffisier bevel van 'n navigasiewag op die skip oorneem nie tensy hy of sy gepaste geldige diplomering hou wat hom of haar daarop geregtig maak om dit te doen;
 - (b) geen seeman deel van 'n navigasie- of ingenieurswag op die skip uitmaak nie tensy hy of sy gepaste geldige diplomering hou wat hom of haar daarop geregtig maak om dit te doen;
 - (c) die gesagvoerder en elke skeepsoffisier gepaste ondervinding het van die tipe skip waarop hy of sy in diens is;
 - (d) die gesagvoerder en elke seeman in diens op die skip, voordat hy of sy toegelaat word om sy of haar aangewese pligte te aanvaar, vertrouwd gemaak word met hulle spesifieke pligte en met al die skip se inrigtings, installasies, toerusting, prosedures en eienskappe rakende hulle roetine- en noodpligte;
 - (e) elke seeman in diens op die skip wat aangewys is om veiligheids- of besoedelingvoorkomingspligte te hê, dokumentêre bewys het dat hy of sy –
 - (i) in 'n hoedanigheid wat aangewys is om veiligheids- of besoedelingvoorkomingspligte te hê, gedien het vir 'n tydperk van ten minste 12 maande gedurende die voorafgaande vyf jaar; en
 - (ii) goedgekeurde persoonlike oorlewingstegnieke ooreenkomstig Deel 3 Afdeling 5 suksesvol voltooi het;
 - (f) die skip se bemanning aktiwiteite doeltreffend kan koördineer in 'n noodsituasie en by die verrigting van funksies wat noodsaaklik is vir veiligheid of vir die voorkoming of versagting van besoedeling;
 - (g) alle seelui in diens op vissersvaartuie goedgekeurde voorsee-opleiding voltooi het;
 - (h) alle seelui op ander vaartuie as vissersvaartuie goedgekeurde basiese opleiding voltooi het;
 - (i) dokumentasie en data rakende die gesagvoerder en seelui in diens op die skip bygehou word en geredelik beskikbaar is ter insae, insluitende dokumentasie en data rakende hulle ondervinding, opleiding, mediese geskiktheid en bekwaamheid in opgedraagde pligte.
- (2) Sonder om die eenaar se verpligtinge ingevolge subregulasie (1) te beperk, is dit die plig van die gesagvoerder om te verseker dat die vereistes van daardie subregulasie nagekom word met betrekking tot die seelui in diens op die skip.

- (3) Niks in subregulasie (1)(a) tot (f) belet die toewysing van take vir opleiding onder toesig of in die geval van *force majeure* nie.
- (4) (a) Die eienaar en die gesagvoerder van elke skip moet verseker dat, benewens die skip se offisiere en ander persone wat by hierdie regulasies of elders ingevolge die Wet voorgeskryf word, 'n toereikende aantal en beskrywing van persone as bemanning van die skip in diens is om te verseker dat die skip toereikend en doelmatig beman word.
- (b) Vir doeleindes van paragraaf (a) en regulasie 90(4)(c) word 'n skip geag toereikend en doelmatig beman te word indien, na die mening van die bevoegde offisier, dit gepas gekwalifiseerde persone as bemanning het om hom in staat te stel om uit te vaar met behoorlike inagneming van die vereistes van die regulasies op lewensreddingstoerusting, die regulasies in verband met botsings, die radioregulasies en enige ander veiligheidsbepalings wat op die skip van toepassing is.
- (c) Die bevoegde offisier moet, by die bepaling van die toereikendheid van die bemanning in ooreenstemming met hierdie subregulasie, die volgende in aanmerking neem:
- (i) die bemanning wat normaalweg deur soortgelyke skepe op soortgelyke seereise of bedrywighede gedra word;
 - (ii) die bemanning wat die betrokke skip onlangs op vorige seereise of bedrywighede gedra het;
 - (iii) die bemanning wat toereikend is om nakoming van regulasies 92 en 93 te verseker; en
 - (iv) die aard van die diens waarvoor die skip bedoel is.
- (5) Die Owerheid moet, indien en wanneer dit nodig is, 'n marinekennisgewing uitreik waarin die getal persone vermeld word wat die bemanning van 'n skip moet uitmaak en die hoedanighede waarin daardie persone moet dien, uitgesonderd persone wat in hierdie regulasies of elders ingevolge die Wet voorgeskryf word.

92 Waghoustandaarde

- (1) Eienaars, gesagvoerders en waghoupersoneel moet voldoen aan die vereistes en beginsels in Aanhangsels 1 en 2 uiteengesit, om te verseker dat 'n veilige deurlopende wag, gepas vir die heersende omstandighede en toestande, te alle tye op alle skepe gehandhaaf word.
- (2) Sonder om subregulasie (1) te beperk, moet die gesagvoerder van elke skip verseker dat waghoureëlings toereikend is om 'n veilige wag te handhaaf, met inagneming van die heersende omstandighede en toestande, en dat, onder die gesagvoerder se leiding –

- (a) offisiere in bevel van die navigasiewag verantwoordelik is om die skip veilig te navigeer gedurende hulle dienstydpere, wanneer hulle te alle tye fisies op die navigasiebrug of op 'n regstreeks verbandhoudende plek soos die kaartkamer of brugbeheerkamer teenwoordig moet wees;
- (b) radio-operateurs verantwoordelik is om gedurende hulle dienstydpere 'n deurlopende radiowag te handhaaf op gepaste frekwensies;
- (c) offisiere in bevel van die ingenieurswag, onder leiding van die hoofingenieur-offisier, onmiddellik beskikbaar en diensgereed is om na die masjinerieruimtes om te sien en, wanneer nodig, fisies teenwoordig is in die masjinerieruimte gedurende hulle dienstydpere; en
- (d) 'n gepaste en doeltreffende wag te alle tye gehandhaaf word met die oog op veiligheid, terwyl die skip voor anker of vasgemeer is en, as die skip gevaarlike vrag dra, die organisasie van die wag ten volle ag slaan op die aard, hoeveelheid, verpakking en stuwings van die gevaarlike vrag en van enige spesiale toestande wat aan boord, op see of op land heers.

93 Werkure Algemene plig van eienaars, gesagvoerders en andere

- (1) Die gesagvoerder en die eenaar moet die gevaar in aanmerking neem wat deur vermoeidheid van seelui geskep word, veral dié wie se pligte die veilige en sekere bedryf van daardie skip behels. Om uitputting te voorkom, moet eienaars die riglyne in aanmerking neem wat deur die Owerheid verskaf word.
- (2) Alle persone aan wie diens opgedra is as offisier in bevel van 'n wag of as 'n seeman wat deel van 'n wag uitmaak, en dié wie se pligte aangewese veiligheids-, besoedelingvoorkomings- en sekuriteitspligte behels, moet 'n rustyd kry van nie minder nie as –
 - (a) 10 uur in enige tydperk van 24 uur; en
 - (b) 77 uur in enige tydperk van 7 dae.
- (3) Die rusure kan in hoogstens twee tydperke verdeel word, waarvan een ten minste ses uur lank moet wees, en die tussenpose tussen opeenvolgende tydperke van rus mag nie meer as 14 uur wees nie.
- (4) Die vereistes vir rustydperke in subregulasie (2) bepaal, hoef nie gehandhaaf te word nie in 'n noodgeval of in ander oorheersende bedryfstoeistande. Monsterring, brandbestrydings- en reddingsbootoefeninge en oefeninge wat by nasionale wette en regulasies en by internasionale instrumente voorgeskryf word, moet gedoen word op 'n wyse wat die versteuring van rustydperke beperk en nie tot vermoeidheid lei nie.
- (5) Die gesagvoerder en die eenaar moet waghuroosters opplak waar dit maklik toeganklik is. Die roosters moet opgestel word in 'n formaat wat die Owerheid bepaal in een van die amptelike tale van die Republiek en in Engels.

- (6) As 'n seeman diensgereed is, soos wanneer 'n masjinerieruimte onbeman is, moet die seeman 'n toereikende vergoedende rustyd kry as die normale rustyd verstuur is.
- (7) Die gesagvoerder en die eienaar moet vereis dat rekords van daaglikse rusure van seelui bygehou word in 'n formaat wat die Owerheid publiseer of 'n goedgekeurde formaat wat soortgelyke inligting bevat, in die werktal van die skip en 'n vertaling in Engels, om monitering en verifiëring van nakoming van die bepalings van hierdie regulasie moontlik te maak. Die seeman moet 'n afskrif kry van die rekord wat op hom of haar van toepassing is, wat geëndosseer is deur die gesagvoerder of deur 'n persoon wat deur die gesagvoerder en die eienaar gemagtig is.
- (8) Niks in hierdie regulasie word geag inbreuk te maak nie op die reg van die gesagvoerder van 'n skip om van 'n seeman te vereis om enige werkure te verrig wat nodig is vir die onmiddellike veiligheid van die skip, persone aan boord of vrag, of met die doel om bystand te verleen aan ander skepe of persone in nood ter see. Gevolglik kan die gesagvoerder die rooster van rusure opskort en van 'n seeman vereis om enige werkure te verrig wat nodig is totdat die normale situasie herstel is. So gou doenlik na die normale situasie herstel is, moet die gesagvoerder verseker dat enige seelui wat in 'n vasgestelde rustyd werk verrig het, 'n toereikende rustyd kry.
- (9) Die gesagvoerder of eienaar kan vrystelling van die vereiste rusure in subregulasie (2)(b) toelaat, met dien verstande dat die rustyd nie minder as 70 uur in enige tydperk van 7 dae is nie.
- (10) Vrystellings van die weeklikse rustyd in subregulasie (2) bedoel, mag nie vir meer as twee opeenvolgende weke toegelaat word nie. Die tussenpose tussen twee tydperke van vrystelling aan boord mag nie minder wees nie as twee keer die duur van die vrystelling.
- (11) Die rusure in subregulasie (2) bedoel, kan in hoogstens drie tydperke verdeel word, waarvan een ten minste ses uur lank moet wees, en nie een van die ander twee tydperke mag korter as een uur wees nie. Die tussenpose tussen opeenvolgende rustye mag nie meer as 14 uur wees nie. Vrystellings mag nie meer as twee tydperke van 24 uur in enige tydperk van 7 dae wees nie.
- (12) Die eienaar en/of gesagvoerder van elke skip moet 'n rooster van pligte verskaf waarin onder meer die volgende uiteengesit word:
- (a) werkure vir elke seeman op waghou- of skeepshanteringspligte; en
 - (b) minimum rustye ooreenkomstig hierdie regulasie.
- (13) Die rooster van pligte moet aan boord gehou word en beskikbaar gestel word aan alle seelui wat waghou en dié met pligte en verantwoordelikheid vir veiligheid en besoedelingsvoorkoming.
- (14) Rekords van rusure en enige afwykings van hierdie vereistes moet vir 'n minimum tydperk van vyf jaar aan boord gehou word.
- (15) Elke gesagvoerder en seeman moet verseker dat hulle behoorlik uitgerus is.

- (16) Enige uitsonderings wat die gesagvoerder maak teen die ure soos in subregulasies (8), (9), (10) en (11) bepaal, moet in die Amptelike Logboek of deklogboek aangeteken word, met vermelding van die omstandighede wat tot sodanige uitsonderings gelei het.

94 Alkohol- en dwelmmisbruik

- (1) Die gesagvoerder en eienaar van die skip moet prosedures instel vir die voorkoming van alkoholmisbruik deur gesagvoerders, offisiere en ander seelui aan wie veiligheids-, sekuriteits- en marine-omgewingspligte opgedra is. Eienaars moet beleide rakende toetsing vir dwelms en alkohol ontwikkel.
- (2) Alkoholkonsentrasie vir gesagvoerders, offisiere en ander seelui terwyl hulle aangewese veiligheids-, sekuriteits- en marine-omgewingspligte verrig, mag nie die volgende perke oorskry nie:
- (a) hoogstens 0.05% bloedalkoholvlak en geen onwettige narkotiese stowwe in die bloed; of
- (b) 0.25 mg/l alkohol in die asem of 'n hoeveelheid alkohol wat tot sodanige alkoholkonsentrasie lei.
- (3) Beleide en prosedures moet voorsiening maak vir en onderskei tussen beplande en *ad hoc*-toetsing vir alkohol en onwettige dwelms.
- (4) Beplande toetsing vir dwelms en alkohol wat ooreenkomstig hierdie regulasie gedoen is, moet in die Amptelike Logboek of deklogboek aangeteken word. Waar *ad hoc*-toetsing gedoen is, moet volledige besonderhede van die omstandighede vir so 'n toets in die Amptelike Logboek of deklogboek aangeteken word.

95 Bepaling van minimum getal persone in diens op Suid-Afrikaanse skepe

- (1) Die indiensneming van offisiere en seelui aan boord van 'n Suid-Afrikaanse skip moet, as 'n minimum, ooreenkomstig die toepaslike regulasie in Deel 6 wees.
- (2) Hierdie regulasie beperk nie die bevoegdheid van die bevoegde beampte om gepaste bemanningsvlakke soos by regulasie 91(4) bepaal, uit te reik en te bepaal nie.
- (3) Die bevoegde beampte kan versoek dat die eienaar en/of gesagvoerder van 'n skip wat bedryf word in bedrywighede waarop Deel 6 van toepassing is, geag word ontoereikend te wees om 'n risikobepaling te doen om minimum veilige bemanningsvlakke te bepaal nie.
- (4) Die eienaar en/of gesagvoerder kan by die bevoegde beampte by die naaste hawe aansoek doen dat die aantal gediplomeerde offisiere en matrose ooreenkomstig hierdie subregulasie bepaal word. Die bevoegde beampte mag so 'n alternatiewe bemanning uitreik slegs nadat –

- (a) die eienaar skriftelik aansoek gedoen het met motivering vir die afwyking van die bemanningsvlakke wat in Deel 6 verskaf is, en 'n risikobepaling verskaf het. Indien die aansoek vir meer as een vaartuig is, moet sodanige vaartuie van soortgelyke grootte en bedrywighede wees; en
 - (b) die bevoegde beampte, indien hy of sy saamstem met die aansoek in subparagraaf (a), moet slegs nadat –
 - (i) 'n opnemer aanstel om die risikobepaling te hersien en aanbevelings aan hom te doen; en
 - (ii) indien hy tevrede is, 'n veiligheidsbemanningsdokument uitreik met sodanige alternatiewe bemanningsvlakke wat bepaal is ooreenkomstig die risikobepaling en aanbevelings van 'n opnemer.
- (5) Die risikobepaling in subregulasie (3) bedoel, moet gedoen word soos deur die Owerheid voorgeskryf en bly geldig tot enige van die gevalle hieronder:
- (a) hoogstens vyf jaar na die datum van uitreiking;
 - (b) ongeldig wanneer die eienaarskap of bedrywighede verander het;
 - (c) as die skip se veiligheidsertifikate wat ingevolge die Wet uitgereik is, verval het vir 'n tydperk van meer as drie maande sonder kennisgewing aan die Owerheid; en
 - (d) as die vaartuig nie in 'n seewaardige toestand gehou word nie sodat enige inspeksie tekortkominge van die volgende aard aan die lig bring:
 - (i) gereelde nienakoming van minimum rusure; en
 - (ii) swak instandhouding van die skip.

96 Indiensneming van persone met vreemde sertifikate

- (1) Vir doeleindes van artikel 83(1) van die Wet mag die eienaar van 'n skip waarop die STCW-konvensie van toepassing is, geen persoon wat 'n sertifikaat het wat deur of namens die regering van 'n ander land uitgereik is, as gesagvoerder of skeepsoffisier op die skip aanstel nie tensy –
- (a) daardie persoon se sertifikaat ooreenkomstig regulasie 98 geëndosseer is; of
 - (b) by gebrek aan so 'n endossement, die sertifikaat uitgereik is en geldig is ooreenkomstig die STCW-konvensie, die dienstdoende nie meer as drie maande is nie en die eienaar by die Owerheid aansoek doen vir 'n endossement ooreenkomstig regulasie 98 voor daardie persoon by 'n skip aansluit. Dokumentêre bewys van sodanige aansoek wat deur die Owerheid ontvang is, moet aan boord wees.
- (2) Vir doeleindes van artikel 83(1) van die Wet mag die eienaar van 'n skip waarop die STCW-konvensie van toepassing is, geen persoon wat 'n bekwaamheidsertifikaat het

wat deur of namens die regering van 'n ander land uitgereik is, as gesagvoerder of skeepsoffisier op die skip aanstel nie tensy die Owerheid daardie persoon se indiensneming op die skip ingevolge artikel 83(2) van die Wet gemagtig het.

- (3) Aansoek vir magtiging ingevolge artikel 83(2) van die Wet moet deur die eienaar van die skip gedoen word en gerig word aan die bevoegde beampte naaste aan die skip se beoogde vertrekthawe. Die aansoek moet –
- (a) gedoen word voor die persoon diens aanvaar op die skip; en
 - (b) vergesel gaan van die persoon se oorspronklike sertifikaat of 'n afskrif daarvan (saam met 'n gewaarmerkte vertaling in Engels waar die sertifikaat in 'n ander taal as Engels is), 'n mediese ondersoekverslag wat voldoen aan die vereistes vermeld in die Handelskeepvaartregulasies (Medies en Oogsig), 2004, soos gewysig, of 'n verslag van 'n ander party wat deur die Owerheid erken word en getuig van die persoon se mediese geskiktheid en 'n geldige oogsigtoetsertifikaat.
 - (c) die bevoegde beampte kan van die persoon vereis om voor 'n eksaminator te verskyn, wat hom of haar daarvan moet vergewis dat die persoon toereikend gekwalifiseer is en dat hy of sy die vermoë het om gesprek te voer en opdragte en skriftelike instruksies in die Engelse taal uit te reik en te verstaan.
- (4) 'n Magtiging wat ingevolge artikel 83(2) verleen is, moet skriftelik wees en moet die tydperk, van hoogstens ses maande, meld waartydens dit van krag bly.
- (5) Die Owerheid kan 'n magtiging wat ingevolge artikel 83(2) van die Wet verleen is, intrek indien –
- (a) die onderhawige persoon deur enige onvermoë toon dat hy of sy nie in staat is om 'n gesprek te voer en opdragte en skriftelike instruksies in die Engelse taal uit te reik en te verstaan nie;
 - (b) die persoon se sertifikaat verval of gekanselleer of opgeskort word deur of namens die regering op wie se gesag die sertifikaat oorspronklik uitgereik is;
 - (c) die persoon versuim om te voldoen aan enige voorwaarde waarop die magtiging verleen is;
 - (d) 'n hof van marine-onderzoek of 'n dissiplinêre verhoor die intrekking van die magtiging aanbeveel; of
 - (e) die persoon skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge die Wet of enige ander wet wat deur die Owerheid geadministreer word.
- (6) Vir artikel 74(1)(b) van die Wet is die volgende erkende diplomering as 'n seeman:

- (a) Vir skepe waarop die STCW-konvensie van toepassing is, geldige gepaste diplomering wat ooreenkomstig die STCW-konvensie deur of namens 'n ander Party by die Konvensie uitgereik is; en
- (b) vir ander skepe, geldige gepaste diplomering wat die Owerheid oortuig is die houër kwalifiseer om te dien in die hoedanigheid wat in die diplomering vermeld word.

97 Indiensneming van persone met vreemde sertifikate op vissersvaartuie

- (1) 'n Seeman met 'n vreemde sertifikaat wat deur 'n party by die STCW-F-konvensie uitgereik is, mag nie op 'n Suid-Afrikaanse vissersvaartuig in diens geneem word nie terwyl 'n sertifikaat gehou word wat ooreenkomstig die Konvensie uitgereik is, tensy dit ooreenkomstig regulasie 98 erken word.
- (2) 'n Werkgewer wat 'n seeman met 'n vreemde sertifikaat wat deur 'n party by die STCW-F-konvensie uitgereik is, in diens wil neem as 'n offisier of seeman wat by hierdie regulasies vereis word, moet by die Owerheid aansoek doen om sodanige kandidaat te laat assesser deur 'n eksaminator van die Owerheid.
- (3) Die erkenning van vreemde sertifikate op vissersvaartuie, ooreenkomstig regulasie 98, moet slegs op teoretiese opleiding gebaseer word.
- (4) Om vir 'n sertifikaat as 'n skipper of offisier op 'n Suid-Afrikaanse vissersvaartuig te kwalifiseer, moet 'n kandidaat ooreenkomstig regulasie 17 op vlak 3 geassesseer word. 'n Aansoek vir sodanige assessering moet in die vorm en wyse wees wat deur die Owerheid bepaal word.

98 Erkenning van vreemde sertifikate

- (1) Die houër van 'n sertifikaat as gesagvoerder of skeepsoffisier, synde 'n sertifikaat wat ingevolge die STCW-konvensie deur of namens 'n ander party by die Konvensie uitgereik is, kan ooreenkomstig subregulasie (2) by die Owerheid aansoek doen vir die erkenning van die sertifikaat ingevolge hierdie regulasies.
- (2) 'n Aansoek in subregulasie (1) beoog, moet vergesel gaan van –
 - (a) 'n motiveringsbrief waarin erkenning versoek word;
 - (b) 'n verklaring deur die aansoeker, bevestig deur of namens die ander party by die STCW-konvensie, dat sy of haar vlak van vaardigheid in Engels voldoen aan die betrokke vereistes van hierdie regulasies;
 - (c) 'n mediese sertifikaat wat deur 'n goedgekeurde mediese praktisyn uitgereik is of deur daardie party erken word, waarin verklaar word dat die mediese geskiktheid van die aansoeker voldoen aan die mediese standaard uiteengesit in die Kode van Maritieme Mediese Standaard;

- (d) 'n gewaarmerkte afskrif van die aansoeker se oorspronklike sertifikaat;
 - (e) twee paspoortgrootte kleurfoto's van die aansoeker; en
 - (f) dokumentêre bewys dat hy of sy die vlak van kennis van die Republiek se maritieme wetgewing bereik het soos in die Kode vermeld, as die aansoeker aansoek doen vir erkenning as gesagvoerder, hoofstuurman, hoofingenieur-offisier of tweede ingenieur-offisier. Die assessering vir dokumentêre bewys kan deur die Owerheid of 'n geakkrediteerde instelling geskryf word.
- (3) Die Owerheid kan 'n endossement uitreik ter erkenning van 'n aansoeker se sertifikaat, welke endossement die uitwerking het van 'n magtiging ingevolge artikel 83(1) van die Wet, indien die Owerheid oortuig is dat –
- (a) die sertifikaat eg en geldig is;
 - (b) die vlak van bekwaamheid en kennis waarvan die sertifikaat getuig, nie laer is nie as dit wat vir die gelykwaardige sertifikaat wat ingevolge die Wet uitgereik word, vereis word;
 - (c) die aansoeker, as hy of sy aansoek doen vir ekwivalensie as gesagvoerder, hoofstuurman, hoofingenieur-offisier of tweede ingenieur-offisier, die vlak van kennis van die Republiek se maritieme wetgewing bereik het wat vereis word vir die gelykwaardige sertifikaat wat ingevolge die Wet uitgereik word; en
 - (d) die Owerheid dadelik in kennis gestel sal word van enige beduidende verandering in die reëlings vir opleiding en diplomering wat ooreenkomstig die STCW-konvensie verskaf word.
- (4) Elke endossement wat ingevolge subregulasie (3) uitgereik word, moet 'n afsonderlike dokument wees en moet, met verwysing na hierdie regulasies en die STCW-konvensie, die hoedanigheid vermeld waarin die houer geregtig is om te dien.
- (5) Vir doeleindes van hierdie regulasie moet die Owerheid –
- (a) die sertifikaat wat deur of op gesag van 'n ander Party by die STCW-konvensie aan 'n gesagvoerder, offisier of radio-operateur uitgereik is, nie deur endossering erken nie, tensy die Owerheid –
 - (i) bevestig het, deur 'n evaluasie van daardie Party, wat inspeksie van fasiliteite en prosedures kan insluit, dat die vereistes van die STCW-konvensie ten volle nagekom word; en
 - (ii) met die betrokke Party ooreengekom het dat daar gou kennis gegee sal word van enige beduidende verandering in die reëlings vir opleiding en diplomering wat ooreenkomstig die STCW-konvensie verskaf word;
 - (b) sertifikate wat deur of op gesag van 'n nieparty by die STCW-konvensie uitgereik is, nie erken nie;

- (c) die sertifikate en endossemente wat onder die administrasie van 'n ander Party by die STCW-konvensie uitgereik is, nie as basis vir erkenning deur die Owerheid gebruik nie.
- (6) Die Owerheid kan 'n endossement wat ingevolge subregulasie (3) uitgereik is, kanselleer indien –
- (a) die houer deur enige onvermoë toon dat hy of sy nie voldoen aan die vlak van bekwaamheid of kennis wat vir die gelykwaardige bevoegdheidsertifikaat vereis word nie, of dat sy of haar vlak van vaardigheid in die Engelse taal nie aan die betrokke vereistes van die STCW-konvensie voldoen nie;
- (b) die houer se sertifikaat verval of gekanselleer of opgeskort word deur of namens die regering op wie se gesag die sertifikaat oorspronklik uitgereik is;
- (c) 'n hof van marine-onderzoek of 'n dissiplinêre verhoor die kansellering van die endossement aanbeveel; of
- (d) die houer skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge die Wet of enige ander wet wat deur die Owerheid geadministreer word.
- (7) Waar die Owerheid 'n endossement ingevolge subregulasie (6) kanselleer, moet hy die regering op wie se gesag die sertifikaat oorspronklik uitgereik is, in kennis stel van die kansellering.

DEEL 6 ALGEMENE BEMANNINGSVLAKKE

99 Indiensneming van gediplomeerde dekoffisiere op ander skepe as vissersvaartuie

- (1) Die eienaar en die gesagvoerder van elke skip, uitgesonderd 'n vissersvaartuig of 'n skip in subregulasie (2) bedoel, moet verseker dat daar aan boord van die skip in hulle toepaslike hoedanighede die getal en beskrywing gepas gediplomeerde dekoffisiere, soos in die toepaslike item van onderstaande tabel vermeld, in diens is:

Item	Seereis / Bedrywigheid	Bruto Tonnemaaat (BT)	Hoedanigheid van diens	Gepaste minimum diplomering en getal persone wat in diens moet wees	
				Sertifikaat	Getal
1.	Hawebedryf	< 200	Gesagvoerder	Skipper (hawebedryf)	1
			Stuurman	Skipper (hawebedryf) (c)	1
2.		≥ 200 maar < 500	Gesagvoerder	Gesagvoerder (< 1 600 BT hawebedryf)	1
			Stuurman	Skipper (hawebedryf) (c)	1
3.		≥ 500 maar < 1 600	Gesagvoerder	Gesagvoerder (< 1 600 BT hawebedryf)	1
			Stuurman	Skipper (hawebedryf)	1
4.		≥ 1 600	Gesagvoerder	Gesagvoerder (hawebedryf)	1
			Stuurman	Skipper (hawebedryf)	1
5.	Kusvaart	< 200	Gesagvoerder	Gesagvoerder (< 200 BT kusvaart)	1
			Stuurman	Kusvaartskipper ≥9 m (a)	1

6.		≥ 200 maar < 500	Gesagvoerder	Gesagvoerder (< 500 BT kusvaart)	1
			Stuurman	Stuurman (< 500 BT kusvaart) / Gesagvoerder (< 200 BT kusvaart)	1
			Waghou-offisier	Kusvaartskipper ≥ 9 m (a)(b)	1
7.	Onbeperk	< 200	Gesagvoerder	Gesagvoerder (< 200 BT)	1
Stuurman			Skipper kusvaarder ≥ 9m (a)	1	
8.		≥ 200 maar < 500	Gesagvoerder	Gesagvoerder (< 500 BT)	1
			Stuurman	Stuurman (< 500 BT)	1
			Waghou-offisier	Gesagvoerder (< 200 BT) / Gesagvoerder (< 200 BT kusvaart)	1
9.		≥ 500 maar < 3 000	Gesagvoerder	Gesagvoerder (< 3 000 BT)	1
			Stuurman	Hoofstuurman (< 3 000 BT)	1
			Waghou-offisier	Dekoffisier	1
10.		≥ 3 000	Gesagvoerder	Gesagvoerder	1
			Stuurman	Hoofstuurman	1
			Waghou-offisier	Dekoffisier	2
Aantekeninge					
(a) Sertifikaat uitgereik ingevolge die Handelskeepvaartregulasies (Nasionale Kleinvaartuigveiligheid), 2007, soos gewysig.					
(b) Net op seereise van langer as 36 uur.					
(c) Word vereis net waar seereise/skofte langer as 12 uur is.					

- (2) Die eenaar en die gesagvoerder van elke skip van 25 BT of meer wat –
- (a) bedryf word in mynbedryghede binne waters onder Suid-Afrikaanse jurisdiksie; en
- (b) aldus bedryf word vir twee derdes of meer van die tyd wat op see bestee word tussen hawebesoeke, moet verseker dat daar aan boord van die skip in hulle toepaslike hoedanighede die getal en beskrywing gepas gediplomeerde dekkoffisiere, soos in die toepaslike item van onderstaande tabel vermeld, in diens is:

Item	Bruto Tonnemaat (BT)	Hoedanigheid van diens	Gepaste minimum diplomering en getal persone wat in diens moet wees	
			Sertifikaat	Getal
1.	< 200	Gesagvoerder	Gesagvoerder (< 200 BT kusvaart)(b)	1
		Stuurman	Kusvaartskipper ≥ 9 m (a)(e)	1
2.	≥ 200 maar < 500	Gesagvoerder	Gesagvoerder (< 500 BT kusvaart)(b)	1
		Stuurman	Stuurman (< 500 BT kusvaart) (b)	1
3.	≥ 500 maar < 3 000	Gesagvoerder	Gesagvoerder (< 3 000 BT) (b)	1
		Stuurman	Hoofstuurman (< 3 000 BT)(b)	1
		Waghou-offisier	Dekoffisier (b)	1
4.	≥ 3 000	Gesagvoerder	Gesagvoerder (b)	1

		Stuurman	Hoofstuurman (b)	1
		Waghou-offisier	Dekoffisier (b)	1
(a)	Uitgereik ingevolge die Handelskeepvaartregulasies (Nasionale Kleinvaartuigveiligheid), 2007.			
(b)	Vir vaartuie wat in mynbedrywighede bedryf word, kan sertifikate met 'n mynbou-endossement geëndosseer word.			
(c)	Word vereis net op vaartuie met seereise van langer as 12 uur.			

100 Indiensneming van gediplomeerde dekoffisiere op vissersvaartuie

Die eienaar en die gesagvoerder van elke vissersvaartuig moet verseker dat daar aan boord van die vaartuig in hulle toepaslike hoedanighede die getal en beskrywing gepas gediplomeerde dekoffisiere, soos in die toepaslike item van onderstaande tabel vermeld, in diens is:

Item	Bedryfsgebied	Grootte van vaartuig	Hoedanigheid van diens	Gepaste minimum diplomering en getal persone wat in diens moet wees	
				Sertifikaat	Getal
(1)	Beperkte waters	≥ 25 BT maar < 24 m	Gesagvoerder	Skipper visvang (< 24 m beperkte waters)	1
			Stuurman	Kusvaartskipper ≥ 9 m (A) of Dekoffisier visvang (< 24 m)	1
(2)		≥ 24 m	Gesagvoerder	Skipper visvang (≥ 24 m beperkte waters)	1
			Stuurman	Dekoffisier visvang (≥ 24 m)	1
			Waghou-offisier	Dekoffisier visvang (< 24 m)	1
(3)		≥ 3 000 BT	Gesagvoerder	Skipper visvang (≥ 24 m beperkte waters)	1
			Stuurman	Skipper visvang (< 24 m beperkte waters)	1
			Waghou-offisier	Dekoffisier visvang (< 24 m)	2
(4)	Onbeperkte waters	≥ 25 BT maar < 24 m	Gesagvoerder	Skipper visvang (< 24 m onbeperkte waters)	1
			Stuurman	Dekoffisier visvang (< 24 m)	1
			Waghou-offisier	Skipper kusvaarder ≥ 9 m (a)	1
(5)		≥ 24 m maar < 3 000 BT	Gesagvoerder	Skipper visvang (≥ 24 m onbeperkte waters)	1
			Stuurman	Dekoffisier visvang (≥ 24 m)	1
			Waghou-offisier	Dekoffisier visvang (< 24 m)	1
(6)		≥ 3 000 BT	Gesagvoerder	Skipper visvang (≥ 24 m onbeperkte waters)	1
			Stuurman	Skipper visvang (< 24 m onbeperkte waters)	1
			Waghou-offisier	Dekoffisier visvang (< 24 m)	2
(a)	Sertifikaat uitgereik ingevolge die Handelskeepvaartregulasies (Nasionale Kleinvaartuigveiligheid), 2007.				

101 Indiensneming van gediplomeerde ingenieuroffisiere op ander skepe as vissersvaartuie

- (1) Die eienaar en die gesagvoerder van elke skip, uitgesonderd 'n vissersvaartuig, moet verseker dat daar aan boord van die skip in hulle toepaslike hoedanighede die getal en beskrywing gepas gediplomeerde ingenieuroffisiere, soos in die toepaslike item van onderstaande tabelle vermeld, in diens is:

Item	Seereis / Bedrywigheid	Geregistreeerde aandrywingskrag (kW)	Hoedanigheid van diens	Gepaste minimum diplomering en getal persone wat in diens moet wees	
				Sertifikaat	Getal
1	Hawebedryf	< 350	Hoofingenieur	Hoofingenieur (< 750 kW hawebedryf) of Seemasjinis Graad 2	1
2		≥ 350 maar < 750	Hoofingenieur	Hoofingenieur (<750 kW hawebedryf) of Seemasjinis Graad 1	1
3		≥750 maar < 1 500	Hoofingenieur	Hoofingenieur(<1 500 kW hawebedryf) of Seemasjinis Hoër Graad	1
4		≥ 1 500	Hoofingenieur	Hoofingenieur(<1 500 kW hawebedryf)	1
	Tweede ingenieur		Hoofingenieur(<1 500 kW hawebedryf) of Seemasjinis Hoër Graad	1	
5	Kusvaart	<350	Hoofingenieur	Seemasjinis Graad 2	1
6		≥ 350 maar < 500 en < 500 BT	Hoofingenieur	Seemasjinis Graad 1	1
			Tweede ingenieur	Seemasjinis Graad 2	1
7		≥ 350 maar <1 500 en ≥ 500 BT	Hoofingenieur	Seemasjinis Hoër Graad	1
			Tweede ingenieur	Seemasjinis Graad 1	1
8		≥ 1 500 maar < 3 000	Hoofingenieur	Hoofingenieur (< 3 000 kW)	1
			Tweede ingenieur	Ingenieuroffisier	1
			Waghou-offisier	Ingenieuroffisier of Seemasjinis Hoër Graad	1
9		≥ 3000	Hoofingenieur	Hoofingenieur	1
	Tweede ingenieur		Tweede ingenieur	1	
	Waghou-offisier		Ingenieuroffisier	1	
10		< 750 maar < 500 BT	Hoofingenieur	Seemasjinis Hoër Graad	1
			Tweede ingenieur	Seemasjinis Graad 1	1
11		< 750	Hoofingenieur	Seemasjinis Hoër Graad	1
			Tweede ingenieur	Seemasjinis Graad 2	1
12	Onbeperk	> 750 maar < 3 000	Hoofingenieur	Hoofingenieuroffisier < 3 000 kW	1
			Tweede ingenieur	Tweede ingenieuroffisier (< 3 000 kW)	1
			Waghou-offisier	Ingenieuroffisier	1
13		≥ 3000	Hoofingenieur	Hoofingenieuroffisier (≥ 3 000 kW)	1
			Tweede ingenieur	Tweede ingenieuroffisier (≥ 3 000 kW)	1
			Waghou-offisier	Ingenieuroffisier	2

102 Indiensneming van gediplomeerde ingenieuroffisiere op vissersvaartuie

Die eienaar en die gesagvoerder van elke vissersvaartuig moet verseker dat daar aan boord van die vaartuig in hulle toepaslike hoedanighede die getal en beskrywing gepas gediplomeerde ingenieuroffisiere, soos in die toepaslike item van onderstaande tabel vermeld, in diens is:

Item	Aandrywingskrag van vaartuig (kW)	Hoedanigheid van diens	Gepaste minimum diplomering en getal persone wat in diens moet wees	
			Diplomering	Getal
1	< 350	Hoofingenieur	Seemasjinis Graad 2	1
2	≥ 350 maar < 750	Hoofingenieur	Seemasjinis Graad 1	1
		Tweede ingenieur	Seemasjinis Graad 2	1
3	≥ 750 maar < 3 000	Hoofingenieur	Hoofingenieur (< 3 000 kW visvang)	1
		Tweede ingenieur	Tweede ingenieur (visvang)	1
		Waghou-offisier	Seemasjinis Graad 1	1
4	≥ 3 000	Hoofingenieur	Hoofingenieur (visvang)	1
		Tweede ingenieur	Hoofingenieur (< 3 000 kW visvang)	1
		Waghou-offisier	Tweede ingenieur (visvang)	1

103 Indiensneming van gediplomeerde radio-operateurs

Die eienaar en die gesagvoerder van elke skip moet verseker dat daar aan boord van die skip die getal en beskrywing gepas gediplomeerde radio-operateurs, soos in die toepaslike item van onderstaande tabel vermeld, in diens is:

Item	Seereis/Bedrywigheid	Tonnemaat/lengte van skip	Gepaste diplomering en getal persone wat in diens moet wees	
			Diplomering	Getal
1	Hawebedryf	≥ 25 BT	Kortafstandsertifikaat	1
2	Kusvaart	≥ 25 maar < 300 BT	Langafstandsertifikaat	2
3		≥ 300 BT	GMNVS algemene operateursertifikaat	2
4	Visvangbedrywighe binne 40 seemyl van die kus	≥ 25 BT	Kortafstandsertifikaat	2
5	Visvangbedrywighe verder as 40 maar binne 200 seemyl van die kus	≥ 25 BT	Langafstandsertifikaat	2
6	Visvangbedrywighe verder as 200 seemyl van die kus	≥ 25 BT maar < 45 m	Langafstandsertifikaat	2
7		≥ 45 m	GMNVS algemene operateursertifikaat	2
8	Onbeperk, alle seegebiede.	≥ 25 BT maar < 300 BT	Langafstandsertifikaat	2
9		≥ 300 BT	GMNVS algemene operateursertifikaat	2

Met dien verstande dat:

- (a) as 'n skip van 300 BT of meer op 'n kusvaartseereis bedryf word en nie ten volle ooreenkomstig GMNVS-vereistes toegerus is nie, daar ten minste twee radio-operateurs op die skip in diens moet wees wat gepas gediplomeer is vir die tipe radio-installasie op die skip;
- (b) as die skip toegerus is ooreenkomstig die GMNVS-vereistes van die radioregulasies indien elektroniese instandhouding van die GMNVS-installasie op see gedoen moet word om beskikbaarheid te verseker, ten minste een radio-operateur op die skip 'n geldige Eerste- of Tweedeklas Radio-elektroniese Sertifikaat of 'n erkende gelykwaardige sertifikaat moet hê;
- (c) as die skip toegerus is met radiotoerusting wat binne die GMNVS bedryf word (ongegag of dit aldus toegerus is ter nakoming van statutêre vereistes), daar op die skip ten minste een radio-operateur in diens moet wees wat die houer is van 'n geldige GMNVS algemene operateursertifikaat of 'n erkende gelykwaardige sertifikaat;

- (d) wanneer die radiotoerusting op die skip vir algemene kommunikasie gebruik word, uitgesonderd nood-, dringende of veiligheidskommunikasie, sulke algemene kommunikasie nie deur die dekkoffisier op wag gedoen mag word nie.

104 Indiensneming van gediplomeerde seelui op ander skepe as vissersvaartuie

Die eienaar en die gesagvoerder van elke skip, uitgesonderd 'n vissersvaartuig, moet verseker dat daar aan boord van die skip in hulle toepaslike hoedanighede die getal en beskrywing gepas gediplomeerde seelui, soos in die toepaslike item van onderstaande tabelle vermeld, in diens is:

Item	Tipe skip	Seereis/Bedrywigheid	Minimum diplomering en getal persone wat in diens moet wees				
			Gewone dekseeman / Bekwame dekseeman	Gewone masjienkamerseeman / Bekwame masjienkamerseeman	SCRB/ PST (a)	Bekwame kok	
1	Passasier	Onbeperk	Genoeg om elke wag van 4 uur in 'n tydperk van 12 uur te beman plus een	Genoeg om elke wag van 4 uur in 'n tydperk van 12 uur te beman met 'n seeman	Een vir elke oorlewingsvaartuig	1	
2		Kusvaart	Genoeg om elke wag van 4 uur in 'n tydperk van 12 uur te beman	Genoeg om elke wag van 4 uur in 'n tydperk van 12 uur te beman met 'n seeman	Een vir elke oorlewingsvaartuig	(1) nodig net as seereise langer as 48 uur is.	
3		Hawebedryf	Genoeg om elke wag van 6 uur in 'n tydperk van 12 uur te beman, minimum van twee	Genoeg om elke wag van 6 uur in 'n tydperk van 12 uur te beman met 'n seeman	Een vir elke oorlewingsvaartuig	-	
4	Ander	Onbeperk	≥ 3 000 BT Genoeg om elke wag van 4 uur in 'n tydperk van 12 uur te beman plus een	Genoeg om elke wag van 4 uur in 'n tydperk van 12 uur te beman met 'n seeman	-	1	
5			< 3 000 BT Genoeg om elke wag van 4 uur in 'n tydperk van 12 uur te beman	Genoeg om elke wag van 4 uur in 'n tydperk van 12 uur te beman met 'n seeman	-	1	
6			<500 BT Genoeg om elke wag van 6 uur in 'n tydperk van 12 uur te beman	Genoeg om elke wag van 6 uur in 'n tydperk van 12 uur te beman met 'n seeman	-	1	
7			≥ 25 BT maar < 100 BT 2 Gewone dekseeman	1 Gewone masjienkamerseeman		-	
8			Kusvaart	<500 BT Genoeg om elke wag van 6 uur in 'n tydperk van 12 uur te beman	Genoeg om elke wag van 6 uur in 'n tydperk van 12 uur te beman met 'n seeman		1
9				≥ 25 BT maar < 100 BT 1 Gewone dekseeman	1 Gewone dekseeman		
10			Hawebedryf	<500 BT Genoeg om elke wag van 6 uur in 'n tydperk van 12 uur te beman	Bekwame masjienkamerseeman		
11		≥ 500 BT Genoeg om elke wag van 6 uur in 'n tydperk van 12 uur te beman plus een		Bekwame masjienkamerseeman			
(a) PST-sertifikaat van toepassing net op kusvaart- en hawebedryfdiens vir geskikte oorlewingsvaartuie.							

Met dien verstande dat:

- (a) waar 'n kombinasie van seelui wat as gewone seelui en as bekwame seelui gekwalifiseer is, in die dekadefling in diens is, ten minste die helfte van die gekombineerde getal seelui aldus in diens as bekwame seelui gekwalifiseer moet wees;
- (b) waar 'n kombinasie van seelui wat as gewone masjienkamerseelui en bekwame masjienkamerseelui gekwalifiseer is in die masjienkamerafdeling in diens is, ten minste een van die seelui aldus in diens as 'n bekwame masjienkamerseeman gekwalifiseer moet wees;
- (c) op passasierskepe die voorgeskrewe getal seelui gekwalifiseer as vaardig in oorlewingsvaartuie en reddingsbote en as vaardig in vinnige reddingsbote bykomend moet wees by die getal seelui gekwalifiseer as bekwame seelui en as bekwame masjienkamerseelui;
- (d) op skepe met net reddingsvlotte as oorlewingsvaartuie daar in plaas van die getal seelui gekwalifiseer as vaardig in oorlewingsvaartuie en reddingsbote, 'n gelyke getal seelui gekwalifiseer as vaardig net in persoonlike oorlewingsstegnieke in diens kan wees;
- (e) eienaars en gesagvoerders (met inagneming dat die tabel hieronder net minimum vereistes vermeld) moet ag slaan op die vereistes van regulasie 91(4) wanneer die gepaste bemanning bepaal word:
- (f) ten opsigte van 'n skip wat net in hawebedryf bedryf word, en in plaas van voldoening aan die vereistes in die tabel hieronder vermeld, daar by die bevoegde beampte in die skip se bedryfshawe aansoek gedoen kan word dat die getal gediplomeerde seelui, met die nodige veranderinge, ooreenkomstig regulasie 91(4) bepaal word;
- (g) op skepe wat net in hawebedryf bedryf word, daar in plaas van die getal seelui gekwalifiseer as bekwame dekseelui of bekwame masjienkamerseelui 'n gelyke getal seelui in diens kan wees met die kwalifikasie as utiliteitseelui (hawebedryf);
- (h) vaartuie met aandrywingskrag van minder as 350 kW nie 'n masjienkamerseeman ingevolge hierdie tabel aan boord hoef te hê nie. Hierdie regulasie beperk nie die bevoegdheid van die bevoegde beampte ingevolge regulasie 91(4) van hierdie regulasies nie.

105 Indiensneming van gediplomeerde seelui op vissersvaartuie

Die eenaar en die gesagvoerder van elke vissersvaartuig moet verseker dat daar aan boord van die vaartuig in hulle toepaslike hoedanighede die getal en beskrywing gepas gediplomeerde seelui, soos in die toepaslike item van onderstaande tabel vermeld, in diens is:

Item	Grootte van vaartuig	Minimum diplomering en getal persone wat in diens moet wees		
		Bekwame dekseeman (visvang) / Gewone seeman	SCRB/ PST (a)	Bekwame kok
1.	≥ 25 BT maar < 24 m	2	-	-
2.	≥ 24 m	2	1	1

(a) Soos van toepassing op die oorlewingsvaartuie wat aan boord gedra word.

Waar 'n kombinasie van seelui gekwalifiseerd as gewone dekseeman (visvang) en as bekwame dekseeman (visvang) in die dekadefdeling in diens is, moet ten minste die helfte van die gekombineerde getal seelui aldus in diens gekwalifiseerd wees as bekwame dekseeman (visvang), behalwe dat vir vaartuie < 24 m hierdie kombinasie twee gewone seelui kan wees tot vier jaar na die inwerkingtreding van hierdie regulasies.

DEEL 7 INDIENSNEMING VAN SEELUI OOREENKOMSTIG BEROEPSVEILIGHEIDS-, SEKURITEITS- EN MEDIESE VEREISTES

106 Indiensneming van gekwalifiseerde personeel op tenkskepe

- (1) Die eienaar en die gesagvoerder van elke olie- of chemiese tenkskip moet verseker dat –
 - (a) elke seeman aan wie spesifieke pligte en verantwoordelikhede opgedra is met betrekking tot vrag of vragtoerusting op die skip, 'n vaardigheidsertifikaat in basiese opleiding vir olie- en chemiese vraghantering moet hê;
 - (b) die gesagvoerder, hoofingenieur-offisier, hoofstuurman, tweede ingenieur-offisier en elke ander seeman met onmiddellike verantwoordelikheid vir laai, aflaai, versorging in transito, hantering van vrag, skoonmaak van tenks of ander vragverwante bedrywighede aan boord van 'n olietenkskip 'n bevoegdheidsertifikaat in gevorderde opleiding vir olietenkskip-vragbedrywighede moet hê; en
 - (c) die gesagvoerder, hoofingenieur-offisier, hoofstuurman, tweede ingenieur-offisier en elke ander seeman met onmiddellike verantwoordelikheid vir laai, aflaai, versorging in transito, hantering van vrag, skoonmaak van tenks of ander vragverwante bedrywighede aan boord van 'n chemiese tenkskip 'n bevoegdheidsertifikaat in gevorderde opleiding vir chemiesetenkskip-vragbedrywighede moet hê.
- (2) Die eienaar en die gesagvoerder van elke gastenskip moet verseker dat –

- (a) elke seeman aan wie spesifieke pligte en verantwoordelikhede opgedra is met betrekking tot vrag of vragtoerusting op die skip, 'n vaardigheidsertifikaat in basiese opleiding vir gasvraghantering het;
- (b) die gesagvoerder, hoofingenieuroffisier, hoofstuurman, tweede ingenieuroffisier en elke ander seeman met onmiddellike verantwoordelikheid vir laai, aflaai, versorging in transito, hantering van vrag, skoonmaak van tenks of ander vragverwante bedrywighede aan boord van 'n gastenskip 'n bevoegdheidsertifikaat in gevorderde opleiding vir gastenskip-vragbedrywighede het.

107 Indiensneming van gekwalifiseerde personeel met sekuriteitsopleiding

- (1) Die eienaar en die gesagvoerder van 'n seeskip van 500 BT of meer of passasierskip op internasionale seereise moet verseker dat alle personeel in diens aan boord van die skip sekuriteitsverwante opleiding ontvang het.
- (2) Die eienaar of die gesagvoerder van 'n seeskip van 500 BT of meer of 'n passasierskip op internasionale seereise moet verseker dat alle personeel met sekuriteitspligte of -verantwoordelikhede opleiding ontvang het vir persone met aangewese sekuriteitspligte.
- (3) Die eienaar of die gesagvoerder van 'n seeskip van 500 BT of meer of 'n passasierskip op internasionale seereise moet verseker dat een van die offisiere as 'n skeepsekuriteitsoffisier aangewys word.

108 Indiensneming van gekwalifiseerde personeel op passasierskepe

- (1) Die eienaar en die gesagvoerder van elke passasierskip moet verseker dat die gesagvoerder en elke seeman in diens op die skip 'n gepaste sertifikaat het wat ingevolge regulasie 76(4) en (5) van hierdie regulasies vereis word. Die vereistes van hierdie subregulasie is van toepassing op passasierskepe van Klas IIA, V en VI soos aangewys deur die Regulasies op Lewensreddingstoerusting, 1968.
- (2) Die eienaar en die gesagvoerder van elke passasierskip moet verseker dat die gesagvoerder, offisiere en bemanning met verantwoordelikheid vir die veiligheid van passasiers in 'n noodsituasie gepaste sertifikate het wat by regulasie 76(6) van hierdie regulasies vereis word.
- (3) Die gesagvoerder, offisiere en elke persoon met onmiddellike verantwoordelikheid vir die inskeep en ontskeep van passasiers, die laai, aflaai en vasmaak van vrag of rompsluitbedrywighede op passasierskepe moet gepaste sertifikate hê ooreenkomstig regulasie 76(6).

109 Indiensneming van gekwalifiseerde elektrotegniese offisiere en seelui

- (1) Die eienaar en die gesagvoerder van elke skip wat op see gaan, moet verseker dat –

- (a) skepe met installasies van meer as 1 000 volt 'n risikobepaling doen om die getal gepas gekwalifiseerde elektrotegniese offisiere te bepaal;
 - (b) skepe met installasies van meer as 1 000 volt 'n gepas gekwalifiseerde elektrotegniese seeman het benewens die elektrotegniese offisier, met dien verstande dat die Owerheid vrystelling van hierdie vereiste kan gee;
 - (c) elke elektrotegniese offisier in diens op 'n seeskip wat deur aandrywingsmasjinerie van 750 kW of meer aangedryf word, 'n bevoegdheidsertifikaat het;
 - (d) elke elektrotegniese seeman in diens op 'n seeskip wat deur aandrywingsmasjinerie van 750 kW of meer aangedryf word, 'n vaardigheidsertifikaat het.
- (2) Die Owerheid kan goedkeur dat 'n ander gepas gekwalifiseerde persoon as 'n elektrotegniese offisier of seeman sekere funksies van 'n elektrotegniese offisier of seeman kan verrig.

110 Indiensneming van gekwalifiseerde mediese personeel

- (1) Die eienaar en die gesagvoerder van elke skip op 'n onbepaalde seereis wat 100 persone of meer dra, moet verseker dat ten minste een mediese dokter, wat by die betrokke liggaam in die Republiek geregistreer is, op die skip in diens is.
- (2) Die eienaar en die gesagvoerder van elke seeskip moet verseker dat –
- (a) elke persoon wat aangewys is om bevel oor mediese sorg op die skip oor te neem, in afwesigheid van 'n gekwalifiseerde mediese praktisyn, 'n geldige mediesesorgsertifikaat het ooreenkomstig die Kode; en
 - (b) elke persoon wat aangewys is om mediese noodhulp op die skip te verskaf, 'n geldige mediesenoodhulpsertifikaat het wat ooreenkomstig die Kode uitgereik is.
- (3) Elke persoon aan wie die pligte in subregulasie (2) toegewys is, moet opknappingsopleiding ondergaan met tussenpose van hoogstens vyf jaar.

111 Indiensneming van gekwalifiseerde brandbestrydingspersoneel

- (1) Die eienaar en die gesagvoerder van elke skip moet verseker dat elke persoon wat as lid van 'n brandbestrydingsgroep op die skip aangewys is –
- (a) 'n geldige brandbestrydingsertifikaat het wat ooreenkomstig die Kode uitgereik is, of goedgekeurde gelykwaardige diplomering; en

- (b) in die geval van 'n skip van minder as 100 BT, 'n geldige brandbestrydingsertifikaat (klein vaartuie) het wat ooreenkomstig die Kode uitgereik is, of 'n goedgekeurde gelykwaardige kwalifikasie.
- (2) Die eienaar en die gesagvoerder van elke skip waarop hierdie regulasies van toepassing is, moet verseker dat elke persoon wat aangewys is om brandbestrydingbedrywighede op die skip te beheer, 'n geldige gevorderde brandbestrydingsertifikaat het wat ooreenkomstig die Kode uitgereik is.
- (3) Elke persoon aan wie die pligte in subregulasies (1)(a) en (2) toegewys is, moet voortgesette professionele bekwaamheid toon deur goedgekeurde opknappingsopleiding te ondergaan met tussenpose van hoogstens vyf jaar.

112 Indiensneming van gekwalifiseerde personeel op skepe toegerus met oorlewingsvaartuie of reddingsbote

- (1) Die eienaar en die gesagvoerder van elke skip wat met een of meer oorlewingsvaartuie of reddingsbote toegerus is, moet verseker dat daar 'n toereikende getal persone in diens is om bevel oor die oorlewingsvaartuie of reddingsbote te neem, wat 'n geldige bevoegdheidsertifikaat in oorlewingsvaartuie en reddingsbote het wat ooreenkomstig regulasie 70 van hierdie regulasies uitgereik is, of 'n goedgekeurde ekwivalent.
- (2) Elke persoon aan wie die pligte in subregulasie (1) toegewys is, moet goedgekeurde opknappingsopleiding ondergaan met tussenpose van hoogstens vyf jaar.

113 Indiensneming van gekwalifiseerde personeel op skepe toegerus met 'n vinnige reddingsboot

- (1) Die eienaar en die gesagvoerder van elke skip wat met een of meer vinnige reddingsbote toegerus is, moet verseker dat daar ten minste twee persone per boot op die skip in diens is wat 'n geldige bevoegdheidsertifikaat in vinnige reddingsbote het wat ooreenkomstig regulasie 72 van hierdie regulasies uitgereik is, of 'n goedgekeurde ekwivalent.
- (2) Elke persoon aan wie die pligte in subregulasie (1) bedoel toegewys is, moet deurlopende professionele bevoegdheid toon deur ten minste 12 maande in die vorige 5 jaar in daardie hoedanigheid te dien, of indien hierdie kriteria nie nagekom word nie, goedgekeurde opleiding ondergaan en voldoen aan die bevoegdheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.

DEEL 8 AANVULLEND

114 Vrystelling

- (1) Die Owerheid kan, indien daar na sy mening geen gevaar sal ontstaan nie vir persone, eiendom of die omgewing, vrystelling verleen, op die voorwaardes (indien wel) wat

hy bepaal, van enige van die bepalings van hierdie regulasies (wat in die vrystelling vermeld kan word) vir klasse gevalle of individuele gevalle.

- (2) 'n Vrystelling wat 'n persoon toelaat om te dien in 'n hoedanigheid waarvoor hy of sy nie gediplomeer is nie –
- (a) kan verleen word slegs as die persoon gediplomeer is om in die volgende laer hoedanigheid te dien: Met dien verstande dat indien die volgende laer hoedanigheid 'n ongediplomeerde hoedanigheid is, vrystelling verleen kan word slegs indien die persoon se kennis en ondervinding na die mening van die Owerheid gepas is vir die hoedanigheid wat gevul moet word;
 - (b) mag nie verleen word nie ten opsigte van –
 - (i) die hoedanigheid van gesagvoerder van 'n passasierskip; of
 - (ii) die hoedanigheid van gesagvoerder of hoofingenieur van enige skip waarop die STCW-konvensie van toepassing is, uitgesonderd in die geval van *force majeure* en dan net vir die kortste tyd moontlik; en
 - (iii) hou in alle gevalle op om van krag te wees op die vroegste van die volgende twee datums:
 - (i) die datum van verstryking (as daar is) ingevolge die vrystelling; of
 - (ii) die datum waarop die tydperk van ses maande na verlening van die vrystelling verstryk.
- (3) Die Owerheid kan enige vrystelling wat ingevolge hierdie regulasie verleen is, verander of kanselleer.

115 Gelykwaardigheid van sertifikate en endossemente

- (1) Behoudens subregulasie (2) moet elke sertifikaat of endossement wat genoem word in 'n kolom van 'n item in die tabel hieronder, beskou word as gelykwaardig aan die sertifikaat of endossement, na gelang van die geval, wat in die ander kolomme van daardie item vermeld word.
- (2) Indien die sertifikaat of endossement wat in kolom 3 van 'n item in die tabel genoem word, onderhewig is aan bykomende kwalifikasievereistes ingevolge hierdie regulasies, moet dokumentêre bewys van voldoening aan daardie vereistes, of soveel daarvan as wat die Owerheid vereis, voorgelê word binne die tyd en op die wyse wat die Owerheid bepaal.

Item	Kolom 1	Kolom 2	Kolom 3	Kolom 4
	Titel van sertifikaat uitgereik voor inwerkingtreding van herroepe regulasies	Gelykwaardige sertifikaat of endossement ingevolge herroepe regulasies	Gelykwaardige sertifikaat of endossement ingevolge herroepe regulasies	Gelykwaardige sertifikaat of endossement ingevolge hierdie regulasies
1	Gesagvoerder van 'n skip op vreemde vaart	Dekoffisier Klas 1	Gesagvoerder	Gesagvoerder
2	—	Dekoffisier Klas 2 geëndosseer Gesagvoerder (Beperkte handel)	Hoofstuurman geëndosseer: • <i>Gesagvoerder van 'n skip van minder as 3 000 BT op onbeperkte seereise</i>	Hoofstuurman geëndosseer: • <i>Gesagvoerder van 'n skip van minder as 3 000 BT op onbeperkte seereise</i>
3	Hoofnavigasie-offisier van 'n skip op vreemde vaart	Dekoffisier Klas 2 geëndosseer Gesagvoerder (Kortseehandel)	Hoofstuurman geëndosseer: • <i>Gesagvoerder van 'n skip van minder as 500 BT op kusvaartseereise</i>	Hoofstuurman geëndosseer: • <i>Gesagvoerder van 'n skip van minder as 500 BT op kusvaartseereise</i>
4			Gesagvoerder (Kusvaart) geëndosseer: • <i>Gesagvoerder van 'n skip van minder as 3 000 BT op kusvaartseereise</i>	Gesagvoerder (< 500 BT kusvaart) geëndosseer • <i>Gesagvoerder van 'n skip van minder as 3 000 BT op kusvaartseereise</i>
5	—	Dekoffisier Klas 2	Hoofstuurman	Hoofstuurman
6	—	Dekoffisier Klas 3 geëndosseer Gesagvoerder (Beperkte handel)	Dekoffisier geëndosseer • <i>Gesagvoerder van 'n skip van minder as 500 BT op onbeperkte seereise</i> • <i>Gesagvoerder van 'n skip van minder as 3 000 BT op onbeperkte seereise</i>	Hoofstuurman (< 3 000 BT) geëndosseer: • <i>Gesagvoerder van 'n skip van minder as 500 BT op onbeperkte seereise</i>
7	—	Dekoffisier Klas 3 geëndosseer Gesagvoerder (Kortseehandel)	Dekoffisier geëndosseer • <i>– Gesagvoerder van 'n skip van minder as 500 BT op kusvaartseereise</i> • <i>– Gesagvoerder van 'n skip van minder as 3 000 BT op onbeperkte seereise</i>	Hoofstuurman (< 3 000 BT) geëndosseer: • <i>Gesagvoerder van 'n skip van minder as 500 BT op onbeperkte seereise</i>
8	Tweede Navigasie-offisier van 'n skip op vreemde vaart	Dekoffisier Klas 3	Dekoffisier	Dekoffisier
9	—	Dekoffisier Klas 4 geëndosseer Gesagvoerder (Beperkte handel)	Dekoffisier geëndosseer • <i>Gesagvoerder van 'n skip van minder as 500 BT op onbeperkte seereise</i>	Dekoffisier geëndosseer • <i>Gesagvoerder (< 500 BT)</i>

10	Gesagvoerder van 'n kusvaarder van 100 BT of meer	Dekoffisier Klas 4 geëndosseer Gesagvoerder (Kortseehandel)	Dekoffisier geëndosseer • <i>Gesagvoerder van 'n skip van minder as 500 BT op kusvaartseereise</i>	Dekoffisier geëndosseer • Gesagvoerder (< 500 BT kusvaart)
11	—	Dekoffisier Klas 4 geëndosseer: Gesagvoerder (Hawebedryf)	Dekoffisier geëndosseer • <i>Gesagvoerder van 'n skip van enige tonnemaat wat in 'n hawebedryfgebied bedryf word.</i>	Dekoffisier geëndosseer • Gesagvoerder (hawebedryf)
12	—	Dekoffisier Klas 4 geëndosseer: Hawebedryfdiens	Gesagvoerder (Hawebedryf)	Gesagvoerder (Hawebedryf)
13	—	—	—	Gesagvoerder (< 1 600 BT hawebedryf)
14	—	—	—	Gesagvoerder (< 500 BT)
15	—	—	—	Stuurman (< 500 BT)
16	—	Dekoffisier Klas 5 geëndosseer: Gesagvoerder (Kortseehandel)	Stuurman (Kusvaart) geëndosseer: – <i>Gesagvoerder van 'n skip van minder as 500 BT op kusvaartseereise</i>	Gesagvoerder (< 500 BT kusvaart)
17	—	Dekoffisier Klas 5 geëndosseer: Gesagvoerder (Hawebedryf)	Stuurman (Kusvaart) geëndosseer: – <i>Gesagvoerder van 'n skip van enige tonnemaat wat in 'n hawebedryfgebied bedryf word.</i>	Stuurman (< 500 BT kusvaart) geëndosseer • Gesagvoerder (Hawebedryf)
18	—	Dekoffisier Klas 5 geëndosseer: Hawebedryfdiens	Gesagvoerder (Hawebedryf)	Gesagvoerder (Hawebedryf)
19	Navigasie-offisier van 'n kusvaarder van 100 BT of meer	Dekoffisier Klas 5	Stuurman (Kusvaarder)	Stuurman (< 500 BT kusvaart)
20	—	Dekoffisier Klas 6 (Onbeperkte handel)	Skipper (Onbeperk)	Skipper (< 200 BT)
21	—	Dekoffisier Klas 6 (Kortseehandel)	Skipper (Kusvaarder)	Skipper (< 200 BT kusvaart)
22	—	Dekoffisier Klas 6 (Beperkte handel)	Skipper (Hawebedryf)	Skipper (< 200 BT hawebedryf)
23	—	—	Visserman Graad 2 (met Oopseebevelendossement)	Skipper visvang (\geq 24 m onbeperkte waters)
24	—	—	Visserman Graad 3 (met Oopseebevelendossement)	Skipper visvang (< 24 m onbeperkte waters) geëndosseer: • <i>Skipper van 'n vissersvaartuig van < 30 m op onbeperkte waters</i>
25	—	—	Visserman Graad 4 (Skipper – met Oopseebevelendossement)	Skipper visvang < 24 m Onbeperk

26	Skipper van 'n vissersboot, robbevaarder of walvisvaarder met landbasis, van 100 BT of meer	Visserman Graad 2	Visserman Graad 2	Skipper visvang (≥ 24 m Beperkte waters)
27	Stuurman van 'n vissersboot, robbevaarder of walvisvaarder met landbasis, van 100 BT of meer	Visserman Graad 3	Visserman Graad 3	Skipper visvang (< 24 m Onbeperkte waters) geëndosseer: <ul style="list-style-type: none"> • <i>Skipper van 'n vissersvaartuig van < 30 m op beperkte waters</i>
28			Visserman Graad 4 (Skipper) (Met Oopseebevelendossement)	Skipper visvang (< 24 m Onbeperkte waters)
29	Bootsman van 'n vissersboot, robbevaarder of walvisvaarder met landbasis, van 100 BT of meer	Visserman Graad 4 (Skipper)	Visserman Graad 4 (Skipper)	Skipper (< 24 m beperkte waters)
30	Skipper van 'n kusvaarder of 'n vissersboot, robbevaarder of walvisvaarder met landbasis, van minder as 100 BT	Visserman Graad 4 (Skipper)	Visserman Graad 4 (Skipper)	
31	Stuurman van 'n kusvaarder of 'n vissersboot, robbevaarder of walvisvaarder met landbasis, van minder as 100 BT	Visserman Graad 4 (Waghouer)	Visserman Graad 4 (Waghouer)	Dekoffisier visvang (≥ 24 m)
32	—			Dekoffisier visvang (< 24 m)
33	Hoofingenieuroffisier van 'n skip op vreemde vaart	See-ingenieuroffisier Klas 1	Hoofingenieuroffisier ($\geq 3\ 000$ kW)	Hoofingenieuroffisier
34	Tweede Ingenieuroffisier van 'n skip op vreemde vaart	See-ingenieuroffisier Klas 2	Tweede ingenieuroffisier ($\geq 3\ 000$ kW) geëndosseer: <ul style="list-style-type: none"> – <i>Hoofingenieuroffisier van 'n skip met minder as 3 000 kW aandrywingskrag</i> 	Tweede ingenieuroffisier ($\geq 3\ 000$ kW) geëndosseer: <ul style="list-style-type: none"> • <i>Hoofingenieuroffisier van 'n skip met minder as 3 000 kW</i>
35	—	See-ingenieuroffisier Klas 3 met Diensendossement	Tweede ingenieuroffisier ($< 3\ 000$ kW) geëndosseer: <ul style="list-style-type: none"> – <i>Hoofingenieuroffisier van 'n skip met minder as 750 kW aandrywingskrag</i> – <i>Hoofingenieuroffisier van 'n skip met enige kilowatt aandrywingskrag wat in 'n hawebedryfsgebied bedryf word.</i> 	Tweede ingenieuroffisier ($< 3\ 000$ kW) geëndosseer: <ul style="list-style-type: none"> • — <i>Hoofingenieuroffisier van 'n skip met minder as 750 kW aandrywingskrag</i> • — <i>Hoofingenieuroffisier van 'n skip met enige kilowatt aandrywingskrag wat in 'n hawebedryfsgebied</i>

				<i>bedryf word.</i>
36	Hoofingenieuroffisier van 'n kusvaarder	See-ingenieuroffisier Klas 3	(a) Tweede Ingenieuroffisier (< 3 000 kW) geëndosseer: — <i>Hoofingenieuroffisier van 'n skip met enige kilowatt aandrywingskrag wat in 'n hawebedryfsgebied bedryf word.</i> (b) Hoofingenieuroffisier (hawebedryf)	Tweede ingenieuroffisier (< 3 000 kW) • — <i>Hoofingenieuroffisier van 'n skip met enige kilowatt aandrywingskrag wat in 'n hawebedryfsgebied bedryf word.</i> • <i>Hoofingenieuroffisier (hawebedryf)</i>

37	Tweede Ingenieuroffisier van 'n kusvaarder	See-ingenieuroffisier Klas 4	(a) Ingenieuroffisier geëndosseer: — <i>Hoofingenieuroffisier van 'n skip met minder as 1 500 kW aandrywingskrag wat in 'n hawedryfsgebied bedryf word.</i> (b) <i>Tweede Ingenieuroffisier (hawebedryf)</i>	Ingenieuroffisier geëndosseer: • <i>Hoofingenieuroffisier van 'n skip met minder as 1 500 kW aandrywingskrag wat in 'n hawedryfsgebied bedryf word.</i> • <i>Tweede Ingenieuroffisier (hawebedryf)</i>
38	—	Seemasjinis Hoër Graad	Seemasjinis Hoër Graad	Seemasjinis Hoër Graad
39	Seemasjinis	Seemasjinis Graad 1	Seemasjinis Graad 1	Seemasjinis Graad 1
40	Assistentseemasjinis, enige remperdekrag	Seemasjinis Graad 2	Seemasjinis Graad 2	Seemasjinis Graad 2
41				Hoofingenieur (visvang)
42				Hoofingenieur (< 3 000 kW visvang)
43				Tweede ingenieur (visvang)
44	Assistentseemasjinis, minder as 150 remperdekrag	Seemasjinis Graad 3	Seemasjinis Graad 3	
45	Bekwame seeman	Bekwame dekseeman	Bekwame seeman	Bekwame dekseeman
46	—	—	Bekwame seeman (visvang)	Bekwame dekseeman (visvang)
47			Volle dekseeman (hawebedryf)	Bekwame dekseeman (hawebedryf)
48	—	—	Gewone seeman	Gewone dekseeman
49			Gewone seeman (hawebedryf)	
50	Reddingsbootman	Bekwaamheid in Oorlewingsvaartuie	Bekwaamheid in Oorlewingsvaartuie	Bekwaamheid in Oorlewingsvaartuie
51	—	Bekwame Masjienkamerseeman	Smeerder	Bekwame Masjienkamerseeman
52			Poetser	Gewone masjienkamerseeman
53			Smeerder (hawebedryf)	Bekwame masjienkamerseeman (hawebedryf)
54			Poetser (hawebedryf)	Gewone masjienkamerseeman

55	—	Bekwame kok	Bekwame kok	Bekwame kok
56	—	Bekwaamheid in Oorlewingsvaartuie (Plaaslik)	Bekwaamheid in Reddingsvlotte	Persoonlike oorlewingsstegnieke
57	—	Utiliteitseeman	Bekwame utiliteitseeman (hawebedryf)	Utiliteitseeman (hawebedryf)

- (3) Waar die houer van 'n bevoegdheidsertifikaat wat voor die inwerkingtreding van hierdie regulasies ingevolge die Wet uitgereik is, in die voorafgaande vyf jaar ten minste 12 maande in 'n gediplomeerde hoedanigheid gedien het maar verbied word om diens in daardie hoedanigheid voort te sit omdat die tonnemaat, aandrywingskrag of bedryfsgebied van die skip die toepaslike tonnemaat-, aandrywingskrag- of bedryfsgebiedbepanking oorskry, kan die Owerheid die sertifikaat, of die gelykwaardige sertifikaat ingevolge hierdie regulasie, na gelang van die geval, endosseer ten einde die houer geregtig te maak op voortgesette diens in die betrokke hoedanigheid op 'n skip met 'n gepas groter tonnemaat, aandrywingskrag of bedryfsgebied.

116 Veiligebemanningsdokument

- (1) Die eienaar van elke skip moet verseker dat –
- (a) 'n veiligebemanningsdokument van krag is ten opsigte van die skip en die bemanning van die skip;
 - (b) die veiligebemanningsdokument te alle tye aan boord van die skip gehou word; en
 - (c) die bemanning van die skip te alle tye gehandhaaf word op ten minste die vlakke wat in die veiligebemanningsdokument vermeld word.
- (2) Die veiligebemanningsdokument moet geldig wees –
- (a) vir 'n tydperk van een jaar na die datum van uitreiking;
 - (b) vir 'n skip wat 'n Vragskipveiligheidsstoerustingsertifikaat of Passasierskipveiligheidsertifikaat moet dra, vir die tydperk van geldigheid van daardie sertifikaat;
 - (c) vir 'n dokument wat ooreenkomstig regulasie 95 uitgereik is –
 - (i) vir 'n tydperk van vyf jaar;
 - (ii) totdat die vaartuig van eienaarskap en bedryf verander; of
 - (iii) totdat dit deur die Owerheid gekanselleer word.
- (3) Die gesagvoerder van elke skip moet verseker dat die skip nie uitvaar nie tensy 'n geldige veiligebemanningsdokument ten opsigte van die skip aan boord en van krag is en die bemanning van die skip aan daardie dokument voldoen.

117 Hou van dokumente

Sonder om regulasie 4 te beperk, moet die eienaar en die gesagvoerder van elke skip verseker dat alle oorspronklike sertifikate en ander dokumente wat ingevolge die Wet, die STCW-konvensie of die STCW-konvensie, na gelang van die geval, uitgereik is, te alle tye aan boord van die skip gehou word, wat die kwalifikasie van die gesagvoerder en enige lid van die bemanning toon om funksies te verrig wat hulle in die loop van hulle aangewese pligte aan boord van die skip moet verrig.

118 Misdrywe, strawwe en verwere

- (1) Elke eienaar wat regulasie 91(1) of (4), 93(1), 116 of 117 oortree, begaan 'n misdryf.
- (2) Elke werkgewer, synde 'n werkgewer wat ingevolge regulasie 93 onderhewig geword het aan die pligte van die eienaar ingevolge daardie regulasie, wat regulasie 93 oortree, begaan 'n misdryf.
- (3) Elke gesagvoerder wat regulasie 93(12), (13), (14), (15), (16), 92(2), (4), (6) of 94(2) of (3) oortree, begaan 'n misdryf.
- (4) Elke seeman wat regulasie 92, 93(16) of 94(4) oortree, begaan 'n misdryf.
- (5) 'n Persoon wat 'n misdryf ingevolge subregulasie (1), (2) of (3) begaan, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande.
- (6) 'n Persoon wat 'n misdryf ingevolge subregulasie (4) begaan, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.
- (7) In verrigtinge vir 'n misdryf ingevolge hierdie regulasie is dit 'n verweer om te bewys dat die beskuldigde redelike voorsorg getref het en die nodige noulettendheid aan die dag gelê het om te voorkom dat die misdryf begaan word.
- (8) In verrigtinge vir 'n misdryf ingevolge hierdie regulasie bestaande uit 'n versuim om te voldoen aan 'n plig of vereiste om iets te doen in soverre dit redelikerwys doenlik is, moet die beskuldigde bewys dat dit nie redelikerwys doenlik was om meer te doen as wat werklik gedoen is om aan die plig of vereiste te voldoen nie.

DEEL 9 HERROEPING VAN REGULASIES EN VOORBEHOUDSBEPALINGS, OORGANGSREËLINGS, EN TITEL EN INWERKINGTREDING

119 Herroeping van regulasies

- (1) Die Handelskeepvaartregulasies (Veilige Bemanning), 1999, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 1548 van 30 Desember 1999, soos gewysig, word herroep.
- (2) Die Handelskeepvaartregulasies (Opleiding en Diplomerings), 1999, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 1547 van 30 Desember 1999, soos gewysig, word herroep.
- (3) Behoudens regulasie 110 word die Mediese Opleidingsregulasies vir Skeeps-offisiere, 1992, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 2666 van 25 September 1992, soos gewysig, herroep.
- (4) Die Eksamenregulasies vir Bevoegdheidsertifikaat vir Vissermanne, 1993, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 2317 van 01 Desember 1993, soos gewysig, word herroep.
- (5) Die Eksamenregulasies vir Bevoegdheidsertifikaat as Seemasjinis, 1993, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 2314 van 01 Desember 1993, soos gewysig, word herroep.

120 Oorgangsreëlins

- (1) Tot 1 Januarie 2017 kan die Owerheid voortgaan om sertifikate uit te reik, te erken en te endosseer in ooreenstemming met die bepalings wat onmiddellik voor 1 Januarie 2012 gegeld het ten opsigte van seelui wat voor 1 Julie 2013 met goedgekeurde seediens, 'n goedgekeurde opvoeding- en opleidingsprogram of 'n goedgekeurde opleidingskursus begin het.
- (2) Tot 1 Januarie 2017 kan die Owerheid voortgaan om sertifikate en endossemente weer geldig te verklaar in ooreenstemming met die bepalings wat onmiddellik voor 1 Januarie 2012 gegeld het.
- (3) Gesagvoerders en/of eienaars van vissersvaartuie van wie daar voor die inwerkingtreding van hierdie regulasies nie vereis is om gediplomeerde seelui aan boord te hê nie, moet twee jaar na die inwerkingtreding van hierdie regulasies gediplomeerde seelui aan boord in diens hê.
- (4) Enige sertifikaat wat voor die promulgering van hierdie regulasies ingevolge die Wet uitgereik is, bly geldig tot die laaste van die volgende:

- (a) Vir sertifikate wat uitgereik is ingevolge die Eksamenregulasies vir Bevoegdheidsertifikaat vir Vissermanne, 1993, en die Eksamenregulasies vir Bevoegdheidsertifikaat as Seemasjinite, 1993 –
- (i) 24 maande na die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasies; of
 - (ii) vyf jaar na die uitreiking van ’n sertifikaat;
- (b) Vir sertifikate (uitgesonderd spesialegraadsertifikate) wat uitgereik is ingevolge die Handelskeepvaartregulasies (Opleiding en Diplomerings), 1999, en die Mediese Opleidingsregulasies vir Skeepsoffisiere, 1992 –
- (i) ’n vervaldatum wat daarop geëndosseer is;
 - (ii) vyf jaar na die datum van uitreiking van sertifikate; of
 - (iii) 12 maande na die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasies.
- (5) Enige sertifikaat as Utiliteitseeman (Hawebedryf) bly geldig tot die laatste van die volgende datums:
- (i) 12 maande na die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasies; of
 - (ii) vyf jaar na die uitreiking van die sertifikaat;
 - (iii) daarna moet ’n kandidaat vir die uitreiking van ’n GPR-vaardigheidsertifikaat gedurende die vereiste seediens of hawebedryfdiens ’n goedgekeurde aanboordopleidingsrekordboek (bekwame dekseeman en bekwame masjienkamerseeman) voltooi het; en
 - (iv) goedgekeurde opleiding voltooi het en voldoen aan die bekwaamheidsstandaarde wat in die Kode vermeld word.
- (6) Enige beperkte radiotelefoonoperateursertifikate wat ingevolge die Handelskeepvaartwet, No 57 van 1951, uitgereik is, kan steeds gebruik word vir die doel waarvoor dit uitgereik is, totdat dit deur die lang- en kortafstandsertifikate vervang word.

121 Titel en inwerkingtreding

Hierdie regulasies heet die Handelskeepvaartregulasies (Veilige Bemanning, Opleiding en Diplomerings), 2013.

AANHANGSEL 1

WAGHOUBEGINSELS EN -REËLINGS VIR ANDER SKEPE AS VISSERSVAARTUIE

Deel 1 Beplanning van seereis

1 Algemeen

Die voorgename seereis moet vooraf beplan word, met inagneming van alle tersaaklike inligting, en enige koers waarop besluit word, moet nagegaan word voordat die seereis begin.

Die hoofingenieur-offisier moet die behoeftes betreffende die voorgename seereis vooraf in oorleg met die gesagvoerder vasstel, met inagneming van die behoeftes aan brandstof, water, smeermiddels, chemikalieë, verbruikbare en ander onderdele, gereedskap en voorrade, en enige ander vereistes.

2 Beplanning voor elke seereis

Voor elke seereis moet die gesagvoerder van elke skip verseker dat die beoogde roete vanaf die vertrekthawe na die eerste aanloophawe beplan word met behulp van voldoende en toepaslike kaarte en ander seevaartpublikasies wat vir die beoogde seereis nodig is en wat akkurate, volledige en bygewerkte inligting bevat aangaande die navigasiebepenkings en -gevaare wat van 'n permanente of voorspelbare aard is en wat vir die veilige navigasie van die skip ter sake is.

3 Verifiëring en vertoning van beplande roete

Wanneer die roetebeplanning met inagneming van alle tersaaklike inligting geverifieer word, moet die beplande roete duidelik op toepaslike kaarte vertoon word en moet dit deurlopend beskikbaar wees vir die offisier in bevel van die wag, wat elke rigting wat gevolg moet word, moet nagaan voordat die kaart gedurende die seereis gebruik word.

4 Afwyking van beplande roete

Indien 'n besluit gedurende 'n seereis geneem word om die volgende aanloophawe op die beplande roete te verander, of indien dit om ander redes vir die skip nodig is om aansienlik van die beplande roete af te wyk, moet 'n gewysigde roete beplan word voordat daar aansienlik afgewyk word van die roete wat oorspronklik beplan is.

Deel 2 Waghouding oor die algemeen

Waghouding moet verrig word op grond van die volgende brug- en masjienkamer-hulpbronbestuursbeginsels:

- (1) behoorlike reëlins vir waghoupersoneel moet ooreenkomstig die situasies verseker word;
- (2) enige beperking in kwalifikasies of geskiktheid van individue moet in aanmerking geneem word by die ontplouing van waghoupersoneel;

- (3) waghoupersoneel moet hulle individuele rolle, verantwoordelikheid en spanrolle verstaan;
- (4) die gesagvoerder, hoofingenieuroffisier en offisier in bevel van wagpligte moet 'n behoorlike wag handhaaf en die doeltreffendste gebruik maak van die beskikbare hulpbronne, soos inligting, installasies / toerusting en ander personeel;
- (5) waghoupersoneel moet funksies en werking van installasies / toerusting verstaan en vertrouwd wees met die hantering daarvan;
- (6) waghoupersoneel moet inligting verstaan en weet hoe om op inligting van elkeen te reageer;
- (7) inligting van die stasies / installasies / toerusting moet behoorlik deur al die waghoupersoneel gedeel word;
- (8) waghoupersoneel moet die uitruil van gepaste inligting in enige situasie volhou; en
- (9) waghoupersoneel moet die gesagvoerder/hooffoffisier/offisier in bevel van wagpligte sonder enige aarseling in kennis stel wanneer daar enige twyfel bestaan oor watter stappe om te doen in belang van veiligheid.

Deel 3 Waghouding ter see

Afdeling 1 Beginsels wat van toepassing is op waghouding in die algemeen

1 Algemeen

- (1) Eienaars, gesagvoerders, hoofingenieuroffisiere en waghoupersoneel moet hulle by die volgende beginsels hou om te verseker dat veilige wagbeurte te alle tye gehandhaaf word.
- (2) Die gesagvoerder van elke skip moet seker maak dat waghoureëlings voldoende is vir die handhawing van 'n veilige navigasiewag. Onder die gesagvoerder se algemene bevel is die offisiere van die navigasiewag verantwoordelik vir die veilige navigasie van die skip gedurende hulle dienste, wanneer hulle veral daarop ingestel moet wees om botsing en stranding te voorkom.
- (3) Die hoofingenieuroffisier van elke skip moet in oorleg met die gesagvoerder verseker dat waghoureëlings voldoende is vir die handhawing van 'n veilige ingenieurswag.

2 Beskerming van mariene omgewing

Die gesagvoerder, offisiere en seelui moet bewus wees van die ernstige gevolge van operasionele en toevallige besoedeling van die mariene omgewing en moet alle moontlike voorsorgmaatreëls tref om sodanige besoedeling te voorkom, veral binne die raamwerk van tersaaklike internasionale en nasionale regulasies.

Afdeling 2 Beginsels waarby gehou moet word by navigasiewaghouding

1 Algemeen

Die offisier in bevel van die navigasiewag is die gesagvoerder se verteenwoordiger en is te alle tye primêr verantwoordelik vir die veilige navigasie van die skip en nakoming van die regulasies in verband met botsings.

2 Uitkyk

- (1) 'n Behoorlike uitkykwag moet te alle tye gehandhaaf word ter nakoming van reël 5 van die aanhangsel by die regulasies in verband met botsings en moet ten doel hê om –
 - (a) 'n deurlopende toestand van waaksaamheid te handhaaf deur gesig en gehoor, asook deur alle ander beskikbare middels, met inagneming van enige beduidende verandering in die bedryfsomgewing;
 - (b) die situasie en die gevaar van botsing, stranding en ander navigasiegevaare ten volle te takseer; en
 - (c) skepe of lugvaartuie in nood, drenkelinge, wrakke, dryfgoed en ander gevare vir veilige navigasie te bespeur.
- (2) Die uitkykwag moet sy volle aandag daaraan kan wy om behoorlik op die uitkyk te wees en geen ander pligte mag onderneem of opgedra word wat hierdie taak kan belemmer nie.
- (3) Die uitkykwag en stuurpersoon het afsonderlike pligte en die stuurpersoon moet nie geag word op die uitkyk te wees terwyl hy of sy stuur nie, uitgesonderd op klein skepe waar vanaf die stuurposisie 'n onbelemmerde uitsig in alle rigtings verskaf word en daar geen benadeling deur donkersig of ander hindernisse vir die handhawing van 'n behoorlike uitkykwag is nie. Die offisier in bevel van die navigasiewag kan in daglig die enigste uitkykwag wees: Met dien verstande dat by elke sodanige geleentheid –
 - (a) die situasie sorgvuldig getakseer is en daar sonder twyfel vasgestel is dat sodanige reëling veilig is;
 - (b) ten volle rekening gehou is met alle tersaaklike faktore, insluitende die volgende maar nie daartoe beperk nie:
 - (i) weerstoestand;
 - (ii) sig;
 - (iii) verkeersdigtheid;
 - (iv) nabyheid van navigasiegevaar; en
 - (v) die aandag wat nodig is wanneer daar in of naby verkeersverdelingskemas vir skeepsverkeer gevaar word; en
 - (c) bystand beskikbaar is wat onmiddellik na die brug ontbied kan word wanneer enige verandering in die situasie dit nodig maak.
- (4) Wanneer daar bepaal word of die samestelling van die navigasiewag voldoende is om te verseker dat 'n behoorlike uitkykwag deurlopend gehandhaaf kan word, moet die gesagvoerder alle tersaaklike faktore in aanmerking neem, insluitende dié wat in hierdie aanhangsel beskryf word, asook die volgende faktore:
 - (a) sig, en weers- en seetoestand;
 - (b) verkeersdigtheid en ander bedrywighede wat plaasvind in die gebied waarin die skip vaar;
 - (c) die aandag wat nodig is wanneer daar in of naby verkeersverdelingskemas vir skeepsverkeer gevaar word, of ten opsigte van ander roetebepalingsmaatreëls;

- (d) die bykomende werkklas wat veroorsaak word deur die skip se werking, onmiddellike bedryfsvereistes en verwagte maneuvres;
- (e) die geskiktheid vir diens van enige bemanningslede op bystand wat as lede van die wag aangewys word;
- (f) kennis van en vertrouwe in die professionele bekwaamheid van die skip se offisiere en bemanning;
- (g) die ondervinding van elke offisier van die navigasiewag, en die vertroutheid van daardie offisier met die skip se toerusting, prosedures en maneuvreervermoë;
- (h) werksaamhede wat op enige spesifieke tydstip aan boord aan die gang is, insluitende radiokommunikasiewerksaamhede, en die beskikbaarheid van bystand wat onmiddellik na die brug ontbied kan word, indien nodig;
- (i) die bedryfstand van bruginstrumentasie en kontrolestelsels, insluitende alarmstelsels;
- (j) roer- en skroefbeheer en eienskappe van die skip se beweegbaarheid;
- (k) die grootte van die skip en die gesigsveld beskikbaar vanaf die leiposisie;
- (l) die vorm van die brug, in die mate dat sodanige vorm 'n lid van die wag kan verhinder om enige eksterne ontwikkeling deur sig of gehoor te bespeur; en
- (m) enige ander tersaaklike standaard, prosedure of riglyn wat met waghoureëlins en geskiktheid vir diens verband hou en wat in 'n marinekennisgewing gespesifiseer is.

3 Wagreëlins

By die oorweging van die samestelling van die wag op die brug, wat toepaslik gekwalifiseerde seelui kan insluit, moet daar met onder andere die volgende faktore rekening gehou word:

- (1) die brug mag nooit onbewaak gelaat word nie;
- (2) weerstoestande, sig en of daar daglig of duisternis is;
- (3) die nabyheid van navigasiegefare wat dit vir die offisier in bevel van die navigasiewag nodig kan maak om bykomende navigasiepligte uit te voer;
- (4) die gebruik en bedryfstoestand van navigasiehulpmiddels soos radar of elektroniese posisiebepalingstoestelle en enige ander toerusting wat die veilige navigasie van die skip raak;
- (5) of die skip met 'n outomatiese stuurstelsel toegerus is of nie;
- (6) of daar radiopligte is wat uitgevoer moet word;
- (7) onbemandemasjinerieruimte (OMR)-kontroles, alarms en aanduiders wat op die brug verskaf word, die prosedures vir die gebruik en die beperkinge daarvan; en
- (8) enige ongewone eise aan die navigasiewag wat uit spesiale bedryfstoestande voortspruit.

4 Oorneem van die wag

- (1) Die offisier in bevel van die navigasiewag mag nie die wag aan die aflosoffisier oordra indien daar gronde is om te glo dat laasgenoemde nie daartoe in staat is om die wagpligte doeltreffend uit te voer nie, in welke geval die gesagvoerder in kennis gestel moet word.
- (2) Die aflosoffisier moet seker maak dat die lede van die afloswag ten volle daartoe in staat is om hulle pligte uit te voer, veral ten opsigte van hulle aanpassing by donkersig. Aflosoffisiere mag die wag nie oorneem alvorens hulle sigvermoë ten volle by die ligtoestande aangepas het nie.

- (3) Voordat aflosoffisiere die wag oorneem, moet hulle hulle van die skip se geraamde of ware posisie vergewis en die skip se beplande roete, koers en snelheid en, waar toepaslik, OMR-kontroles, bevestig en moet hulle kennis neem van enige navigasiegevaare wat na verwagting gedurende hulle wag teengekom kan word.
- (4) Aflosoffisiere moet hulle persoonlik vergewis van –
 - (a) die staande bevel en ander spesiale opdragte van die gesagvoerder betreffende die navigasie van die skip;
 - (b) posisie, koers, snelheid en diepgang van die skip;
 - (c) heersende en voorspelde getye, strome, weer en sig en die invloed hiervan op koers en snelheid;
 - (d) prosedures vir die gebruik van hoofenjins vir manewrering wanneer die hoofenjins onder brugbeheer is; en
 - (e) die navigasiesituasie, insluitende maar nie beperk nie tot –
 - (f) die bedryfstoestand van alle navigasie- en veiligheidstoerusting wat gedurende die wag gebruik word of waarskynlik gebruik gaan word;
 - (g) die foute van tol- en magnetiese kompasse;
 - (h) die teenwoordigheid en beweging van skepe wat in sig is of waarvan dit bekend is dat hulle in die nabyheid is;
 - (i) die toestand en gevare wat waarskynlik gedurende die wag teengekom sal word; en
 - (j) die moontlike uitwerking van slagsy, trim, waterdigtheid en vaarttrimming op die vry ruimte onder die kiel.
- (5) Indien die offisier in bevel van die navigasiewag te eniger tyd afgelos moet word wanneer 'n manewer of ander optrede plaasvind om enige gevaar te vermy, moet die aflos van daardie offisier uitgestel word totdat sodanige optrede afgehandel is.

5 Uitvoer van die navigasiewag

- (1) Die offisier in bevel van die navigasiewag –
 - (a) moet op die brug waghou;
 - (b) mag onder geen omstandighede die brug verlaat totdat hy of sy behoorlik afgelos is nie;
 - (c) bly ondanks die teenwoordigheid van die gesagvoerder op die brug steeds vir die veilige navigasie van die skip verantwoordelik totdat hy of sy uitdruklik meegedeel word dat die gesagvoerder daardie verantwoordelikheid oorgeneem het en dit oor en weer verstaan word; en
 - (d) moet die gesagvoerder in kennis stel wanneer hy of sy twyfel oor watter stappe hy of sy in die belang van veiligheid moet doen.
- (2) Gedurende die wag moet die koers waarin gestuur word, die posisie en die snelheid met kort genoeg tussenpose nagegaan word deur gebruik te maak van alle beskikbare navigasiehulpmiddels wat nodig is om te verseker dat die skip die beplande koers volg.
- (3) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet volle kennis dra van die plasing en werking van alle veiligheids- en navigasietoerusting aan boord van die skip, en moet bewus wees van en ag slaan op die bedryfsbeperkings van sodanige toerusting.
- (4) Die offisier in bevel van die navigasiewag mag geen ander pligte opgedra word of onderneem wat op die veilige navigasie van die skip inbreuk kan maak nie.
- (5) Wanneer die offisier in bevel van die navigasiewag radar gebruik, moet hy of sy die noodsaaklikheid daarvan in gedagte hou om te alle tye te voldoen aan die bepalinge

rakende die gebruik van radar wat vervat word in die regulasies in verband met botsings.

- (6) In noodgevalle moet die offisier in bevel van die navigasiewag nie huiwer om die roer, enjins en klankseinapparaat te gebruik nie. Waar moontlik, moet daar egter in ooreenstemming met die toepaslike prosedures betyds kennis gegee word van beoogde variasies van enjinsnelheid of doeltreffende gebruik gemaak word van OMR-enjinkontroles wat op die brug verskaf word.
- (7) Offisiere van die navigasiewag moet die hanteringseienskappe van hulle skip ken, insluitende stopafstande, en moet in aanmerking neem dat ander skepe ander hanteringseienskappe kan hê.
- (8) 'n Behoorlike rekord moet gedurende die wag gehou word van die maneuvres en werksaamhede wat met die navigasie van die skip verband hou.
- (9) Dit is van besondere belang dat die offisier in bevel van die navigasiewag te alle tye moet seker maak dat 'n behoorlike uitkykwag gehandhaaf word. Op 'n skip met 'n aparte kaartkamer kan die offisier in bevel van die navigasiewag, wanneer dit noodsaaklik is, die kaartkamer vir 'n kort tydperk vir die nodige uitvoering van navigasiepligte besoek, maar hy of sy moet eers seker maak dat dit veilig is om dit te doen en dat 'n behoorlike uitkykwag gehandhaaf word.
- (10) Bedryfstoetse van skeepsboordnavigasietoerusting moet so dikwels moontlik en soos omstandighede dit toelaat, uitgevoer word, veral voordat gevaarlike toestande wat navigasie beïnvloed, verwag word. Wanneer dit ook al gepas is, moet hierdie toetse opgeteken word. Sodanige toetse moet ook uitgevoer word voor aankoms in en vertrek uit 'n hawe.
- (11) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet gereelde kontroles uitvoer om te verseker dat –
 - (a) die stuurpersoon of die outomatiese loods die korrekte koers volg;
 - (b) die standaardkompasfout ten minste een keer per wag en, waar moontlik, na enige groot koersverandering bepaal word, dat die standaard- en tolkompassse gereeld vergelyk word en dat herhalers met hulle meesterkompas gesinchroniseer word;
 - (c) die outomatiese loods ten minste een keer elke wag per hand getoets word;
 - (d) die navigasie- en seinligte en ander navigasietoerusting behoorlik werk;
 - (e) die radiotoerusting wat in die brug beskikbaar is, behoorlik werk ooreenkomstig item 19 van hierdie aanhangsel; en
 - (f) die OMR-kontroles, -alarms en -aanwysers behoorlik werk.
- (12) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet die noodsaaklikheid daarvan in gedagte hou om te alle tye te voldoen aan die geldende vereistes van die Veiligheidskonvensie. Die offisier moet die volgende in ag neem:
 - (a) Die nodigheid daarvan om 'n persoon te plaas om die skip te stuur en die stuurapparaat betyds in handbeheer te plaas sodat enige potensieel gevaarlike situasie op 'n veilige wyse gehanteer kan word; en
 - (b) dat dit by 'n skip wat outomaties gestuur word, hoogs gevaarlik is om toe te laat dat 'n situasie ontwikkel tot op die punt waar die offisier in bevel van die navigasiewag sonder bystand is en die kontinuïteit van die uitkykwag moet onderbreek ten einde noodstappe te doen.
- (13) Offisiere van die navigasiewag moet deeglik vertrou wees met die gebruik van alle elektroniese navigasihulpmiddels aan boord, insluitende die vermoëns en beperkinge

daarvan, en moet elk van hierdie hulpmiddels wanneer toepaslik gebruik, en moet in gedagte hou dat die eggopeiler 'n waardevolle navigasiehulpmiddel is.

- (14) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet die radar gebruik wanneer beperkte sig ondervind of verwag word, en te alle tye in besige waters, met behoorlike inagneming van die beperkinge daarvan.
- (15) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet verseker dat reikafstandskale wat gebruik word, dikwels genoeg vervang word sodat eggo's so vroeg moontlik bespeur kan word. Daar moet in gedagte gehou word dat klein of swak eggo's dalk nie bespeur kan word nie.
- (16) Wanneer radar in gebruik is, moet die offisier in bevel van die navigasiewag 'n gepaste reikafstandskaal selekteer en die radarvertoning noukeurig dophou, en moet hy of sy verseker dat uitstippings- of sistematiese ontleding vroegtydig begin.
- (17) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet die gesagvoerder onmiddellik in kennis stel –
- (a) indien beperkte sig ondervind of verwag word;
 - (b) indien die verkeerstoestande of die maneuvres van ander skepe kommer wek;
 - (c) indien daar gesukkel word om die koers te handhaaf;
 - (d) indien land of 'n navigasiemerke nie gesien kan word nie of dieptepeilings nie teen die verwagte tyd verkry kan word nie;
 - (e) indien daar onverwags land of 'n navigasiemerke gesien word of 'n verandering in dieptepeiling voorkom;
 - (f) indien die enjins, afstandbeheer vir die aandrywingsmasjinerie, stuurinrigting of enige noodsaaklike navigasietoerusting, alarm of aanwyser onklaar raak;
 - (g) indien daar foutwerking van die radiotoerusting is;
 - (h) indien daar in swaar weer enige twyfel bestaan oor die moontlikheid van skade deur die weer;
 - (i) indien die skip enige navigasiegevaar teenkom, soos ys of 'n verlate skip; en
 - (j) in enige ander noodgeval of indien daar enige twyfel bestaan.
- (18) Ondanks die vereiste om die gesagvoerder in voormelde omstandighede onmiddellik in kennis te stel, moet die offisier in bevel van die navigasiewag nie huiwer om, waar omstandighede dit vereis, onmiddellik stappe ter wille van die veiligheid van die skip te doen nie.
- (19) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet aan waggpersoneel alle toepaslike instruksies en inligting gee wat sal verseker dat hulle 'n veilige wag, insluitende 'n behoorlike uitkykwag, handhaaf.

6 Waghou in verskillende toestande en in verskillende gebiede

- (1) *Helder weer*
- (a) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet gereelde en akkurate kompaslesings van naderende skepe neem ten einde vroegtydig enige risiko van botsing te bespeur, en moet in gedagte hou dat sodanige risiko soms kan bestaan selfs waar 'n merkbare verandering in rigting sigbaar is, veral wanneer 'n baie groot skip of 'n skip op sleeptou genader word of wanneer 'n skip op kort afstand genader word. Die offisier moet ook vroegtydig positiewe stappe doen ooreenkomstig die toepaslike regulasies in verband met botsings en moet vervolgens nagaan dat sodanige stappe die verlangde uitwerking het.

- (b) In helder weer moet die offisier in bevel van die navigasiewag, wanneer ook al moontlik, radaroefeninge uitvoer.

(2) *Beperkte sig*

- (a) Wanneer beperkte sig ondervind of verwag word, is dit die eerste verantwoordelikheid van die offisier in bevel van die navigasiewag om te voldoen aan die tersaaklike reëls van die regulasies in verband met botsings, met besondere aandag aan die gee van misseine, vaar teen 'n veilige snelheid en gereedhou van die enjins vir onmiddellike maneuvring. Daarbenewens moet die offisier –
- (i) die gesagvoerder in kennis stel;
 - (ii) 'n behoorlike uitkykwag opstel;
 - (iii) navigasieligte vertoon; en
 - (iv) die radar bedien en gebruik.

(3) *Gedurende ure van duisternis*

Die gesagvoerder en die offisier in bevel van die navigasiewag moet, by die reël van uitkykwagdiens, behoorlike oorweging skenk aan die brugtoerusting en navigasihulpmiddels wat vir gebruik beskikbaar is, die beperkinge daarvan, en prosedures en beskerming wat geïmplementeer word.

(4) *Kus- en besige waters*

- (a) Die seekaart met die grootste kaartskaal aan boord, wat geskik is vir die gebied en reggestel is met die nuutste beskikbare inligting, moet gebruik word. Posisiebepalings moet met gereelde tussenpose en deur middel van meer as een metode gedoen word wanneer omstandighede dit ook al toelaat. Wanneer ECDIS gebruik word, moet elektroniese navigasiekaarte met gepaste gebruikskode (skaal) gebruik word en moet die skip se posisie met gepaste tussenpose nagegaan word met 'n onafhanklike manier om posisie te bepaal.
- (b) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet alle tersaaklike navigasiemerke positief identifiseer.

(5) *Navigasie met loods aan boord*

- (a) Ondanks die pligte en verpligtinge van loodse onthef hulle teenwoordigheid aan boord nie die gesagvoerder of offisier in bevel van die navigasiewag van hulle pligte en verpligtinge vir die veiligheid van die skip nie. Die gesagvoerder en die loods moet inligting uitruil betreffende navigasieprosedures, plaaslike toestande en die skip se eienskappe. Die gesagvoerder en/of offisier in bevel van die navigasiewag moet met die loods nou saamwerk en 'n akkurate kontrolering van die skip se posisie en beweging handhaaf.
- (b) Indien die offisier in bevel van die navigasiewag enigsins twyfel aan die loods se optrede of bedoeling, moet hy of sy duidelikheid van die loods probeer kry en as twyfel steeds bestaan, die gesagvoerder onmiddellik in kennis stel en doen wat ook al nodig is voordat die gesagvoerder opdaag.

(6) *Skip voor anker*

Indien die gesagvoerder dit nodig ag, moet 'n deurlopende navigasiewag voor anker gehandhaaf word. Terwyl die skip voor anker lê, moet die offisier in bevel van die navigasiewag –

- (a) die skip se posisie so gou moontlik op die toepaslike seekaart vasstel en uitstip;
- (b) wanneer omstandighede dit toelaat, met klein genoeg tussenpose nagaan of die skip veilig voor anker lê deur vaste navigasiemerke of geredelik identifiseerbare voorwerpe aan land te peil;
- (c) toesien dat 'n behoorlike uitkykwag gehandhaaf word;
- (d) toesien dat inspeksierondes van die skip van tyd tot tyd gedoen word;
- (e) meteorologiese en getytoestande en die toestand van die see waarneem;
- (f) die gesagvoerder in kennis stel en alle nodige maatreëls tref indien die skip sy anker sleep;
- (g) seker maak dat die toestand van gereedheid van die hoofenjins en ander masjinerie ooreenkomstig die gesagvoerder se opdragte is;
- (h) die gesagvoerder in kennis stel indien sig verswak;
- (i) seker maak dat die skip die toepaslike ligte en figure vertoon en dat gepaste klankseine ooreenkomstig alle toepaslike regulasies gemaak word;
- (j) maatreëls tref om die omgewing teen besoedeling deur die skip te beskerm en aan toepaslike besoedelingsregulasies voldoen.

Afdeling 3 Beginsels waarby gehou moet word by ingenieurswaghouding

1 Algemeen

- (1) Soos dit in hierdie aanhangsel gebruik word, beteken die uitdrukking *ingenieurswag* óf 'n persoon of groep personeel wat die wag vorm, óf 'n tydperk van verantwoordelikheid vir 'n offisier waartydens die fisieke teenwoordigheid van daardie offisier in masjinerieruimtes vereis kan word of nie.
- (2) Die offisier in bevel van die ingenieurswag is die hoofingenieuroffisier se verteenwoordiger en is te alle tye primêr verantwoordelik vir die veilige en doeltreffende bediening en instandhouding van masjinerie wat die skip se veiligheid raak, asook vir die inspeksie, werking en toetsing, waar nodig, van al die masjinerie en toerusting onder die verantwoordelikheid van die ingenieurswag.

2 Wagreëlings

- (1) Die samestelling van die ingenieurswag moet te alle tye voldoende wees om die veilige bedryf te verseker van alle masjinerie wat die bedryf van die skip raak, hetsy in outomatiese of handbedieningswyse, en moet geskik wees vir die heersende omstandighede en toestande.
- (2) Wanneer daar besluit word oor die samestelling van die ingenieurswag, wat toepaslik gekwalifiseerde seelui kan insluit, moet onder andere die volgende kriteria in aanmerking geneem word:
 - (a) Die tipe skip en die tipe en toestand van die masjinerie;
 - (b) toereikende toesig, te alle tye, oor masjinerie wat die veilige bediening van die skip raak;
 - (c) enige spesiale werkwyses genoodsaak deur toestande soos die weer, ys, besoedelde water, vlak water, noodtoestande, skadebeperking of besoedelingsvermindering;
 - (d) die kwalifikasies en ervaring van die ingenieurswag;

- (e) die veiligheid van lewens, skip, vrag en hawe, en die beskerming van die omgewing;
- (f) die nakoming van internasionale en nasionale regulasies; en
- (g) die handhawing van normale skeepswerkzaamhede.

3 Oorneem van die wag

- (1) Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet die wag nie aan die aflosoffisier oordra indien hy of sy enige rede het om te glo dat laasgenoemde klaarblyklik nie daartoe in staat is om die waghoupligte doeltreffend te verrig nie, in welke geval die hoofingenieur-offisier ingelig moet word.
- (2) Die aflosoffisier van die ingenieurswag moet seker maak dat die lede van die aflosoffisier waghoupligte klaarblyklik ten volle daartoe in staat is om hulle pligte doeltreffend uit te voer.
- (3) Voordat hulle die ingenieurswag oorneem, moet aflosoffisiere hulle van ten minste die volgende vergewis:
 - (a) Die staande bevele en spesiale opdragte van die hoofingenieur-offisier betreffende die bediening van die skip se stelsels en masjinerie;
 - (b) die aard van alle werk wat aan masjinerie en stelsels gedoen word, die personeel betrokke daarby en potensiële gevare;
 - (c) die vlak en, waar van toepassing, die toestand van water of residu's in kimme, ballastenks, sloptenks, reserwetenks, varswaterenks en riooltenks, en enige spesiale vereistes vir die gebruik of wegdoening van die inhoud daarvan;
 - (d) die toestand en vlak van brandstof in die reserwetenks, besinktenks, dagtenks en ander brandstofbergingsfasiliteite;
 - (e) enige spesiale vereistes aangaande die wegdoening uit sanitêre stelsels;
 - (f) die toestand en bedieningswyse van die verskillende hoof- en hulpstelsels, insluitende die stelsel vir verspreiding van elektriese krag;
 - (g) waar toepaslik, die toestand van moniterings- en beheerkonsoletoerusting, en watter toerusting met die hand bedien word;
 - (h) waar toepaslik, die toestand en bedieningswyse van outomatiese ketelkontroles, soos vlambeskermingsbeheerstelsels, perkbeheerstelsels, ontbrandingsbeheerstelsels, brandstoftoevoerbeheerstelsels en ander toerusting wat met die bediening van stoomketels in verband staan;
 - (i) enige potensiële nadelige toestande as gevolg van gure weer, ys of besoedelde of vlak water;
 - (j) enige spesiale bedieningswyses wat deur weiering van toerusting of nadelige toestande op die skip bepaal word;
 - (k) die verslae van masjienkamerseelui aangaande hulle aangewese pligte;
 - (l) die beskikbaarheid van brandbestrydingstoestelle; en
 - (m) die volledigheid van die masjienkamerlogboek.

4 Uitvoer van die ingenieurswag

- (1) Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet seker maak dat die vasgestelde waghoureëlings gehandhaaf word en dat masjienkamerseelui, indien hulle deel van die ingenieurswag uitmaak, onder toesig help met die veilige en doeltreffende bediening van die aandrywingsmasjinerie en hulptoerusting.
- (2) Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet, ten spyte van die teenwoordigheid van die hoofingenieur-offisier in die masjinerieruimtes, steeds vir werkzaamhede in die masjinerieruimtes verantwoordelik bly, totdat hy of sy

uitdruklik meegedeel word dat die hoofingenieur-offisier daardie verantwoordelikheid oorgeneem het en dit oor en weer so verstaan word.

- (3) Alle lede van die ingenieurswag moet vertrouwd wees met hulle toegewese waghoupligte. Daarbenewens moet elke lid, betreffende die skip waarop hy of sy diens doen, kennis dra van –
 - (a) die gebruik van toepaslike interne kommunikasiestelsels;
 - (b) die ontsnaproetes vanaf masjinerieruimtes;
 - (c) die masjienkamer-alarmsstelsels, en moet hy of sy oor die vermoë beskik om tussen die verskillende alarms te onderskei, met besondere verwysing na die brandblusmedia-alarm;
 - (d) die getal, ligging en tipes brandbestrydingsuitrusting en skadebeheertoerusting in die masjinerieruimtes, en die gebruik daarvan en die verskillende veiligheidsvoorsorgmaatreëls wat nagekom moet word.
- (4) Enige masjinerie wat nie behoorlik funksioneer nie en waarvan daar verwag word dat dit onklaar sal raak of spesiale diens sal benodig, moet aangeteken word, tesame met enige stappe wat reeds gedoen is. Indien nodig, moet planne vir enige toekomstige stappe gemaak word.
- (5) Wanneer die masjinerieruimtes in die bemande toestand is, moet die offisier in bevel van die ingenieurswag te alle tye geredelik in staat wees om die aandrywingstoerusting te bedien in reaksie op behoeftes aan rigting- of snelheidsveranderings.
- (6) Wanneer die masjinerieruimtes in die periodieke onbemande toestand is, moet die aangewese diensoffisier in bevel van die ingenieurswag onmiddellik beskikbaar en diensgereed wees om aan die masjinerieruimtes aandag te skenk.
- (7) Alle brugbevele moet stiptelik uitgevoer word. Rigting- of snelheidsveranderings van die hoofaandrywingseenhede moet aangeteken word, behalwe waar die Owerheid bepaal het dat die grootte of eienskap van 'n bepaalde skip sodanige aantekening ondoenlik maak. Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet seker maak dat die hoofaandrywingseenhede se kontroles, wanneer dit in die handbedieningstoestand is, voortdurend in gereedheids- of maneuvreertoestande opgepas word.
- (8) Behoorlike aandag moet geskenk word aan die deurlopende instandhouding en ondersteuning van alle masjinerie, insluitende meganiese, elektriese, elektroniese, hidrouliese en druklugstelsels, hulle beheerapparaat en gepaardgaande veiligheidstoerusting, alle toerusting van akkommodasiediensstelsels, en die aantekening van voorrade en die gebruik van noodgerei.
- (9) Die hoofingenieur-offisier moet seker maak dat die offisier in bevel van die ingenieurswag ingelig is aangaande alle voorkomende instandhouding, skadebeheer of herstelwerk wat gedurende die ingenieurswag verrig moet word. Die offisier in bevel van die ingenieurswag is verantwoordelik vir die isolering, omleiding en aanpassing van alle masjinerie onder beheer van die ingenieurswag waaraan daar gewerk moet word, en moet alle werk wat gedoen word, aantekenen.
- (10) Wanneer die masjienkamer in 'n toestand van gereedheid gebring word, moet die offisier in bevel van die ingenieurswag seker maak dat alle masjinerie en toerusting wat tydens maneuvring gebruik kan word, in 'n toestand van onmiddellike gereedheid is en dat daar 'n toereikende kragreserwe beskikbaar is vir die stuurinrigting en ander behoeftes.

- (11) Offisiere in bevel van 'n ingenieurswag mag geen ander pligte opgedra word of onderneem wat op hulle toesighoudende pligte ten opsigte van die hoofaandrywingstelsel en sy bykomende toerusting inbreuk kan maak nie. Hulle moet die hoofaandrywingsaanleg en hulpstelsels onder konstante toesig hou totdat hulle behoorlik afgelos word, en moet van tyd tot tyd die masjinerie onder hulle beheer inspekteer. Hulle moet ook seker maak dat daar voldoende rondes van die masjinerie- en stuurinrigtingsruimtes gedoen word met die doel om foutwerking of weiering van toerusting waar te neem en te rapporteer, of roetineverstellings, vereiste instandhouding en ander nodige take uit te voer of te lei.
- (12) Offisiere in bevel van 'n ingenieurswag moet enige ander lid van die ingenieurswag opdrag gee om hulle in te lig oor potensieel gevaarlike toestande wat die masjinerie nadelig kan beïnvloed of wat die veiligheid van lewens of van die skip in gevaar kan stel.
- (13) Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet seker maak dat daar oor die masjinerieruimtes toesig gehou word, en moet reël vir vervangingspersoneel in die geval van die onvermoë van enige ingenieurswagpersoneel. Die ingenieurswag mag nie die masjinerieruimtes sonder toesig laat op 'n wyse wat die handbediening van die masjienkeraanleg of versnellers sal voorkom nie.
- (14) Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet die nodige stappe doen om skade as gevolg van weiering van toerusting, brand, oorstroming, oopskeuring, botsing, stranding of enige ander oorsaak in bedwang te hou.
- (15) Voordat die offisier in bevel van die ingenieurswag van diens gaan, moet hy of sy seker maak dat alle gebeure wat met die hoof- en hulpmasjinerie in verband staan en wat gedurende die ingenieurswag plaasgevind het, paslik aangeteken is.
- (16) Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet gedurende enige voorkomende instandhouding, skadebeheer of herstelwerk met enige ingenieur in beheer van instandhoudingswerk saamwerk. Dit moet die volgende insluit, maar word nie noodwendig hiertoe beperk nie:
- (a) die isolering en omleiding van masjinerie waaraan gewerk moet word;
 - (b) die aanpassing van die oorblywende installasie om gedurende die instandhoudingstydperk voldoende en veilig te funksioneer;
 - (c) die opteken, ter wille van aflosoffisiere en vir rekorddoeleindes, in die masjienkamerlogboek of enige ander geskikte dokument, van die toerusting waaraan gewerk is en die personeel wat betrokke was, en watter veiligheidstappe gedoen is en deur wie; en
 - (d) wanneer nodig, die toetsing en inwerkingstelling van die herstellende masjinerie of toerusting.
- (17) Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet seker maak dat enige masjienkamerseelui wat instandhoudingspligte verrig, beskikbaar is om in geval van die weiering van outomatiese toerusting met die handbediening van masjinerie te help.
- (18) Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet in gedagte hou dat snelheidsveranderings as gevolg van die onklaarraking van masjinerie of enige verlies aan stuurvermoë die veiligheid van die skip en van lewens ter see in gevaar kan stel. Die brug moet onmiddellik in kennis gestel word in die geval van brand, op hande synde optredes in masjinerieruimtes wat 'n afname in die skip se snelheid kan veroorsaak, dreigende onklaarraking van die stuur, afskakeling van die skip se aandrywingstelsel of enige wysiging in die opwekking van elektriese krag, of 'n

soortgelyke bedreiging vir veiligheid. Waar moontlik, moet sodanige kennisgewing geskied voordat die veranderings aangebring word, ten einde die brug die maksimum beskikbare tyd te gee om die stappe te doen wat ook al moontlik mag wees om 'n potensiële seevaartongeval te verhoed.

- (19) Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet die hoofingenieuroffisier sonder versuim in kennis stel –
- (a) wanneer enjinskade of 'n foutwerking voorkom wat sodanig is dat dit die veilige werking van die skip in gevaar kan stel;
 - (b) wanneer enige foutwerking voorkom wat vermoedelik skade aan of onklaarraking van aandrywingsmasjinerie, hulpmasjinerie of moniterings- en beheerstelsels kan veroorsaak; en
 - (c) in enige noodgeval of indien daar enige twyfel bestaan oor watter besluit geneem of stappe gedoen moet word.
- (20) Ten spyte van die vereiste om die hoofingenieuroffisier in bogemelde omstandighede in kennis te stel, moet die offisier in bevel van die ingenieurswag nie huiwer om, waar omstandighede dit vereis, onmiddellike stappe ter wille van die veiligheid van die skip, die masjinerie en die bemanning te doen nie.
- (21) Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet aan die waghoudingspersoneel alle toepaslike instruksies en inligting gee wat die hou van 'n veilige ingenieurswag sal verseker. Roetine-instandhouding van masjinerie wat gedoen word as take wat deel uitmaak van die hou van 'n veilige wag, moet opgestel word as 'n integrale deel van die waghouroutine. Gedetailleerde herstelwerk of instandhouding, wat herstelwerk aan elektriese, meganiese, hidrouliese, druklug- of toepaslike elektroniese toerusting oral in die skip behels, moet met die offisier in bevel van die ingenieurswag en die hoofingenieuroffisier se medewete gedoen word. Hierdie herstelwerk moet opgeteken word.

5 Ingenieurswaghouding in verskillende toestande en in verskillende gebiede

(1) *Beperkte sig*

Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet seker maak dat permanente lug- of stoomdruk vir klankseine beskikbaar is en dat opdragte van die brug aangaande verandering in snelheid of vaarrigting onmiddellik geïmplementeer word en ook dat hulpmasjinerie wat vir maneuvring gebruik word, gereedlik beskikbaar is.

(2) *Kus- en besige waters*

Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet seker maak dat alle masjinerie wat by die maneuvring van die skip betrokke is, onmiddellik in die handbedieningstoestand geplaas kan word wanneer hy of sy in kennis gestel word dat die skip in besige waters is. Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet ook seker maak dat 'n voldoende kragreserwe vir stuur- en ander maneuvreervereistes beskikbaar is. Noodstuur- en ander hulptoerusting moet gereed wees om onmiddellik gebruik te kan word.

(3) *Skip voor anker*

- (a) Op 'n onbeskutte ankerplek moet die hoofingenieuroffisier met die gesagvoerder oorleg pleeg oor of dieselfde ingenieurswag gehandhaaf moet word as wanneer die skip onderweg is.

- (b) Wanneer 'n skip voor anker lê in 'n oop rede of in enige ander toestand wat amper "ter see" is, moet die ingenieuroffisier in bevel van die ingenieurswag seker maak dat –
- (i) 'n doeltreffende ingenieurswag gehandhaaf word;
 - (ii) daar van tyd tot tyd inspeksie gedoen word van alle bedryfs- en bystandsmasjinerie;
 - (iii) hoof- en hulpmasjinerie op 'n gereedheidsgrondslag gehou word in ooreenstemming met opdragte vanaf die brug;
 - (iv) maatreëls getref word om die omgewing teen besoedeling deur die skip te beskerm, en dat daar aan toepaslike besoedelingsbeheerregulasies voldoen word; en
 - (v) alle skadebeheer- en brandbestrydingstelsels in gereedheid is.

Afdeling 4 Beginsels waarby gehou moet word by radiowaghouding

1 Algemeen

Gesagvoerders en radiowaghoupersoneel moet aan die volgende bepalings voldoen om te verseker dat 'n toereikende veiligheidsradiowag gehandhaaf word terwyl die skip op see is. Ter nakoming van hierdie aanhangsel moet daar ag geslaan word op regulasie 16 en die radioregulasies.

2 Waghoureëlins

Wanneer daar oor die reëlins vir die radiowag besluit word, moet die gesagvoerder van elke skip –

- (1) seker maak dat die radiowag gehandhaaf word ooreenkomstig die tersaaklike bepalings van die radioregulasies;
- (2) seker maak dat die primêre pligte vir radiowaghouding nie nadelig geraak word nie deur radioverkeer te hanteer wat nie met die beweging van die skip en navigasieveligheid in verband staan nie; en
- (3) die radiotoerusting wat aan boord geïnstalleer is en die bedryfstoestand daarvan in ag neem.

3 Uitvoer van die radiowag

- (1) Die radio-operateur wat radiowagpligte uitvoer, moet –
 - (a) seker maak dat die wag gehandhaaf word op die frekwensies wat in die radioregulasies vermeld word; en
 - (b) terwyl hy of sy diens doen, gereeld die werking van die radiotoerusting en die energiebronne daarvan nagaan en enige waargenome weiering van hierdie toerusting aan die gesagvoerder rapporteer.
- (2) Die vereistes van die radioregulasies rakende die byhou van 'n radiotelegraaf- of radiologboek, soos gepas, moet nagekom word.
- (3) Die byhou van radiorekords ter voldoening aan die vereistes van die radioregulasies is die verantwoordelikheid van die radio-operateur wat aangewys is as die een wat gedurende noodgevalle primêre verantwoordelikheid vir radiokommunikasie het. Die volgende moet aangeteken word, saam met die tye wanneer dit plaasvind:
 - (a) 'n Opsomming van nood-, spoed- en veiligheidsradiokommunikasie;
 - (b) belangrike insidente wat met die radiodiens verband hou;
 - (c) waar toepaslik, ten minste een keer per dag die posisie van die skip; en
 - (d) 'n opsomming van die toestand van die radiotoerusting, insluitende die energiebronne daarvan.

- (4) Die radiorekords moet by die noodkommunikasiebedieningspunt gehou word en moet beskikbaar wees vir insae deur die gesagvoerder, 'n opnemer of enige behoorlik gemagtigde beampte gedurende 'n hawestaatspeksie.

DEEL 4 Waghouding in hawe

Afdeling 1 Beginsels van toepassing op alle waghouding

1 Algemeen

Op 'n skip wat in normale omstandighede veilig in 'n hawe vasgemeer is of voor anker lê, moet die gesagvoerder reël dat 'n gepaste en doeltreffende wag vir veiligheidsdoeleindes gehandhaaf word. Spesiale vereistes kan nodig wees vir spesiale tipes skeepsaandrywingstelsels of aanvullende toerusting en vir skepe wat gevaarlike, giftige of hoogs ontvlabbare materiale of enige ander spesiale tipes vrag aan boord het.

2 Wagreëlins

- (1) Reëlins vir die hou van 'n dekwag wanneer die skip in 'n hawe is, moet te alle tye voldoende wees om –
- (a) die veiligheid van lewens, die skip, die hawe en die omgewing, en die veilige bediening van alle masjinerie in verband met vragoperasies te verseker;
 - (b) internasionale en nasionale regulasies na te kom; en
 - (c) orde en die normale roetine van die skip te handhaaf.
- (2) Die gesagvoerder moet oor die samestelling en duur van die dekwag besluit, afhange van die vasmeertoestande, tipe skip en aard van pligte.
- (3) Indien die gesagvoerder dit nodig ag, moet 'n gekwalifiseerde offisier in bevel wees van die dekwag.
- (4) Die nodige toerusting moet sodanig ingerig word dat dit doeltreffende waghouding moontlik maak.
- (5) Die hoofingenieuroffisier moet in oorleg met die gesagvoerder seker maak dat ingenieurswagreëlins voldoende is om 'n veilige ingenieurswag te handhaaf terwyl die skip in die hawe is. Wanneer daar besluit word oor die samestelling van die ingenieurswag, wat gepaste masjienkamerseelui kan insluit, moet onder andere die volgende punte in aanmerking geneem word:
- (a) Op alle skepe met 'n aandrywingskrag van 3 000 kW en meer moet daar altyd 'n offisier in bevel van die ingenieurswag wees;
 - (b) op skepe met 'n aandrywingskrag van minder as 3 000 kW hoef daar na goeddunke van die gesagvoerder en in oorleg met die hoofingenieuroffisier geen offisier in bevel van die ingenieurswag te wees nie; en
 - (c) wanneer offisiere in bevel van 'n ingenieurswag is, mag hulle geen plig opgedra word of onderneem wat op hulle toesighoudende plig betreffende die skip se masjineriestelsel inbreuk kan maak nie.

3 Oorneem van die wag

- (1) Offisiere in bevel van die dek- of ingenieurswag mag nie die wag aan die aflosoffisier oordra indien hulle enige gronde het om te glo dat laasgenoemde klaarblyklik nie daartoe in staat is om waghoupilte doeltreffend te verrig nie, in welke geval die gesagvoerder of die hoofingenieur dienooreenkomstig ingelig moet word.

Aflosoffisiere van die dek- of ingenieurswag moet seker maak dat alle lede van hulle wag klaarblyklik ten volle daartoe in staat is om hulle pligte doeltreffend uit te voer.

- (2) Indien daar op die tydstip wanneer die dek- of ingenieurswag oorgedra moet word 'n belangrike werksaamheid uitgevoer word, moet dit deurgevoer word deur die offisier wat afgelos word, tensy die gesagvoerder of hoofingenieuroffisier anders gelas.

4 Oorneem van die dekwag

- (1) Voordat die aflosoffisier die dekwag oorneem, moet hy of sy deur die offisier in bevel van die dekwag ingelig word oor –
- (a) die diepte van die water by die vasmeerplek, die skip se diepgang, die vlak en tyd van hoog- en laagwater; die bevestiging van die meertuig, die rangskikking van ankers en die spanwydte van die ankerketting, en ander vasmeerkenmerke wat vir die veiligheid van die skip belangrik is; die toestand van hoofenjins en die beskikbaarheid daarvan vir gebruik in 'n noodgeval;
 - (b) alle werk wat aan boord van die skip gedoen moet word; die aard, hoeveelheid en verdeling van vrag wat ingeskeep word of oorbly, en enige residu wat aan boord oorbly nadat die skip se vrag ontskeep is;
 - (c) die vlak van water in kimme en ballastenks;
 - (d) die seine of ligte wat gegee of vertoon word;
 - (e) die getal bemanningslede wat aan boord moet wees en die teenwoordigheid van enige ander persone aan boord;
 - (f) die toestand van brandbestrydingstoestelle;
 - (g) enige spesiale haweregulasies;
 - (h) die gesagvoerder se staande en spesiale orders;
 - (i) die kommunikasiekanale wat tussen die skeeps- en landpersoneel, insluitende die hawe-owerheid, beskikbaar is indien 'n noodgeval sou ontstaan of bystand benodig sou word;
 - (j) enige ander omstandighede van belang vir die veiligheid van die skip, sy bemanning of vrag, of vir die beskerming van die omgewing teen besoedeling; en
 - (k) die prosedures om die bevoegde owerheid te verwittig van omgewingsbesoedeling wat uit skeepsaktiwiteite spruit.
- (2) Aflosoffisiere moet, voordat hulle bevel van die dekwag oorneem, verseker dat –
- (a) die bevestiging van die meertuig en ankertou voldoende is;
 - (b) die toepaslike seine of ligte behoorlik gegee of vertoon word;
 - (c) veiligheidsmaatreëls en brandbeskermingsregulasies nagekom word;
 - (d) hulle bewus is van die aard van enige gevaarlike vrag wat ingeskeep of ontskeep word en van die gepaste optrede in die geval van enige storting of brand;
 - (e) geen uitwendige toestande of omstandighede die skip in gevaar stel nie en die skip nie andere in gevaar stel nie; en
 - (f) hulle bewus is van enige inneem of uitstorting van ballas wat aan die gang is en, waar van toepassing, van die huidige toestand van teenoorhellingspompe en -stelsels.

5 Oorneem van die ingenieurswag

- (1) Voordat die aflosoffisier die ingenieurswag oorneem, moet hy of sy deur die offisier in bevel van die ingenieurswag ingelig word aangaande –

- (a) die staande orders van die dag, enige spesiale orders betreffende die skeepsbedrywigheede, instandhoudingsfunksies, herstelwerk aan die skip se masjinerie of kontroletoerusting;
 - (b) die aard van alle werk wat aan masjinerie en stelsels aan boord van die skip gedoen word, die personeel betrokke daarby en potensiële gevare;
 - (c) die vlak en toestand, waar toepaslik, van water of residu in kimme, ballastenks, sloptenks, riooltenks en reserwetenks, en spesiale vereistes vir die gebruik of wegdoening van die inhoud daarvan;
 - (d) enige spesiale vereistes aangaande die wegdoening uit sanitêre stelsels;
 - (e) die toestand en gereedheid van draagbare brandblusuitrusting en vaste brandblusinstallasies en brandopsporingstelsels;
 - (f) gemagtigde herstelpersoneel aan boord wat by ingenieurswerkzaamhede betrokke is en hulle werkplekke en herstelwerkzaamhede, ander gemagtigde persone wat aan boord is en die vereiste bemanning;
 - (g) enige haweregulasies betreffende skeepsafvalwater, brandbestrydingsvereistes en gereedheid van die skip, veral gedurende potensieel gure weersomstandighede;
 - (h) die kommunikasiekanale wat tussen die skeeps- en landpersoneel, insluitende die hawe-owerheid, beskikbaar is indien 'n noodgeval sou ontstaan of bystand benodig sou word;
 - (i) enige ander omstandighede wat belangrik is vir die veiligheid van die skip, sy bemanning of frag, of vir die beskerming van die omgewing teen besoedeling; en
 - (j) die prosedures om die bevoegde owerheid te verwittig van omgewingsbesoedeling wat uit ingenieursaktiwiteite spruit.
- (2) Aflosoffisiere moet, voordat hulle bevel van die ingenieurswag oorneem, hulle daarvan vergewis dat hulle ten volle soos hierbo geskets ingelig is deur die offisier wat afgelos word, en moet –
- (a) met bestaande en potensiële krag-, verhitings- en verligtingsbronne en die verspreiding daarvan vertrouwd wees;
 - (b) weet wat die beskikbaarheid en stand van die skip se brandstof, smeermiddels en alle watervoorrade is; en
 - (c) gereed wees om die skip en sy masjinerie so ver moontlik voor te berei vir bystands- of noodtoestande soos dit nodig mag wees.

6 Uitvoer van dekwag

Die offisier in bevel van die dekwag moet –

- (1) met gepaste tussenpose rondes doen om die skip te inspekteer;
- (2) in die besonder oplet na –
 - (a) die toestand en bevestiging van die loopplank, ankerketting en meertuig, veral wanneer die gety draai en in vasmeerplekke met 'n groot wisseling in waterhoogte, en moet, indien nodig, maatreëls tref om te verseker dat hulle in normale werkende toestand is;
 - (b) die diepgang, ruimte onder die kiel en algemene toestand van die skip ten einde gevaarlike oorhelling of fragverdeling gedurende vraghantering of die inneem van ballas te voorkom;
 - (c) die weer en die toestand van die see;
 - (d) die nakoming van alle regulasies betreffende veiligheid en brandbeskerming;
 - (e) die watervlak in kimme en tenks;
 - (f) alle persone aan boord en waar hulle hulle bevind, veral diegene in afgesonderde of omslote ruimtes; en
 - (g) die vertoning en gee, waar toepaslik, van ligte en seine;

- (3) in gure weer, of wanneer 'n stormwaarskuwing ontvang word, die nodige maatreëls tref om die skip, persone aan boord en vrag te beskerm;
- (4) alle moontlike voorsorg tref om besoedeling van die omgewing deur die skip te voorkom;
- (5) in 'n noodgeval wat die veiligheid van die skip bedreig, alarm maak, die gesagvoerder in kennis stel, alle moontlike maatreëls tref om enige skade aan die skip, sy vrag en persone aan boord te voorkom en, indien nodig, die owerhede of naburige skepe om bystand vra;
- (6) van die skip se stabiliteitstoestand bewus wees, sodat, in die geval van brand, die brandbestrydingsowerheid aan land verwittig kan word van die geraamde hoeveelheid water wat aan boord gepomp kan word sonder om die skip in gevaar te stel;
- (7) bystand verleen aan skepe of persone in nood;
- (8) die nodige voorsorgmaatreëls tref om skade of ongelukke te voorkom wanneer skroewe gedraai gaan word; en
- (9) alle belangrike gebeurtenisse wat die skip raak, in die toepaslike logboek inskryf.

7 Uitvoer van ingenieurswag

- (1) Offisiere in bevel van die ingenieurswag moet besondere aandag skenk aan –
 - (a) die nakoming van alle orders, spesiale bedryfsprosedures en regulasies aangaande gevaarlike toestande en die voorkoming daarvan in alle gebiede onder hulle beheer;
 - (b) die instrumentasie en kontrolestelsels, monitering van alle kragtoevoere, komponente en stelsels in werking;
 - (c) die tegnieke, metodes en prosedures wat nodig is om oortreding van die besoedelingsregulasies van die plaaslike owerhede te voorkom; en
 - (d) die toestand van die kimme.
- (2) Offisiere in bevel van die ingenieurswag moet –
 - (a) in noodgevalle alarm maak wanneer die situasie dit na hulle mening vereis, en alle moontlike maatreëls tref om skade aan die skip, persone aan boord en vrag te voorkom;
 - (b) bewus wees van die dekkoffisier se behoeftes betreffende die toerusting wat by die in- of ontskeping van die vrag benodig word, en van die bykomende vereistes van die ballas- en ander kontrolestelsels betreffende die stabiliteit van die skip;
 - (c) gereeld inspeksierondes doen om moontlike foutwerking of weiering van toerusting te bepaal, en moet onmiddellik optree om die veiligheid van die skip, van vragwerkzaamhede, van die hawe en van die omgewing te verseker;
 - (d) seker maak dat die nodige voorsorgmaatreëls binne hulle verantwoordelike gebied getref word om ongelukke of skade aan die verskillende elektriese, elektroniese, hidrouliese, druklug- en meganiese stelsels van die skip te voorkom; en
 - (e) seker maak dat alle belangrike gebeurtenisse wat die werking, verstelling of herstel van die skip se masjinerie raak, bevredigend opgeteken word.

Afdeling 2 Waghouding in hawe op skepe wat gevaarlike vrag dra

1 Algemeen

- (1) Die gesagvoerder van elke skip wat gevaarlike vrag vervoer, hetsy dit plofbaar, ontvlambaar of giftig is, 'n gesondheidsgevaar inhou of die omgewing kan besoedel, moet verseker dat veilige wagreëlins gehandhaaf word. Op skepe wat gevaarlike

vrug in groot maat vervoer, word dit bewerkstellig deur die geredelike beskikbaarheid aan boord van 'n behoorlik gekwalifiseerde offisier of offisiere, en seelui waar toepaslik, selfs wanneer die skip veilig in 'n hawe vasgemeer is of voor anker lê.

- (2) Op skepe wat gevaarlike vrug anders as in groot maat vervoer, moet die gesagvoerder die aard, hoeveelheid, verpakking en stuwing van die gevaarlike vrug en enige spesiale toestande aan boord, op see en aan land ten volle in aanmerking neem.

2 Vragwaghouding

Offisiere met die verantwoordelikheid vir die beplanning en uitvoering van vragwerkzaamhede moet verseker dat sodanige werkzaamhede veilig gedoen word deur beheer oor die spesifieke risiko's, insluitende wanneer nieskeeps personeel betrokke is.

AANHANGSEL 2**WAGHOUBEGINSELS EN -REËLINGS VIR VISSERSVAARTUIE****Deel 1 Beplanning van seereis****1 Algemeen**

- (1) Die voorgenome seereis moet so ver moontlik vooraf beplan word, met inagneming van alle tersaaklike inligting, en enige koers waarop besluit word, moet nagegaan word voordat die seereis begin.
- (2) Die hoofingenieur-offisier moet die behoeftes betreffende die voorgenome seereis vooraf in oorleg met die gesagvoerder vasstel, met inagneming van die behoeftes aan brandstof, water, smeermiddels, chemikalieë, verbruikbare en ander onderdele, gereedskap en voorrade, en van enige ander vereistes.

Deel 2 Waghouding ter see**Afdeling 1 Beginsels van toepassing op waghouding in die algemeen****1 Algemeen**

- (1) Die volgende beginsels moet nagekom word om te verseker dat veilige wagbeurte te alle tye gehandhaaf word.
- (2) Die gesagvoerder van elke vissersvaartuig moet seker maak dat waghoureëlings voldoende is vir die handhawing van 'n veilige navigasiewag. Onder die gesagvoerder se algemene bevel is die offisiere van die navigasiewag verantwoordelik vir die veilige navigasie van die vaartuig gedurende hulle dienste, wanneer hulle veral daarop ingestel moet wees om botsing en stranding te voorkom.
- (3) Die hoofingenieur-offisier van elke vissersvaartuig moet in oorleg met die gesagvoerder verseker dat waghoureëlings voldoende is vir die handhawing van 'n veilige ingenieurswag.
- (4) Die waghoustelsel moet sodanig wees dat die doeltreffendheid van waghoupersoneel nie deur vermoedheid benadeel word nie. Pligte moet so georganiseer word dat die eerste wag met die aanvang van 'n seereis en die daaropvolgende afloswagte voldoende uitgerus en andersins geskik vir diens is.

2 Beskerming van mariene omgewing

Die gesagvoerder, offisiere en seelui moet bewus wees van die ernstige gevolge van operasionele of toevallige besoedeling van die mariene omgewing en moet alle moontlike voorsorgmaatreëls tref om sodanige besoedeling te voorkom, veral binne die raamwerk van tersaaklike internasionale en nasionale regulasies.

Beginsels waarby gehou moet word by navigasiewaghouding**1 Algemeen**

Die offisier in bevel van die navigasiewag is die gesagvoerder se verteenwoordiger en is te alle tye primêr verantwoordelik vir die veilige navigasie van die vaartuig en voldoening aan die regulasies in verband met botsings.

2 Onderweg na of van visvelde

(1) *Wagreëlings*

- (a) Die samestelling van die navigasiewag moet te alle tye toereikend en geskik wees vir die heersende omstandighede en toestande, en moet die behoefte aan die handhawing van 'n behoorlike uitkyk in aanmerking neem.
- (b) By die oorweging van die samestelling van die navigasiewag moet daar met onder andere die volgende faktore rekening gehou word:
 - (i) die stuurhuis mag nooit onbewaak gelaat word nie;
 - (ii) weerstoestande, sig en of daar daglig of duisternis is;
 - (iii) die nabyheid van navigasiegevaare wat dit vir die offisier in bevel van die navigasiewag nodig kan maak om bykomende navigasiepligte uit te voer;
 - (iv) die gebruik en bedryfstoestand van navigasiehulpmiddels soos radar of elektroniese posisiebepalingstoestelle en enige ander toerusting wat die veilige navigasie van die vaartuig raak;
 - (v) of die vaartuig met 'n outomatiese stuurstelsel toegerus is of nie;
 - (vi) enige ongewone eise aan die navigasiewag wat uit spesiale bedryfstoestande voortspruit.

(2) *Navigasie*

- (a) Gedurende die wag moet die koers waarin gestuur word, die posisie en die snelheid met kort genoeg tussenpose nagegaan word deur gebruik te maak van alle beskikbare navigasiehulpmiddels wat nodig is om te verseker dat die vaartuig die beplande koers volg.
- (b) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet volle kennis dra van die plasing en werking van alle veiligheids- en navigasietoerusting aan boord van die vaartuig, en moet bewus wees van en ag slaan op die bedryfsbeperkings van sodanige toerusting.
- (c) Die offisier in bevel van die navigasiewag mag geen ander pligte opgedra word of onderneem wat op die veilige navigasie van die vaartuig inbreuk kan maak nie.

(3) *Navigasietoerusting*

- (a) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet al die navigasietoerusting tot sy of haar beskikking op die doeltreffendste wyse aanwend.
- (b) Wanneer die offisier in bevel van die navigasiewag radar gebruik, moet hy of sy die noodsaaklikheid daarvan in gedagte hou om te alle tye te voldoen aan die bepalinge rakende die gebruik van radar wat vervat word in die regulasies in verband met botsings.
- (c) In noodgevalle moet die offisier in bevel van die navigasiewag nie huiwer om die roer, enjins en klank- en ligseinapparaat te gebruik nie.

(4) *Navigasiepligte en -verantwoordelikhede*

- (a) Die offisier in bevel van die navigasiewag –
- (i) moet in die stuurhuis waghou;
 - (ii) mag onder geen omstandighede die stuurhuis verlaat totdat hy of sy behoorlik afgelos is nie;
 - (iii) bly ondanks die teenwoordigheid van die gesagvoerder in die stuurhuis steeds vir die veilige navigasie van die vaartuig verantwoordelik totdat hy of sy uitdruklik meegedeel word dat die gesagvoerder daardie verantwoordelikheid oorgeneem het en dit oor en weer verstaan word; en
 - (iv) moet die gesagvoerder in kennis stel wanneer hy of sy twyfel oor watter stappe hy of sy in die belang van veiligheid moet doen; en
 - (v) mag nie die wag aan 'n aflosoffisier oordra indien hy of sy enige gronde het om te glo dat laasgenoemde klaarblyklik nie daartoe in staat is om waghouppligte doeltreffend te verrig nie, in welke geval die gesagvoerder ingelig moet word.
- (b) Wanneer die aflosoffisier die wag oorneem, moet hy of sy hom of haar van die vaartuig se geraamde of ware posisie vergewis en die vaartuig se beplande roete, koers en snelheid bevestig en kennis neem van enige navigasiegevaare wat na verwagting gedurende die wag teengekom kan word en enige verkeer in die onmiddellike nabyheid.
- (c) Waar dit doenlik is, moet 'n behoorlike rekord gedurende die wag gehou word van die maneuvers en werksaamhede wat met die navigasie van die vaartuig verband hou.

(5) *Uitkyk*

- (a) 'n Behoorlike uitkykwag moet gehandhaaf word ter voldoening aan reël 5 van die aanhangsel by die regulasies in verband met botsings en moet ten doel hê om –
- (i) 'n deurlopende toestand van waaksaamheid te handhaaf deur gesig en gehoor, asook deur alle ander beskikbare middels, met inagneming van enige beduidende verandering in die bedryfsomgewing;
 - (ii) die situasie en die gevaar van botsing, stranding en ander navigasiegevaare ten volle te takseer; en
 - (iii) skepe of lugvaartuie in nood, drenkelinge, wrakke, dryfgoed en ander gevare vir veilige navigasie te bespeur.
- (b) Wanneer daar bepaal word of die samestelling van die navigasiewag voldoende is om te verseker dat 'n behoorlike uitkykwag deurlopend gehandhaaf kan word, moet die gesagvoerder alle tersaaklike faktore in aanmerking neem, insluitende dié wat in item 5.1 van hierdie aanhangsel beskryf word, asook die volgende faktore:
- (i) sig, en weers- en seetoestand;
 - (ii) verkeersdigtheid en ander bedrywighede wat plaasvind in die gebied waarin die vaartuig vaar;
 - (iii) die aandag wat nodig is wanneer daar in of naby verkeersverdelingskemas vir skeepsverkeer gevaar word, of ten opsigte van ander roetebepalingsmaatreëls;
 - (iv) die bykomende werkklas wat veroorsaak word deur die vaartuig se werking, onmiddellike bedryfsvereistes en verwagte maneuvers;

- (v) roer- en skroefbeheer en eienskappe van die vaartuig se beweegbaarheid;
- (vi) die geskiktheid vir diens van enige bemanningslede op bystand wat as lede van die wag aangewys kan word;
- (vii) kennis van en vertrouwe in die professionele bekwaamheid van die vaartuig se offisiere en bemanning;
- (viii) die ondervinding van elke offisier van die navigasiewag, en die vertrouwdheid van daardie offisier met die vaartuig se toerusting, prosedures en maneuvreervermoë;
- (ix) werksaamhede wat op enige spesifieke tydstip aan boord van die vaartuig aan die gang is, en die beskikbaarheid van bystand wat onmiddellik na die stuurhuis ontbied kan word, indien nodig;
- (x) die bedryfstand van instrumentasie in die stuurhuis en kontrolestelsels, insluitende alarmstelsels;
- (xi) die grootte van die vaartuig en die gesigsveld beskikbaar vanaf die leiposisie;
- (xii) die vorm van die stuurhuis, in die mate dat sodanige vorm 'n lid van die wag kan verhinder om enige eksterne ontwikkeling deur sig of gehoor te bespeur; en
- (xiii) enige ander tersaaklike standaarde, prosedures of riglyne wat met wagreëlins en geskiktheid vir diens verband hou en wat in 'n marinekennisgewing gespesifiseer is.

(6) *Weerstoestande*

Die offisier in bevel van die navigasiewag moet tersaaklike stappe doen en die gesagvoerder in kennis stel wanneer ongunstige veranderinge in die weer die veiligheid van die vaartuig kan raak, insluitende toestande wat tot die aanpak van ys lei.

3 Navigasie met loods aan boord

Die teenwoordigheid van 'n loods aan boord onthef nie die gesagvoerder of offisier in bevel van die navigasiewag van hulle pligte en verpligtinge vir die veiligheid van die vaartuig nie. Die gesagvoerder en die loods moet inligting uitruil betreffende navigasieprosedures, plaaslike toestande en die vaartuig se eienskappe. Die gesagvoerder en die offisier in bevel van die navigasiewag moet met die loods nou saamwerk en 'n akkurate kontrolering van die vaartuig se posisie en beweging handhaaf.

4 Vaartuie betrokke by visvang of die soek na vis

- (1) Benewens die beginsels in item 5 van hierdie aanhangsel moet die volgende faktore in aanmerking geneem word en moet daar behoorlik daarvolgens opgetree word deur die offisier in bevel van die navigasiewag:
 - (a) ander vaartuie betrokke by visvang en hulle gerei, die eie vaartuig se maneuvreereienskappe, veral sy stopafstand en die diameter van die draaisirkel teen vaarspoed en met die visgerei oorboord;
 - (b) veiligheid van die bemanning op dek;
 - (c) nadelige gevolge vir die veiligheid van die vaartuig en sy bemanning deur vermindering van stabiliteit en vryboord as gevolg van uitsonderlike kragte voortspruitend uit visvangbedrywighede, vangshantering en -stuwing, en ongewone see- en weerstoestande;
 - (d) die nabyheid van strukture in die see, veral in verband met veiligheidsone;
 - (e) wrakke en ander onderwaterhindernisse wat gevaarlik kan wees vir visgerei.

- (2) Wanneer die vangs gestu word, moet aandag gegee word aan die noodsaaklike vereistes vir toereikende vryboord, toereikende stabiliteit en waterdigte integriteit te alle tye gedurende die seereis na die landingshawes, met inagneming van die verbruik van brandstof en voorrade, die risiko van ongunstige weerstoestande en, veral in die winter, die risiko van die aanpakking van ys op of bo blootgestelde dekke in gebiede waar ysaanpakking waarskynlik sal voorkom.

5 Vaartuig voor anker

Die gesagvoerder moet met die oog op die veiligheid van die vaartuig en die bemanning verseker dat 'n behoorlike wag te alle tye gehandhaaf word vanaf die stuurhuis of dek op vissersvaartuie voor anker.

6 Uitvoer van die navigasiewag

- (1) Die offisier in bevel van die navigasiewag –
- (a) moet op die brug waghou;
 - (b) mag onder geen omstandighede die brug verlaat totdat hy of sy behoorlik afgelos is nie;
 - (c) bly ondanks die teenwoordigheid van die gesagvoerder op die brug steeds vir die veilige navigasie van die vaartuig verantwoordelik totdat hy of sy uitdruklik meegedeel word dat die gesagvoerder daardie verantwoordelikheid oorgeneem het en dit oor en weer verstaan word; en
 - (d) moet die gesagvoerder in kennis stel wanneer hy of sy twyfel oor watter stappe hy of sy in die belang van veiligheid moet doen.]
- (2) Gedurende die wag moet die koers waarin gestuur word, die posisie en die snelheid met kort genoeg tussenpose nagegaan word deur gebruik te maak van alle beskikbare navigasihulpmiddels wat nodig is om te verseker dat die vaartuig die beplande koers volg.
- (3) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet volle kennis dra van die plasing en werking van alle veiligheids- en navigasietoerusting aan boord van die vaartuig, en moet bewus wees van en ag slaan op die bedryfsbeperkings van sodanige toerusting.
- (4) Die offisier in bevel van die navigasiewag mag geen ander pligte opgedra word of onderneem wat op die veilige navigasie van die vaartuig inbreuk kan maak nie.
- (5) Wanneer die offisier in bevel van die navigasiewag radar gebruik, moet hy of sy die noodsaaklikheid daarvan in gedagte hou om te alle tye te voldoen aan die bepalinge rakende die gebruik van radar wat vervat word in die regulasies in verband met botsings.
- (6) In noodgevalle moet die offisier in bevel van die navigasiewag nie huiwer om die roer, enjins en klankseinapparaat te gebruik nie. Waar moontlik, moet daar egter in ooreenstemming met die toepaslike prosedures betyds kennis gegee word van beoogde variasies van enjinsnelheid of doeltreffende gebruik gemaak word van OMR-enjinkontroles wat op die brug verskaf word.
- (7) Offisiere van die navigasiewag moet die hanteringseienskappe van hulle vaartuig ken, insluitende stopafstande, en moet in aanmerking neem dat ander skepe ander hanteringseienskappe kan hê.
- (8) 'n Behoorlike rekord moet gedurende die wag gehou word van die maneuvers en werksaamhede wat verband hou met die navigasie van die vaartuig.

- (9) Dit is van besondere belang dat die offisier in bevel van die navigasiewag te alle tye moet seker maak dat 'n behoorlike uitkykwag gehandhaaf word. Op 'n vaartuig met 'n aparte kaartkamer kan die offisier in bevel van die navigasiewag, wanneer dit noodsaaklik is, die kaartkamer vir 'n kort tydperk vir die nodige uitvoering van navigasiepligte besoek, maar hy of sy moet eers seker maak dat dit veilig is om dit te doen en dat 'n behoorlike uitkykwag gehandhaaf word.
- (10) Bedryfstoetse van skeepsboordnavigasietoerusting moet so dikwels moontlik en soos omstandighede dit toelaat, uitgevoer word, veral voordat gevaarlike toestande wat navigasie beïnvloed, verwag word. Wanneer dit ook al gepas is, moet hierdie toetse opgeteken word. Sodanige toetse moet ook uitgevoer word voor aankoms in en vertrek uit 'n hawe.
- (11) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet gereelde kontroles uitvoer om te verseker dat –
- (a) die stuurpersoon of die outomatiese loods die korrekte koers volg;
 - (b) die standaard- en tolkompasse gereeld vergelyk word en dat herhalers met hulle meesterkompas gesinchroniseer word;
 - (c) die outomatiese loods ten minste een keer elke wag per hand getoets word;
 - (d) die navigasie- en seinligte en ander navigasietoerusting behoorlik werk;
 - (e) die radiotoerusting wat in die brug beskikbaar is, behoorlik werk ooreenkomstig item 19 van hierdie aanhangsel; en
 - (f) die OMR-kontroles, -alarms en -aanwysers behoorlik werk.
- (12) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet in gedagte hou dat dit by 'n vaartuig wat outomaties gestuur word, hoogs gevaarlik is om toe te laat dat 'n situasie ontwikkel tot op die punt waar die offisier in bevel van die navigasiewag sonder bystand is en die kontinuïteit van die uitkykwag moet onderbreek ten einde noodstappe te doen.
- (13) Offisiere van die navigasiewag moet deeglik vertrou wees met die gebruik van alle elektroniese navigasihulpmiddels aan boord, insluitende die vermoëns en beperkinge daarvan, en moet elk van hierdie hulpmiddels wanneer toepaslik gebruik, en moet in gedagte hou dat die eggopeiler 'n waardevolle navigasihulpmiddel is.
- (14) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet die radar gebruik wanneer beperkte sig ondervind of verwag word, en te alle tye in besige waters, met behoorlike inagneming van die beperkinge daarvan.
- (15) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet verseker dat reikafstandskale wat gebruik word, dikwels genoeg vervang word sodat eggos so vroeg moontlik bespeur kan word. Daar moet in gedagte gehou word dat klein of swak eggos dalk nie bespeur kan word nie.
- (16) Wanneer radar in gebruik is, moet die offisier in bevel van die navigasiewag 'n gepaste reikafstandskaal selekteer en die radarvertoning noukeurig dop hou, en moet hy of sy verseker dat uitstippings- of sistematiese ontleding vroegtydig begin.
- (17) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet die gesagvoerder onmiddellik in kennis stel –
- (a) indien beperkte sig ondervind of verwag word;
 - (b) indien die verkeerstoestande of die maneuvres van ander skepe kommer wek;
 - (c) indien daar gesukkel word om die koers te handhaaf;

- (d) indien land of 'n navigasiemerk nie gesien kan word nie of dieptepeilings nie teen die verwagte tyd verkry kan word nie;
 - (e) indien daar onverwags land of 'n navigasiemerk gesien word of 'n verandering in dieptepeiling voorkom;
 - (f) indien die enjins, afstandbeheer vir die aandrywingsmasjinerie, stuurinrigting of enige noodsaaklike navigasietoerusting, alarm of aanwyser onklaar raak;
 - (g) indien daar foutwerking van die radiotoerusting is;
 - (h) indien daar in swaar weer enige twyfel bestaan oor die moontlikheid van skade deur die weer;
 - (i) indien die vaartuig enige navigasiegevaar teenkom, soos ys of 'n verlate skip; en
 - (j) in enige ander noodgeval of indien daar enige twyfel bestaan.
- (18) Ondanks die vereiste om die gesagvoerder in voormelde omstandighede onmiddellik in kennis te stel, moet die offisier in bevel van die navigasiewag nie huiwer om, waar omstandighede dit vereis, onmiddellik stappe ter wille van die veiligheid van die vaartuig te doen nie.
- (19) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet aan wagpersoneel alle toepaslike instruksies en inligting gee wat sal verseker dat hulle 'n veilige wag, insluitende 'n behoorlike uitkykwag, handhaaf.

7 Waghou in verskillende toestande en in verskillende gebiede

(1) *Helder weer*

- (a) Die offisier in bevel van die navigasiewag moet gereelde en akkurate kompaslesings van naderende skepe neem ten einde vroegtydig enige risiko van botsing te bespeur, en moet in gedagte hou dat sodanige risiko soms kan bestaan selfs waar 'n merkbare verandering in rigting sigbaar is, veral wanneer 'n baie groot skip of 'n skip op sleeptou genader word of wanneer 'n skip op kort afstand genader word. Die offisier moet ook vroegtydig positiewe stappe doen ooreenkomstig die toepaslike regulasies in verband met botsings en moet vervolgens nagaan dat sodanige stappe die verlangde uitwerking het.
- (b) In helder weer moet die offisier in bevel van die navigasiewag, wanneer ook al moontlik, radaroefeninge uitvoer.

() *Beperkte sig?*

() *Gedurende ure van duisternis?*

() *Kus- en besige water?*

(2) *Vaartuig voor anker*

Indien die gesagvoerder dit nodig ag, moet 'n deurlopende navigasiewag voor anker gehandhaaf word. Terwyl die vaartuig voor anker lê, moet die offisier in bevel van die navigasiewag –

- (a) die vaartuig se posisie so gou doenlik op die toepaslike seekaart vasstel en uitstip;

- (b) wanneer omstandighede dit toelaat, met klein genoeg tussenpose nagaan of die vaartuig veilig voor anker lê deur vaste navigasiemerke of geredelik identifiseerbare voorwerpe aan land te peil;
- (c) toesien dat 'n behoorlike uitkykwag gehandhaaf word;
- (d) toesien dat inspeksierondes van die vaartuig van tyd tot tyd gedoen word;
- (e) meteorologiese en getytoestande en die toestand van die see waarneem;
- (f) die gesagvoerder in kennis stel en alle nodige maatreëls tref indien die vaartuig sy anker sleep;
- (g) seker maak dat die toestand van gereedheid van die hoofenjins en ander masjinerie ooreenkomstig die gesagvoerder se opdragte is;
- (h) die gesagvoerder in kennis stel indien sig verswak;
- (i) seker maak dat die vaartuig die toepaslike ligte en figure vertoon en dat gepaste klankseine ooreenkomstig alle toepaslike regulasies gemaak word;
- (j) maatreëls tref om die omgewing teen besoedeling deur die vaartuig te beskerm en aan toepaslike besoedelingsregulasies voldoen.

Beginsels waarby gehou moet word by ingenieurswaghouding

1 Algemeen

- (1) Soos dit in hierdie aanhangsel gebruik word, beteken die uitdrukking *ingenieurswag* óf 'n persoon of groep personeel wat die wag vorm, óf 'n tydperk van verantwoordelikheid vir 'n offisier waartydens die fisieke teenwoordigheid van daardie offisier in masjinerieruimtes vereis kan word of nie.
- (2) Die offisier in bevel van die ingenieurswag is die hoofingenieuroffisier se verteenwoordiger en is te alle tye primêr verantwoordelik vir die veilige en doeltreffende bediening en instandhouding van masjinerie wat die vaartuig se veiligheid raak, asook vir die inspeksie, werking en toetsing, waar nodig, van al die masjinerie en toerusting onder die verantwoordelikheid van die ingenieurswag.

2 Wagreëlings

- (1) Die samestelling van die ingenieurswag moet te alle tye voldoende en geskik wees vir die heersende omstandighede en toestande en met inagneming van die behoefte om die veilige bedryf te verseker van alle masjinerie wat die bedryf van die vaartuig raak.
- (2) Wanneer daar oor die samestelling van die ingenieurswag besluit word, moet onder andere die volgende kriteria in aanmerking geneem word:
 - (a) Die tipe vaartuig en die tipe en toestand van die masjinerie;
 - (b) toereikende toesig, te alle tye, oor masjinerie wat die veilige bediening van die vaartuig raak;
 - (c) enige spesiale werkwyses genoodsaak deur toestande soos die weer, ys, besoedelde water, vlak water, noodtoestande, skadebeperking of besoedelingsvermindering;
 - (d) die kwalifikasies en ervaring van die ingenieurswag;
 - (e) die veiligheid van lewens, vaartuig, vrag en hawe, en die beskerming van die omgewing;
 - (f) die nakoming van internasionale en nasionale regulasies; en
 - (g) die handhawing van normale werksaamhede van die vaartuig.

3 Oorneem van die wag

- (1) Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet die wag nie aan die aflosoffisier oordra indien hy of sy enige rede het om te glo dat laasgenoemde klaarblyklik nie

daartoe in staat is om die waghoupligte doeltreffend te verrig nie, in welke geval die hoofingenieuroffisier ingelig moet word.

- (2) Die aflosoffisier van die ingenieurswag moet seker maak dat die lede van die aflosoffisierswag klaarblyklik ten volle daartoe in staat is om hulle pligte doeltreffend uit te voer.
- (3) Voordat hulle die ingenieurswag oorneem, moet aflosoffisiere hulle van ten minste die volgende vergewis:
 - (a) die staande bevele en spesiale opdragte van die hoofingenieuroffisier betreffende die bediening van die vaartuig se stelsels en masjinerie;
 - (b) die aard van alle werk wat aan masjinerie en stelsels gedoen word, die personeel betrokke daarby en potensiële gevare;
 - (c) die vlak en, waar van toepassing, die toestand van water of residu's in kimme, ballastenks, sloptenks, reserwetenks, varswatertenks en riooltenks, en enige spesiale vereistes vir die gebruik of wegdoening van die inhoud daarvan;
 - (d) die toestand en vlak van brandstof in die reserwetenks, besinktenks, dagtenks en ander brandstofbergingsfasiliteite;
 - (e) enige spesiale vereistes aangaande die wegdoening uit sanitêre stelsels;
 - (f) die toestand en bedieningswyse van die verskillende hoof- en hulpstelsels, insluitende die stelsel vir verspreiding van elektriese krag;
 - (g) waar toepaslik, die toestand van moniterings- en beheerkonsoletoerusting, en watter toerusting met die hand bedien word;
 - (h) waar toepaslik, die toestand en bedieningswyse van outomatiese ketelkontroles, soos vlambeskerdingsbeheerstelsels, perkbeheerstelsels, ontbrandingsbeheerstelsels, brandstoftoevoerbeheerstelsels en ander toerusting wat met die bediening van stoomketels in verband staan;
 - (i) enige potensiële nadelige toestande as gevolg van gure weer, ys of besoedelde of vlak water;
 - (j) enige spesiale bedieningswyses wat deur weiering van toerusting of nadelige toestande op die vaartuig bepaal word;
 - (k) die beskikbaarheid van brandbestrydingstoestelle; en
 - (l) die volledigheid van die masjienkamerlogboek.

4 Uitvoer van die ingenieurswag

- (1) Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet seker maak dat die vasgestelde wagreëlings gehandhaaf word en dat ander personeel, indien hulle deel van die ingenieurswag uitmaak, onder toesig help met die veilige en doeltreffende bediening van die vaartuig se aandrywingsmasjinerie en hulptoerusting.
- (2) Die offisier in bevel van die ingenieurswag bly, ten spyte van die teenwoordigheid van die hoofingenieuroffisier in masjinerieruimtes, steeds vir werksaamhede in die masjinerieruimtes verantwoordelik totdat hy of sy uitdruklik meegedeel word dat die hoofingenieuroffisier daardie verantwoordelikheid oorgeneem het en dit oor en weer so verstaan word.
- (3) Alle lede van die ingenieurswag moet vertrouwd wees met hulle toegewese wagpligte. Daarbenewens moet elke lid, betreffende die vaartuig waarop hy of sy diens doen, kennis dra van –
 - (a) die gebruik van toepaslike interne kommunikasiestelsels;
 - (b) die ontsnaproetes vanaf masjinerieruimtes;
 - (c) die masjienkamer-alarmstelsels, en moet hy of sy oor die vermoë beskik om tussen die verskillende alarms te onderskei, met besondere verwysing na die brandblusmedia-alarm;

- (d) die getal, ligging en tipes brandbestrydingsuitrusting en skadebeheertoerusting in die masjinerieruimtes, en die gebruik daarvan en die verskillende veiligheidsvoorsorgmaatreëls wat nagekom moet word.
- (4) Enige masjinerie wat nie behoorlik funksioneer nie en waarvan daar verwag word dat dit onklaar sal raak of spesiale diens sal benodig, moet aangeteken word, tesame met enige stappe wat reeds gedoen is. Indien nodig, moet planne vir enige toekomstige stappe gemaak word.
- (5) Wanneer die masjinerieruimtes in die bemande toestand is, moet die offisier in bevel van die ingenieurswag te alle tye geredelik in staat wees om die aandrywingstoerusting te bedien in reaksie op behoeftes aan rigting- of snelheidsveranderings.
- (6) Wanneer die masjinerieruimtes in die periodieke onbemande toestand is, moet die aangewese diensoffisier in bevel van die ingenieurswag onmiddellik beskikbaar en diensgereed wees om aan die masjinerieruimtes aandag te skenk.
- (7) Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet seker maak dat die hoofaandrywingseenhede se kontroles, wanneer dit in die handbedieningstoestand is, voortdurend in gereedheids- of maneuvreertoestande opgepas word.
- (8) Wanneer die masjienkamer in 'n toestand van gereedheid gebring word, moet die offisier in bevel van die ingenieurswag seker maak dat alle masjinerie en toerusting wat tydens maneuvring gebruik kan word, in 'n toestand van onmiddellike gereedheid is en dat daar 'n toereikende kragreserwe beskikbaar is vir die stuurinrigting en ander behoeftes.
- (9) Offisiere in bevel van 'n ingenieurswag moet enige ander lid van die ingenieurswag opdrag gee om hulle in te lig oor potensieel gevaarlike toestande wat die masjinerie nadelig kan beïnvloed of wat die veiligheid van lewens of van die vaartuig in gevaar kan stel.
- (10) Voordat die offisier in bevel van die ingenieurswag van diens gaan, moet hy of sy seker maak dat alle gebeure wat met die hoof- en hulpmasjinerie in verband staan en wat gedurende die ingenieurswag plaasgevind het, paslik aangeteken is.
- (11) Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet in gedagte hou dat snelheidsveranderings as gevolg van die onklaarraking van masjinerie of enige verlies aan stuurvermoë die veiligheid van die vaartuig en van lewens ter see in gevaar kan stel. Die brug moet onmiddellik in kennis gestel word in die geval van brand, op hande synde optredes in masjinerieruimtes wat 'n afname in die vaartuig se snelheid kan veroorsaak, dreigende onklaarraking van die stuur, afskakeling van die vaartuig se aandrywingstelsel of enige wysiging in die opwekking van elektriese krag, of 'n soortgelyke bedreiging vir veiligheid. Waar moontlik, moet sodanige kennisgewing geskied voordat die veranderings aangebring word, ten einde die brug die maksimum beskikbare tyd te gee om die stappe te doen wat ook al moontlik mag wees om 'n potensiele seevaartongeval te verhoed.
- (12) Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet die hoofingenieuroffisier sonder versuim in kennis stel –
- (a) wanneer enjinskade of 'n foutwerking voorkom wat sodanig is dat dit die veilige werking van die vaartuig in gevaar kan stel;

- (b) wanneer enige foutwerking voorkom wat vermoedelik skade aan of onklaarraking van aandrywingsmasjinerie, hulpmasjinerie of moniterings- en beheerstelsels kan veroorsaak; en
 - (c) in enige noodgeval of indien daar enige twyfel bestaan oor watter besluit geneem of stappe gedoen moet word.
- (13) Ten spyte van die vereiste om die hoofingenieuroffisier in bogemelde omstandighede in kennis te stel, moet die offisier in bevel van die ingenieurswag nie huiwer om, waar omstandighede dit vereis, onmiddellike stappe ter wille van die veiligheid van die vaartuig, die masjinerie en die bemanning te doen nie.

5 Beperkte sig

Die offisier in bevel van die ingenieurswag moet seker maak dat permanente lug- of stoomdruk vir klankseine beskikbaar is en dat opdragte van die brug aangaande verandering in snelheid of vaarrigting onmiddellik geïmplementeer word en ook dat hulpmasjinerie wat vir manewrering gebruik word, geredelik beskikbaar is.

6 Vaartuig voor anker

- (1) Op 'n onbeskutte ankerplek moet die hoofingenieuroffisier met die gesagvoerder oorleg pleeg oor of dieselfde ingenieurswag gehandhaaf moet word as wanneer die vaartuig onderweg is.
- (2) Wanneer 'n vaartuig voor anker lê in 'n oop rede of in enige ander toestand wat amper "ter see" is, moet die ingenieuroffisier in bevel van die ingenieurswag seker maak dat –
 - (a) 'n doeltreffende ingenieurswag gehandhaaf word;
 - (b) daar van tyd tot tyd inspeksie gedoen word van alle bedryfs- en bystandsmasjinerie;
 - (c) hoof- en hulpmasjinerie op 'n gereedheidsgrondslag gehou word in ooreenstemming met opdragte vanaf die brug;
 - (d) maatreëls getref word om die omgewing teen besoedeling deur die vaartuig te beskerm, en dat daar aan toepaslike besoedelingsbeheerregulasies voldoen word; en
 - (e) alle skadebeheer- en brandbestrydingstelsels in gereedheid is.

Afdeling 4 Beginsels waarby gehou moet word by radiowaghouding

1 Algemeen

Die gesagvoerder moet verseker dat 'n toereikende radiowag, op gepaste frekwensies, gehandhaaf word terwyl die vaartuig ter see is, met inagneming van die vereistes van die radioregulasies.

IMPORTANT

Reminder

from Government Printing Works

Dear Valued Customers,

As part of our preparation for eGazette Go Live on 9 March 2015, we will be suspending the following existing email addresses and fax numbers from **Friday, 6 February**.

Discontinued Email addresses	Discontinued Fax numbers
GovGazette&LiquorLicense@gpw.gov.za	+27 12 334 5842
Estates@gpw.gov.za	+27 12 334 5840
LegalGazette@gpw.gov.za	+27 12 334 5819
ProvincialGazetteGauteng@gpw.gov.za	+27 12 334 5841
ProvincialGazetteECLPMPNW@gpw.gov.za	+27 12 334 5839
ProvincialGazetteNCKZN@gpw.gov.za	+27 12 334 5837
TenderBulletin@gpw.gov.za	+27 12 334 5830

To submit your notice request, please send your email (with Adobe notice form and proof of payment to submit.egazette@gpw.gov.za or fax +27 12-748 6030.

Notice requests not received in this mailbox, will **NOT** be processed.

Please **DO NOT** submit notice requests directly to your contact person's private email address at GPW – Notice requests received in this manner will also **NOT** be processed.

GPW does not accept responsibility for notice requests submitted through the discontinued channels as well as for the quality and accuracy of information, or incorrectly captured information and will not amend information supplied.

Thank you!

For any queries, please contact the eGazette Contact Centre.



info.egazette@gpw.gov.za (only for queries).

Notice requests received in this mailbox will **NOT** be processed.



012-748 6200



eGazette



Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
 Publications: Tel: (012) 748 6052, 748 6053, 748 6058
 Advertisements: Tel: (012) 748 6205, 748 6208, 748 6209, 748 6210, 748 6211
 Subscriptions: Tel: (012) 748 6054, 748 6055, 748 6057